

**DIE BELANG VAN BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE VIR
BOEDELBEPLANNING**

Skripsie aangebied deur **Willem Johannes Scholtz Maritz** ter gedeeltelike
nakoming van die vereistes vir die verwerwing van die graad

MAGISTER LEGUM

met Boedelreg as hoofstudierigting

aan die

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS**

ná voltooiing van 'n voorgeskrewe studieprogram oor twee akademiese jare
en die suksesvolle aflegging van gevorderde eksamens in

**HUWELIKSGOEDEREREG
BELASTINGREG
BOEDELBEPLANNING
ERFREG
SAKEREG**

STUDIELEIER: PROF C RAUTENBACH

NOVEMBER 2003

INHOUDSOPGAWE**BLADSY****SUMMARY**

1. INLEIDING	1 - 3
2. WAT IS "BOEDELBEPLANNING"?	3 - 9
3. WAT IS "BTW"?	9 - 16
4. DIE EENMANSAAK	16 - 17
5. AFSTERWE VAN 'N AANDEELHOUER OF LID VAN 'N BTW-ONDERNEMER	17 - 20
6. AFSTERWE VAN DIE EIENAAR VAN 'N BTW-ONDERNEMING WAT NIE 'N BTW-ONDERNEMER IS NIE	20 - 24
7. AFSTERWE VAN 'N BTW-ONDERNEMER	24 - 27
8. TYDSTIP VAN DEREGISTRASIE AS BTW-ONDERNEMER	27 - 30
9. DIE UITEINDE VAN ONDERNEMINGSBATES Ná DIE AFSTERWE VAN 'N BOEDELEIENAAR	30 - 33
10. DIE WAARDE VAN BELASBARE LEWERINGS	33 - 34
11. VERBONDE PERSONE	34 - 38
12. BTW EN DIE VERKOOP OF VERERWING VAN 'N BTW-ONDERNEMING AS 'N LOPENDE SAAK	39 - 44
13. KLASSIFIKASIE VAN BATES	45 - 46
14. BTW EN DIE VERKOPING VAN ONDERNEMINGSBATES	46 - 52
15. BTW EN DIE SKENKING OF VERERWING VAN ONDERNEMINGSBATES	52 - 59
16. BTW EN GEMEENSKAPLIKE BOEDELS	59 - 62
17. BTW EN BOEDELSAMESMELTING	62 - 67
18. BTW EN ERFOPVOLGING VIR DIE BOER	67 - 75
19. BTW EN EKSEKUTEURSFOOIE	75 - 77
20. VOORSIENING VIR DIE BESTORWE BOEDEL SE BTW-AANSPREEKLIKHEID	77 - 80
21. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING	80 - 85
BIBLIOGRAFIE	86 - 99

SUMMARY

THE IMPORTANCE OF VALUE-ADDED TAX FOR ESTATE PLANNING

In the context of estate planning value-added tax (VAT) is particularly of importance to the estate owner who either in his personal capacity is registered as a VAT vendor or who, although not a VAT vendor, conducts an enterprise in his personal capacity and in the course whereof he makes vatiable supplies. In firstmentioned instance the estate owner's deceased estate will upon his demise be a VAT vendor whilst in lastmentioned instance the likelihood exists that the deceased estate will be a VAT vendor.

If the deceased estate is a VAT vendor the executor in his capacity as representative VAT vendor will have to account for output tax on the supply of all those assets that were either wholly or partially used in the course or furtherance of the enterprise in respect of which the deceased made vatiable supplies. The supply of enterprise assets to purchasers, heirs or legatees constitutes the continuation of the enterprise.

In certain instances the deceased estate will have to account for output tax at the standard rate on the open market value of the supply of an asset used in the course of the enterprise, however, the output tax will not be carried by the direct recipient of the asset but in fact by the deceased estate. The deceased estate will upon paying the output tax from its resources be legally unable to recover same from the recipient of the supply. In the case of bequests it is, however, possible through the use of a bequest price to either wholly or in part shift the carrying of the output tax from the deceased estate to the heir or legatee.

In certain instances the liability upon the deceased estate to pay output tax in respect of enterprise assets supplied to purchasers, heirs or legatees could put a strain upon the deceased estate's cash resources. It might result in other estate assets having to be sold. When this happens the estate planner's carefully laid plans to provide for his dependants and to ensure a smooth administration of his deceased estate could be jeopardized. It requires a careful factual analysis to determine whether a deceased estate would carry output tax liability in respect of the supply of estate assets.

VAT does not, however, affect those assets in the deceased estate that were not used in the course or furtherance of the deceased's VAT enterprise.

In the context of estate planning VAT is of no significance to the estate owner who does not in his personal capacity conduct an enterprise which makes vatiable supplies.

1. INLEIDING

Daar word soms na belasting op toegevoegde waarde¹ verwys as die "Aspoestertjie² van belastings" omdat dit dikwels deur besluitnemers oor die hoof gesien word.³ In die konteks van boedelbeplanning is een só 'n besluitnemer die persoon wat onder meer 'n onderneming vir eie rekening bedryf en in die loop of ter bevordering van sodanige onderneming lewerings⁴ maak wat ingevolge die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde⁵ aan belasting onderhewig is. Die vraag is enersyds watter uitvloeisels die BTW-aanspreeklikheid⁶ van sodanige persoon tydens die inwerkingstelling van 'n boedelplan gedurende sy lewe kan hê en andersyds hoe die BTW-aanspreeklikheid van sodanige persoon⁷ se bestorwe boedel die inwerkingstelling van 'n boedelplan ná sy afsterwe kan raak.

Die afsterwe van 'n individu het sekere belastingimplikasies, byvoorbeeld normale belasting op die bestorwe⁸ boedel en boedelbelasting⁹ wat gehef kan word. Een van die aspekte wat maklik agterweë kan bly in die beplanning van 'n bestorwe boedel is die kwessie van hoeveel aan uitset-BTW¹⁰ deur die bestorwe boedel op die verkoping en/of vererwing van

¹ Voortaan na verwys as BTW.

² Verstoteling.

³ Kruger *Finansies en Tegniek* 26.

⁴ Bv alle kossoorte, liggaamlike roerende goed, grond en verbeterings op grond, professionele dienste en kommersiële dienste.

⁵ 89 van 1991. Voortaan na verwys as die BTW-wet. Alle verwysings na wetgewing in hierdie skripsie verwys na hierdie wet, tensy anders aangedui.

⁶ Die begrip "BTW-aanspreeklikheid" verwys enersyds na die verpligting om BTW te hef (vorder) en andersyds na die verpligting om dit daarna aan die belastinggaarder oor te betaal.

⁷ Voortaan na verwys òf as boedeleienaar òf as BTW-ondernemer òf as boedeleienaar wat 'n BTW-onderneming bedryf maar nie 'n BTW-ondernemer is nie.

⁸ Ook afgestorwe genoem.

⁹ 'n Belasting wat slegs op 'n bestorwe boedel gehef word indien die netto waarde daarvan R1,5 miljoen oorskry.

¹⁰ Ook uitsetbelasting genoem. Dit verwys na die BTW wat deur 'n BTW-ondernemer gehef word op goedere en dienste wat hy lewer ter bedryf van sy onderneming. Dit

bates in die ondernemingsgedeelte van die bestorwe boedel gedra sal moet word.¹¹ 'n Nadoodse boedelplan wat versigtig deurdink is, sal die impak van uitset-BTW op die waarde van die bestorwe boedel verminder. Dit is immers elke boedeleienaar se goeie reg om sy bestorwe boedel só te beplan dat die uitset-BTW wat by sy afsterwe verantwoord moet word die minimum kontanteise aan sy bestorwe boedel stel.¹² Sy erfgename sal baie dankbaar wees indien hy dit wel doen.

Net soos wat boedelbelasting nie 'n medewerkende krag is tydens boedelbeplanning vir 'n boedeleienaar met bruto bates ter waarde van R50 000 nie, is BTW nie 'n medewerkende krag tydens boedelbeplanning vir 'n boedeleienaar wat nie 'n besigheidsonderneming vir eie rekening bedryf nie.¹³ BTW is slegs 'n medewerkende krag tydens boedelbeplanning vir die boedeleienaar wat 'n besigheidsonderneming vir eie rekening bedryf en in die loop of ter bevordering van sodanige onderneming lewerings¹⁴ maak wat ingevolge die BTW-wet aan BTW onderhewig is, ongeag of hy in sy spesifieke omstandighede wetlik verplig is om die belasting te vorder of nie.¹⁵ Gevolglik word enersyds met die woorde "Die belang van BTW vir boedelbeplanning" bedoel hoe, waar en wanneer het BTW 'n invloed op boedelbeplanning vir die persoon wat 'n onderneming vir eie rekening bedryf en in die loop of ter bevordering van sodanige onderneming lewerings maak wat ingevolge die BTW-wet aan BTW onderhewig is.

Anders as wat die term blyk voor te gee, behels boedelbeplanning nie bloot die **saamstel** van 'n boedelplan nie. Dit behels ook die **inwerkingstelling**

word onderskei van inset-BTW, wat verwys na die BTW wat 'n BTW-ondernemer betaal op goedere en dienste wat hy aanwend ten einde sy onderneming te bedryf.

¹¹ Van Gijsen 15 Julie 2001 *Sake Rapport* 23; Gous 30 Mei 1999 *Sake Rapport* 6.

¹² Cloete *Jou Geldsake* 5; Greenan *Geld* 54.

¹³ Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-6.

¹⁴ Sien vn 4.

¹⁵ Hy sal nie wetlik verplig wees om BTW te vorder nie indien die geheel van die waarde van die lewerings wat hy gemaak het gedurende die voorgeskrewe tydperk nie die voorgeskrewe minimum bedrag oorskry nie; Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-6.

van 'n boedelplan - nie net vóór nie maar ook ná die boedeleienaar se afsterwe. Gevolglik word andersyds met die woorde "Die belang van BTW vir boedelbeplanning" bedoel hoe, waar en wanneer BTW as sodanig, sowel as voorskrifte ingevolge die BTW-wet, tydens die voordoodse en nadoodse inwerkingstelling van boedelplanne relevant is.

In hierdie skripsie sal die betekenis van begrippe wat ter sake by boedelbeplanning en BTW (in die konteks van boedelbeplanning) is, uiteengesit word. Daar sal verduidelik word wat BTW behels en hoe dit in die praktyk aanwending vind by ondernemings. Daar sal aangetoon word wat die BTW-implikasies tydens die beredderingsproses is van die aanwending van verskillende ondernemingsvorme om 'n onderneming mee te bedryf. Die regsimplikasies, gesien vanuit 'n BTW-oogpunt, van die afsterwe van persone wat BTW-ondernemings bedryf, sal toegelig word. Die proses van deregistrasie as ondernemer tydens die beredderingsproses sal verduidelik word. Die uiteindes van BTW-ondernemingsbates ná die afsterwe van verskillende ondernemers en die BTW-gevolge daarvan in die spesifieke omstandighede sal breedvoerig bespreek word. In dié verband sal onder meer aangetoon word welke rol BTW by die boedelbeplanningsproses kan speel asook welke invloed BTW kan hê op die werktuie wat die boedeleienaar kan aanwend ten einde voorafbepaalde boedelbeplanningsdoelwitte te bereik. Die studie sal afgesluit word met 'n verwysing na maniere hoe die boedeleienaar voorsiening vir sy bestorwe boedel se aanspreeklikheid vir uitset-BTW kan maak.

2. WAT IS "BOEDELBEPLANNING"?

Soos reeds aangedui, is die oogmerk van hierdie studie om die belang van BTW vir boedelbeplanning te ondersoek. Dit is gevolglik nodig om eerstens ondersoek na die begrip "boedelbeplanning" en verwante begrippe in te stel.

Die begrip "boedel" verwys na 'n geheel van stoflike besittings¹⁶ en geldelike verpligtinge.¹⁷ Die begrip "boedeleienaar" verwys na 'n persoon met stoflike besittings en geldelike verpligtinge, dit wil sê 'n persoon met 'n boedel. Die begrip "lewende boedel" verwys na 'n boedel waarvan die eienaar lewe. Die begrip "bestorwe boedel" verwys na 'n boedel waarvan die eienaar oorlede is.

Die begrip "beplanning" verwys na voorafbesinning gevolg deur die optrek van 'n plan,¹⁸ die uitvoering waarvan daarop gemik is om voorafbepaalde doelwitte te bereik.¹⁹ Die begrip "boedelbeplanning" verwys na die optrek van planne deur 'n boedeleienaar ten opsigte van elk van sy lewende en sy bestorwe boedel. As sodanig behels boedelbeplanning gevolglik vóórdoodse en ná-doodse beplanning.²⁰ Terwyl die plan ten opsigte van die lewende boedel tydens die boedeleienaar se lewe ten uitvoer gebring word, word die plan ten opsigte van die bestorwe boedel ná die boedeleienaar se afsterwe ten uitvoer gebring.²¹ Sodoende oorbrug boedelbeplanning die gaping tussen waar die boedeleienaar nou is, ten opsigte van sy lewende en sy bestorwe boedel, en waar hy verkieslik wil wees.²² Die wisselwerking tussen voordoodse en nadoodse beplanning moenie uit die oog verloor word nie. Bobbert skryf in dié verband, "Enige beplanning wat vóórdoods geskied het, kan deur ná-doodse stappe ongedaan gemaak word."²³

Die boedeleienaar word normaalweg deur sekere bewuswordings genoop om oorweging aan die beplanning van sy lewende en/of sy bestorwe boedel te skenk. Wanneer hierdie bewuswordings tot die daarstelling van doelwitte

¹⁶ Werklike en geagte bates.

¹⁷ Cameron en Heystek *Retirement* 175; Naudé 17 Junie 2001 *Sake Rapport* 19; Bobbert 1976 *TRW* 10.

¹⁸ Abrie, Graham en Liebenberg *Boedelbeplanning* 3; Bobbert 1976 *TRW* 11.

¹⁹ Abrie, Graham en Van der Linde *Boedelbeplanning* 5.

²⁰ Bobbert 1976 *TRW* 15 - 16.

²¹ Die eksekuteur is by uitstek gemoeid met die uitvoering van die plan ten opsigte van die bestorwe boedel.

²² Bobbert 1976 *TRW* 9.

²³ 1976 *TRW* 22.

lei, het boedelbeplanning vir praktiese doeleindes 'n aanvang geneem. Hierna word die werktuie²⁴ wat aangewend gaan word ten einde die doelwitte te bereik, bepaal. Ná aanwending van die werktuie ooreenkomstig 'n tydrooster om die doelwitte te bereik, word die volvoerde plan gereeld hersien²⁵ en indien nodig herontwerp.²⁶ Boedelbeplanning is dus nie 'n eenmalige prosedure nie, maar 'n voortdurende proses.²⁷ Boedelbeplanning impliseer pro-aktief wees.²⁸

Van die **bewuswordings** wat 'n boedeleienaar mag noop om oorweging aan die beplanning van sy **lewende boedel** te skenk, is:

- die verganklikheid van sy lewe;
- die ongeordenheid van sy lewende boedel;
- dat sy afhanklikes²⁹ nie genoegsaam versorgd en beskerm sal wees indien hy sou sterf nie;
- dat sy bates nie beskerming teen skuldeisers geniet nie;
- dat daar oponthoude met die bereddering van sy bestorwe boedel sal wees;
- dat familietwiste met betrekking tot bates in sy bestorwe boedel stellig ná sy dood sal ontstaan;
- dat van sy besigheidsondernemings, ná sy dood, binne die familie voortgesit sal moet word en
- dat belasting en inflasie 'n wegvretende effek op die bates in sy lewende boedel het.

²⁴ Ook genoem hulpmiddels of instrumente.

²⁵ De Villiers 1981 *MB* 49.

²⁶ Bobbert 1976 *TRW* 17.

²⁷ Bruwer *Jou Geldsake* 4.

²⁸ Cameron en Heystek *Retirement* 176.

²⁹ Afhanklikes is gewoonlik persone soos minderjarige kinders, 'n huweliksmaat, 'n gestremde familielid, 'n verswakte bejaarde ouer of 'n ander persoon wat staatmaak op die finansiële ondersteuning van die boedeleienaar. 'n Afhanklike is dus iemand wat wettiglik aanspraak kan maak op onderhoud of iemand wat inderdaad afhanklik was van die oorledene.

Soortgelyke **bewuswordings** wat 'n boedeleienaar kan noop om oorweging aan die beplanning van sy **bestorwe boedel** te skenk, is:

- die verganklikheid van sy lewe;
- dat sy afhanklikes nie genoegsaam versorgd en beskermd ná sy dood sal wees nie;
- dat daar oponthoude met die bereddering van sy bestorwe boedel sal wees;
- dat familietwiste met betrekking tot bates in sy bestorwe boedel stellig ná sy dood sal ontstaan;
- dat van sy besigheidsondernemings, ná sy dood, binne die familie voortgesit sal moet word;
- die potensieel negatiewe uitwerking van belasting op die grootte van sy vererfbare boedel en
- dat sy boedel of 'n deel daarvan ná sy dood in ongewenste hande mag beland.

Van die **doelwitte** wat die boedeleienaar deur middel van beplanning met betrekking tot sy **lewende boedel** poog om te bereik, is:³⁰

- om belastingaanspreeklikheid tot die minimum te beperk vir homself en sy afhanklikes;³¹
- om voorsiening te maak vir die fondse wat benodig sal word om die bestorwe boedel se uiteindelijke belastingverpligtinge na te kom;³²
- om sy lewende boedel te orden;
- om afhanklikes behoorlik te versorg;
- om deurlopendheid³³ te verseker vir sy besigheidsondernemings;

³⁰ Scott *Boedels* 2 - 10; Abrie, Graham en Liebenberg *Boedelbeplanning* 58 - 61; Laubscher 6 September 1999 *Sake Rapport* 5; De Villiers 1981 *MB* 42.

³¹ Deur middel van effektiewe belastingstrukturering.

³² Anderson, Dodd en Roos *Guide* 180; Holtzhausen 31 Januarie 1999 *Sake Rapport* 4.

- beskerming teen insolvensie en
- om die uiteindelijke erfopvolgingsproses so glad as moontlik te laat verloop.

Soortgelyke **doelwitte** wat die boedeleienaar deur middel van beplanning met betrekking tot sy **bestorwe boedel** poog om te bereik, is:³⁴

- om belastingaanspreeklikheid tot die minimum te beperk vir sy bestorwe boedel en sy erfopvolgers³⁵;
- om fondse daar te stel om die bestorwe boedel se belastingverpligtinge na te kom;
- om die beredderingsproses so glad as moontlik te laat verloop;³⁶
- om likiditeit³⁷ te verseker ten einde skulde en administrasiekoste³⁸ te delg;³⁹
- om deurlopendheid te verseker ten opsigte van sy besigheidsondernemings;⁴⁰
- om afhanklikes behoorlik versorgd na te laat;⁴¹
- om boedelbates te beskerm teen erfopvolgers wat nie met geld kan werk nie;⁴²
- om die uiteindelijke erfopvolgingsproses so glad as moontlik te laat verloop.⁴³

³³ Kontinuiteit of onafgebrokenheid.

³⁴ Abrie, Graham en Liebenberg *Boedelbeplanning* 62 - 66; Holtzhausen 31 Januarie 1999 *Sake Rapport* 4; De Villiers 1981 *MB* 42.

³⁵ Erfgename en legatarisse.

³⁶ Cameron *et al Personal Finance* 120; Huxham en Haupt *Notes* 373.

³⁷ Beskikbaarheid van kontant; Pelser 11 April 1999 *Sake Rapport* 4.

³⁸ Dit sluit eksekuteursvergoeding, oordragkoste van vaste eiendom, waardasiekoste, erfbelasting, bankkoste, meestersfooie, BTW ens in.

³⁹ Boedellaste vererf nie; Davey *Handbook* 11.

⁴⁰ Tensy daar 'n plaasvervanger is wat onmiddelik kan oorneem, is 'n boedeleienaar se ondernemings geneig om tot stilstand te kom ná sy afsterwe.

⁴¹ Cameron *et al Personal Finance* 120.

⁴² Cameron *et al Personal Finance* 120; Abrie, Graham en Liebenberg *Boedelbeplanning* 37.

Van die **werktuie** wat die boedeleienaar kan aanwend ten einde sy doelwitte met die beplanning van sy **lewende boedel** te bereik, is:⁴⁴

- skenkings;⁴⁵
- maatskappye;⁴⁶
- beslote korporasies;⁴⁷
- vennootskappe;⁴⁸
- mede-aandeelhouersooreenkomste;
- *inter vivos* trusts;⁴⁹
- beleggings;
- verkoop van bates;
- lewende annuïteite.⁵⁰

Van die **werktuie** wat die boedeleienaar kan aanwend ten einde sy doelwitte met die beplanning van sy **bestorwe boedel** te bereik, is:⁵¹

- 'n testament;⁵²
- boedelsamesmelting;

⁴³ Abrie, Graham en Van der Spuy *Boedels* (4de uitg.) 9; Cameron *et al Personal Finance* 120.

⁴⁴ De Villiers 1981 *MB* 45; Bobbert 1976 *TRW* 20 - 21

⁴⁵ Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 9-4, 9-7; *Davey Handbook* 25.

⁴⁶ 'n Korporatiewe entiteit wat namens homself kan optree met aandeelhouers wat aandele in die maatskappy besit.

⁴⁷ 'n Korporatiewe entiteit wat in sy eie naam kan optree en wat tot 10 lede kan hê wat elk 'n ledebelang in die korporasie het.

⁴⁸ 'n Vennootskap is 'n organisasie (of vereniging) van tot 20 persone wat elk op 'n manier 'n bydrae lewer om 'n gemeenskaplike besigheid te bedryf; Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 9-14.

⁴⁹ 'n Lewende trust, d i 'n trust wat deur 'n boedeleienaar gedurende sy leeftyd tot stand gebring is; *Davey Handbook* 41 - 43.

⁵⁰ 'n Lewensannuïteit verwys na die pensioen wat jy moet aankoop met die opbrengs van jou uittree-annuïteit; *Davey Handbook* 36.

⁵¹ De Villiers 1981 *MB* 45; Bobbert 1976 *TRW* 20 - 21.

⁵² 'n Regsdokument waarin jy uiteensit hoe jy wil hê met jou bates en sake gehandel word ná jou dood; Dit word ook beskryf as die handleiding vir die uitvoering van die laaste wense van die oorledene; Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 9-10; Greenan *Geld* 54; Botha *Geld* 22.

- *mortis causa trusts*;⁵³
- lewensversekering;
- beperkte belange soos vruggebruik⁵⁴, blote eiendomsreg⁵⁵, *usus*⁵⁶, *fideicommissum*⁵⁷, *habitatio*⁵⁸ en weidingsreg;⁵⁹
- bemakingspryse.⁶⁰

Die bogenoemde lys van **bewuswordings**, **doelwitte** en **werktuie** is nie volledig nie en moet aangepas word ooreenkomstig die persoonlike omstandighede van die boedeleienaar. Dit dien bloot as voorbeeld van onder andere waar oral die boedeleienaar tydens boedelbeplanning die trefwydte van BTW moet ondersoek.

3. WAT IS "BTW"?

Naas "belang" en "boedelbeplanning" is "BTW" die ander begrip in die titel van hierdie studie wat toeligting verdien.

BTW is 'n belasting wat gehef word op sekere goedere en dienste en teen die waarde van sodanige goedere en dienste bereken word.⁶¹ Dit word ingevorder deur geregistreerde ondernemers⁶² namens die belastinggaarder op die waarde deur hulle toegevoeg in die bedryf van hulle

⁵³ 'n Testamentêre trust, d i 'n trust wat in 'n testament geskep word; Davey *Handbook* 33; Abrie, Graham en Liebenberg *Boedelbeplanning* 38 - 39.

⁵⁴ Die reg om die "vrugte" te "gebruik" van 'n bate wat aan 'n ander behoort.

⁵⁵ Die eienaarskap van 'n bate minus die vruggebruik.

⁵⁶ Gebruiksreg oor grond.

⁵⁷ Dit is wanneer iemand 'n bate uit 'n boedel erf onderworpe daaraan dat dit na sy afsterwe of die verloop van 'n sekere tyd na 'n ander, voorafbepaalde persoon, moet oorgaan. Vry vertaal beteken dit eintlik om in pag te hou vir die nageslag; De Waal en Schoeman-Malan *Inleiding* 139; Van der Merwe *Praktyk* 235.

⁵⁸ Bewoningsreg, d i die reg van vrye bewoning van 'n ander se huis.

⁵⁹ Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 12-2 - 12-15; Abrie, Graham en Liebenberg *Boedelbeplanning* 26 -27.

⁶⁰ Geld wat 'n erfopvolger moet betaal voordat hy 'n legaat of erflating kan ontvang. Ook genoem 'n bemaakson; Viljoen *Geld* 35; Abrie *et al Bestorwe Boedels* 167.

⁶¹ Art 7; Scott *Boedels* 53; Kourie *Finansies en Tegniek* 29; *Metcash Trading Ltd v C: SARS and Another* 63 SATC 13 22H.

⁶² In hierdie skripsie BTW-ondernemers genoem.

ondernemings.⁶³ Die grondslag waarop BTW werk, is dat die regstreekse ontvanger van die goed of diens die BTW moet dra, ongeag of hy dit later na 'n ander party kan skuif of nie.⁶⁴

'n Persoon is ingevolge die BTW-wet verplig om by die belastinggaarder aansoek te doen om as ondernemer vir BTW-doeleindes geregistreer te word indien hy 'n onderneming bedryf en die totale waarde van die belasbare lewerings wat hy vir 'n twaalf maande tydperk in die loop of ter bevordering van die onderneming maak, R300 000⁶⁵ oorskry of waarskynlik sal oorskry.⁶⁶ Dit staan bekend as verpligte registrasie.⁶⁷ 'n Ondernemer⁶⁸ vir BTW-doeleindes is gevolglik enige persoon wat ingevolge die BTW-wet geregistreer is as sulks of moet wees.⁶⁹ Indien 'n persoon twee⁷⁰ ondernemings bedryf en hy geheel en al verskillende belasbare lewerings in die loop of ter bevordering van elk maak, word die totale waarde van die belasbare lewerings⁷¹ ten opsigte van elke onderneming saamgevoeg ten einde te bepaal of die registrasiedrempel oorskry word.⁷² Die BTW wat gehef word op belasbare lewerings word buite rekening gelaat wanneer bepaal word of die registrasiedrempel oorskry word.⁷³

Die omskrywing van die term "persoon" in die BTW-wet sluit onder meer 'n natuurlike persoon, 'n maatskappy, 'n beslote korporasie, 'n vennootskap, 'n

⁶³ Davis 1991 *Annual Survey* 567; Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-3; *Metcash Trading Ltd v C: SARS and Another* 63 SATC 13 23E-G; Botes 1998 *De Rebus* 57.

⁶⁴ Du Toit *Finansies en Tegniek* 29; Lester *Finansies en Tegniek* 20; Roodt *Ins Times and Inv* 23; Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-3; *Metcash Trading Ltd v C: SARS and Another* 63 SATC 13 23 B-D.

⁶⁵ Voortaan na verwys as die registrasiedrempel.

⁶⁶ Art 23(1); Stein 1992 *B Law* 131; Kruger en Scholtz *Pay less Tax* 152; Scott *Boedels* 4; SARS *VAT 404 Gids* 7; Kourie *Finansies en Tegniek* 29.

⁶⁷ Brettenny en Strauss *Studentegids* 9; De Koker en Kruger *VAT* 12-1.

⁶⁸ Voortaan na verwys as BTW-ondernemer.

⁶⁹ Woordomskrywing van "ondernemer" in art 1; Brettenny en Strauss *Studentegids* 14; Botes 1998 *De Rebus* 57.

⁷⁰ Of meer.

⁷¹ Goedere en dienste waarop BTW gehef word.

⁷² Brettenny en Strauss *Studentegids* 9; Kruger en Scholtz *Pay less Tax* 157.

⁷³ Art 23(6); Stein 1992 *B Law* 133; sien par 10 t o v die begrip "waarde".

trust en 'n bestorwe boedel in.⁷⁴ Dit is die persoon wat 'n onderneming bedryf, en nie die onderneming nie, wat as ondernemer vir BTW-doeleindes geregistreer word.⁷⁵

Dit is in die belastinggaarder se diskresie om 'n persoon se registrasie as BTW-ondernemer tot 'n bepaalde datum terug te dateer.⁷⁶

Die BTW-wet omskryf 'n "onderneming" as 'n aktiwiteit of bedrywigheid wat voortdurend of gereeld deur 'n persoon beoefen word en in die loop of ter bevordering waarvan belasbare lewerings teen vergoeding gemaak word.⁷⁷ Dit is opmerklik dat geen melding van die registrasiedrempel in die omskrywing van "onderneming" gemaak word nie. Die term "onderneming" sluit uitdruklik die maak van vrygestelde lewerings⁷⁸ uit.⁷⁹

'n Boedeleienaar kan in sy hoedanigheid as natuurlike persoon 'n bepaalde aktiwiteit of bedrywigheid voortdurend of gereeld beoefen en in die loop of ter bevordering daarvan vrygestelde lewerings teen vergoeding maak. Die lewering van huisvesting aan 'n natuurlike persoon in 'n woning ingevolge 'n ooreenkoms vir die huur en verhuring van die huisvesting is byvoorbeeld van BTW vrygestel.⁸⁰ Dit beteken dat die eienaar van 'n woonstelgebou wat woonstelle aan slegs natuurlike persone verhuur vir bewoningsdoeleindes 'n onderneming bedryf wat slegs vrygestelde lewerings maak. Die feit dat daar ondernemings is wat uitsluitlik vrygestelde lewerings maak, bring mee

⁷⁴ Woordomskrywing van "persoon" in art 1; Brettenny en Strauss *Studentegids* 14; SARS VAT 404 *Gids* 7.

⁷⁵ Woordomskrywing van "ondernemer" in art 1.

⁷⁶ Art 23(4); SARS *BTW-Praktyknota* 14 par 2.2(b); Stein 1992 *B Law* 133.

⁷⁷ Woordomskrywing van "onderneming" in art 1; Meyerowitz 1991 *Taxpayer* 144.

⁷⁸ Goedere en dienste waarop BTW nie gehef word nie. Die teendeel hiervan is belasbare lewerings.

⁷⁹ Voorbehoud (v) by die woordomskrywing van "onderneming" in art 1; art 12 bevat 'n volledige lys van vrygestelde lewerings; Arthur en Erasmus *Guideline* 3; Stein 1992 *B Law* 133; Brettenny en Strauss *Studentegids* 55; SARS VAT 404 *Gids* 25; Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-3.

⁸⁰ Art 12(c).

dat nie elke onderneming wat deur 'n BTW-ondernemer bedryf word noodwendig 'n "onderneming" soos omskryf in die BTW-wet is nie.⁸¹ Die term "BTW-onderneming" (in plaas van bloot "onderneming" soos gebruik word in die BTW-wet) sal derhalwe in hierdie studie gebruik word om te verwys na 'n aktiwiteit of bedrywigheid wat voortdurend of gereeld deur 'n persoon beoefen word en in die loop of ter bevordering waarvan belasbare lewerings teen vergoeding gemaak word.

Die feit dat 'n boedeleienaar 'n BTW-onderneming bedryf, impliseer nie dat hy 'n BTW-ondernemer is nie. Dit sal byvoorbeeld die geval wees as die boedeleienaar nie op vrywillige grondslag as BTW-ondernemer geregistreer is nie en hy ook nie verplig is om aansoek om registrasie te doen nie omrede die totale waarde van die belasbare lewerings wat hy vir 'n twaalf maande tydperk maak nie die registrasiedrempel oorskry of waarskynlik sal oorskry nie. As 'n persoon 'n BTW-ondernemer is, bedryf hy noodwendig 'n BTW-onderneming.⁸²

'n "Belasbare lewering" is die lewering van goed of 'n diens wat ingevolge die BTW-wet aan belasting onderhewig is.⁸³ Nie alle lewerings wat 'n BTW-ondernemer maak, is noodwendig belasbare lewerings nie. Tensy dit 'n vrygestelde lewering is, is slegs 'n lewering, wat deur die BTW-ondernemer gemaak word in die loop of ter bevordering van die BTW-onderneming wat hy bedryf, 'n belasbare lewering.⁸⁴ Lewerings gemaak deur 'n BTW-ondernemer wat nòg gemaak is in die loop of ter bevordering van sy BTW-onderneming nòg vrygestelde lewerings is, kan beskryf word as nie-belasbare lewerings. Die BTW-wet maak voorsiening vir belasbare lewerings teen 'n standaardkoers van veertien persent⁸⁵ en teen 'n

⁸¹ Stein 1992 *B Law* 131.

⁸² Du Plessis 1991 *Stell RT* 153; SARS VAT 404 *Gids* 7.

⁸³ Woordomskrywing van "belasbare lewering" in art 1; Stack, Cronje en Hamel *Belasting* 524; Arthur en Erasmus *Guideline* 9, 41.

⁸⁴ SARS VAT 404 *Gids* 23.

⁸⁵ Sedert 7 April 1993.

nulkoers.⁸⁶ Geen belasting word vanselfsprekend gehef op vrygestelde lewerings nie.⁸⁷

Ingevolge die BTW-wet behels "goed" liggaamlike roerende goed, vasgoed, enige saaklike reg in liggaamlike roerende goed en enige saaklike reg in vasgoed.⁸⁸ "Dienste" daarenteen behels alle transaksies wat nie die lewering van "goed" behels nie.⁸⁹

'n Verpligte aansoek om registrasie moet gedoen word aan die einde van die maand waarin die totale waarde van die belasbare lewerings deur 'n persoon (in die bedryf van 'n BTW-onderneming), gemaak vir die voorafgaande twaalf maande, die registrasiedrempel oorskry.⁹⁰ Dit moet ook gedoen word aan die begin van die maand indien dit vermoed word dat die totale waarde van belasbare lewerings vir die volgende twaalf maande die registrasiedrempel sal oorskry.⁹¹ Die registrasiedrempel is versamelend van toepassing op al die BTW-ondernemings wat 'n persoon bedryf.⁹² Die vraag of die totale waarde van belasbare lewerings vir die voorafgaande twaalf maande die registrasiedrempel oorskry, word die terugwerkende registrasie-toets genoem en die vraag ten opsigte van die volgende twaalf maande heet die vooruitwerkende registrasie-toets.⁹³

As 'n persoon se BTW-onderneming (of BTW-ondernemings versamelend) slegs ten opsigte van die registrasiedrempel nie voldoen aan die vereistes, wat hom verplig om aansoek te doen om registrasie as BTW-ondernemer

⁸⁶ Art 7; SARS VAT 404 Gids 23.

⁸⁷ Art 12; Brettenny en Strauss *Studentegids* 19, 89; Stein 1996 *Tax Planning* 31; Botes 1998 *De Rebus* 57.

⁸⁸ Woordoms krywing van "goed" in art 1; Stein 1992 *B Law* 229.

⁸⁹ Woordoms krywing van "dienste" in art 1; Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-3.

⁹⁰ Art 23(1)(a); Stack, Cronje en Hamel *Belasting* 530; Arthur en Erasmus *Guideline* 41.

⁹¹ Art 23(1)(b); Kruger en Scholtz *Pay less Tax* 152; Stack, Cronje en Hamel *Belasting* 530.

⁹² Brettenny en Strauss *Studentegids* 9; De Koker en Kruger VAT 3-6.

⁹³ SARS VAT 413 *Guide* 6; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19 - 14.

nie, mag hy nietemin vrywilliglik aansoek doen om registrasie indien die totale waarde van die belasbare lewerings wat hy in die loop of ter bevordering van sy BTW-onderneming(s) oor die voorafgaande twaalf maande gemaak het R20 000 oorskry.⁹⁴ Dit staan as vrywillige registrasie bekend.⁹⁵

'n BTW-ondernemer se pligte behels onder meer die voltooiing van BTW-opgawes ten opsigte van elke belastingtydperk, asook die indiening daarvan binne die voorgeskrewe tydperk en, indien betaalbaar,⁹⁶ die oorbetalings van die BTW aan die belastinggaarder.⁹⁷ Ten opsigte van elke belastingtydperk⁹⁸ is die BTW betaalbaar deur of terugbetaalbaar aan 'n BTW-ondernemer die verskil tussen die uitsetbelasting en die insetbelasting.⁹⁹ In die algemeen is uitsetbelasting dié BTW wat die BTW-ondernemer vorder op die belasbare lewerings deur hom gemaak in die loop of ter bevordering van sy BTW-onderneming.¹⁰⁰ Insetbelasting daarenteen is dié BTW wat van die BTW-ondernemer gevorder word op belasbare lewerings wat aan hom gemaak word en welke belasbare lewerings deur hom gebruik, verbruik of gelewer word in die loop of ter bevordering van sy BTW-onderneming.¹⁰¹

Die self-aangeslane BTW moet oorbetaal word op of vóór die aanspreeklikheidsdatum, naamlik die 25ste van die maand wat volg op die

⁹⁴ Art 23(3); Brettenny en Straus *Studentegids* 10; Kruger en Scholtz *Pay less Tax* 152; Scott *Boedels* 4; Davis 1991 *Annual Survey* 568.

⁹⁵ Stein 1992 *B Law* 134; Volschenk *Finansies en Tegniek* 47; Du Plessis 1991 *Stell RT* 160, 172.

⁹⁶ Wanneer die inset-BTW teen die uitset-BTW verreken word, mag dit tot gevolg hê dat BTW aan die BTW-ondernemer terugbetaalbaar is; Brettenny en Strauss *Studentegids* 6.

⁹⁷ SARS *VAT 404 Gids* 50; Arthur en Erasmus *Guideline* 51 - 53.

⁹⁸ Dié tydperke is tussen een en ses maande lank; art 27.

⁹⁹ *Metcash Trading Ltd v Commissioner, South African Revenue Service* 2001 (1) SA 1109 (KH) 1121.

¹⁰⁰ Sien ook vn 10.

¹⁰¹ Arthur en Erasmus *Guideline* 13; De Koker en Kruger *VAT* 3-8.

einde van die belastingtydperk.¹⁰² Die aanspreeklikheidsdatum word uitgestel na die laaste besigheidsdag van die maand indien betaling direk in die belastinggaarder se bankrekening gedoen word.¹⁰³

Bates van die BTW-ondernemer of sy bestorwe boedel, wat nie algeheel of gedeeltelik aangewend is om belasbare lewerings in die loop of ter bevordering van 'n BTW-onderneming te maak nie, sal nie deur BTW geraak word nie.¹⁰⁴ Sulke bates val dus buite die trefwydte van die BTW-wet. Na sulke bates sal hierna verwys word as nie-ondernemingsbates. Wanneer die term "ondernemingsbates" in hierdie studie gebruik word, sal dit verwys na bates wat algeheel of gedeeltelik aangewend is om belasbare lewerings te maak in die loop of ter bevordering van 'n BTW-onderneming.

Dit is 'n feitevraag of 'n bate ten tye van die boedeleienaar se afsterwe 'n ondernemingsbate was of nie. Vir doeleindes van sodanige vraag word geen onderskeid getref tussen bates wat kapitaal van aard is en bates wat inkomste van aard is nie.¹⁰⁵

Bogenoemde feite ter toeligting toon dat BTW, hoewel eenvoudig in beginsel, ingewikkeld kan wees sover dit die praktiese toepassing daarvan in sekere omstandighede betref. Die feit dat 'n bestorwe boedel 'n "persoon" vir doeleindes van die BTW-wet is, benadruk die noodsaaklikheid daarvan dat die BTW-aanspreeklikheid van bestorwe boedels nagespeur word wanneer boedelbeplanning gedoen word vir of deur 'n boedeleienaar wat òf 'n BTW-ondernemer is òf wat 'n BTW-onderneming bedryf maar nie 'n BTW-ondernemer is nie. Veral van belang dan is moontlike uitsonderings

¹⁰² *Singh v Commissioner, South African Revenue Service* 2002 (3) SA 94 (D) 97; Brettenny en Strauss *Studentegids* 11, 92.

¹⁰³ Art 28(1); Kruger en Scholtz *Pay less Tax* 156; Kruger *Finansies en Tegniek* 22; Roodt *Ins Times and Inv* 23.

¹⁰⁴ *SARS VAT 413 Guide* 20; Botes 1998 *De Rebus* 57.

¹⁰⁵ *SARS VAT 413 Guide* 17; Anon 1992 *Rekeningkunde SA* 52.

op die reël dat die regstreekse ontvanger¹⁰⁶ van belasbare goed die BTW moet dra en die vermoë van die BTW-draer (indien dit die bestorwe boedel is) om die BTW na 'n ander party te skuif.

4. DIE EENMANSAAK

Die eenmansaak¹⁰⁷ is die enigste ondernemingsvorm waardeur die boedeleienaar 'n BTW-onderneming vir eie rekening¹⁰⁸ kan bedryf. Die regsraad van die eenmansaak sal kortliks toegelig word.

Die eenmansaak is 'n geskikte ondernemingsvorm as die skeiding van die boedeleienaar se eie bates en dié van sy onderneming nie 'n oorweging is nie.¹⁰⁹ Die eenmansaak beskik nie oor 'n selfstandige regs persoonlikheid nie en sy bestaansduur is aan die welstand en solvensie van die eienaar gekoppel.¹¹⁰ Die afsterwe van die eienaar van die eenmansaak bring die eenmansaak tot 'n einde. Daar is dus nie enige sprake van deurlopendheid nie.¹¹¹ Die eenmansaak is derhalwe onlosmaaklik aan die persoon van die eienaar gekoppel. By 'n eenmansaak is die boedeleienaar die alleen-eienaar van die BTW-onderneming en hou hy gevolglik alle ondernemingbates in sy eie naam. Al die winste van die eenmansaak behoort en val direk aan die boedeleienaar toe.¹¹² Aangesien hy die BTW-onderneming vir eie rekening bedryf, sal hy in sy hoedanigheid as natuurlike persoon as BTW-ondernemer geregistreer wees.

Aangesien die eenmansaak deel van die boedel van die eienaar uitmaak, bring die dood van die eienaar ook die bereddering van die eenmansaak

¹⁰⁶ Ook oordragner genoem.

¹⁰⁷ Ofte wel alleeneienaarskap kan geniet.

¹⁰⁸ D w s in sy eie naam.

¹⁰⁹ Van Gijsen 24 November 2002 *Geld Rapport* 7.

¹¹⁰ Van Rensburg (red) *Ondernemingsbestuur* 37; Anon *Stationery* 58.

¹¹¹ Sien vn 33; die doelwit (gestel in par 2) om deurlopendheid te verseker tov 'n besigheidsonderneming kan dus nie d m v 'n eenmansaak bereik word nie.

¹¹² Genis 27 Junie 1999 *Sake Rapport* 4.

mee. Die eenmansaak en die bates wat nodig is om dit te bedryf, word dan gewoonlik verkoop en die opbrengs onder erfgename verdeel, tensy dit as 'n lopende saak aan 'n enkele bevoordeelde bemaak is.¹¹³ Tensy die boedeleienaar vroegtydig voorsiening maak vir opvolging¹¹⁴, en sodoende in daardie konteks deurlopendheid verseker, is die BTW-onderneming se lewensvatbaarheid ná die boedeleienaar se afsterwe gering.¹¹⁵

Boedelbeplanning is gevolglik 'n uiters belangrike deel van die finansiële beplanning van die boedeleienaar wat besluit om sy BTW-onderneming in sy eie naam of in 'n handelsnaam te bedryf.¹¹⁶

5. AFSTERWE VAN 'N AANDEELHOUER OF LID VAN 'N BTW-ONDERNEMER

Die maatskappy, beslote korporasie,¹¹⁷ vennootskap en besigheidstrust¹¹⁸ vorm soms 'n integrale deel van die boedelplan van 'n boedeleienaar wat, benewens die BTW-onderneming(s) wat hy vir eie rekening bedryf, nog ander BTW-ondernemings bedryf of by ander BTW-ondernemings betrokke is. Die BTW-implikasies van die afsterwe van 'n boedeleienaar wat 'n aandeelhouer van 'n maatskappy is, 'n lid van 'n BK is of 'n belang in 'n vennootskap¹¹⁹ of besigheidstrust het, sal kortliks uiteengesit word.

Die woordomsywing van "persoon" in die BTW-wet sluit 'n maatskappy, BK, vennootskap en trust in.¹²⁰ Dit het tot gevolg dat hierdie vier ondernemingsvorme opsigselfstaande as BTW-ondernemers geregistreer

¹¹³ Bv aan 'n testamentêre trust.

¹¹⁴ Indien die boedeleienaar wil hê sy erfgenaam of erfgename moet, t o v sy besigheid, in sy voetspore volg.

¹¹⁵ Olivier en Van den Berg *Boedelbeplanning* 133.

¹¹⁶ Van Gijsen 24 November 2002 *Geld Rapport* 7; Anon *Stationery* 58.

¹¹⁷ Voortaan na verwys as BK.

¹¹⁸ Ook saketrust, bedryfstrust of handeldrywende trust genoem.

¹¹⁹ In familiebesighede kan vennootskappe effektief aangewend word om deurlopendheid te verseker.

¹²⁰ Art 1.

word.¹²¹ Indien die boedeleienaar dus 'n BTW-onderneming deur middel van 'n maatskappy of BK bedryf, sal die maatskappy of BK afsonderlik van die boedeleienaar as BTW-ondernemer geregistreer wees.¹²² Aangesien die maatskappy of BK 'n regspersoon is wat afsonderlik van die boedeleienaar bestaan, bly dit ná sy afsterwe voortbestaan.¹²³ Die boedeleienaar se afsterwe het geen BTW-effek op die maatskappy of BK nie.¹²⁴ Die eksekuteur se besluit om die onderneming te beëindig deur die boedeleienaar se aandele in die maatskappy of sy ledebelang in die BK te verkoop, sal eweneens geen BTW-gevolge hê nie.¹²⁵

Dieselfde beginsels geld by 'n vennootskap. Vir doeleindes van die BTW-wet word 'n vennootskap as 'n afsonderlike¹²⁶ persoon geag wat die onderneming afsonderlik van die vennote bedryf.¹²⁷ Dit is die vennootskap in plaas van die vennote wat bygevolg as BTW-ondernemer geregistreer is.¹²⁸ Indien daar meer as twee vennote is, word die vennootskap geag voort te bestaan wanneer 'n enkele vennoot sterf.¹²⁹ Dit beteken dat die afsterwe van 'n vennoot nie die gevolg het dat registrasie opnuut moet plaasvind nie, omdat die ontbinde en nuwe vennootskap vir BTW-doeleindes geag word een en dieselfde te wees.¹³⁰

Die oorlede vennoot se belang in die BTW-onderneming en die ondernemingsbates vorm deel van die bates in sy bestorwe boedel.¹³¹ Die

¹²¹ De Koker en Jenkinson *Commentary* 19-46.

¹²² Stein 1992 *B Law* 131; SARS VAT 404 *Gids* 7; Du Plessis 1991 *Stell RT* 177.

¹²³ Anon 25 April 1999 *Sake Rapport* 4.

¹²⁴ Wessels *Finansies en Tegniek* 22.

¹²⁵ Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-7.

¹²⁶ Ondanks die feit dat 'n vennootskap nie oor 'n afsonderlike regspersoonlikheid, verwyderd van die vennote, beskik nie en daar juridies geen skeiding tussen die bates van die vennote en dié van die vennootskap is nie.

¹²⁷ Art 51(1)(a); SARS VAT 413 *Guide* 10.

¹²⁸ Art 51(1)(b); Meyerowitz 1992 *Taxpayer* 169, Meyerowitz 1997 *Taxpayer* 38; Brettenny en Strauss *Studentegids* 14.

¹²⁹ Art 51(2); Arthur en Erasmus *Guideline* 107; SARS VAT 413 *Guide* 10.

¹³⁰ Art 51(2); Arthur en Erasmus *Guideline* 107; Meyerowitz 1997 *Taxpayer* 39.

¹³¹ Potgieter *Geld* 30.

oordrag¹³² van dié belang na die nuwe vennootskap stel nie 'n belasbare lewering daar nie omdat die oorlede vennoot nie 'n BTW-onderneming met betrekking tot die belang bedryf het nie en omdat die ontbinde en die nuwe vennootskap, synde geag een en dieselfde te wees, nie 'n lewering aan homself kan maak nie.¹³³ Die afsterwe van 'n enkele vennoot het dus nie 'n BTW-effek op die vennootskap, die BTW-onderneming of ondernemingsbates van die vennootskap nie.¹³⁴

'n Besigheidstrust¹³⁵ is in wese bates wat opsy gesit is om 'n besigheidsonderneming mee te bedryf.¹³⁶ Dit is nie 'n regs persoon soos 'n maatskappy of BK, wat in eie reg transaksies kan sluit, nie.¹³⁷ Trustees in hulle hoedanigheid as òf eienaars òf administrateurs van die trustbates handel namens die besigheidstrust.¹³⁸ 'n Persoonlike besigheidstrust is soortgelyk aan 'n maatskappy of BK waarvan die boedeleienaar die enigste aandeelhouer of lid is.¹³⁹ 'n Private¹⁴⁰ besigheidstrust¹⁴¹ daarenteen vertoon groot ooreenkomste met die vennootskap.¹⁴² As gevolg van die feit dat die BTW-wet 'n trust as 'n persoon ag wat afsonderlik van die oprigter(s), trustees en begunstigdes die BTW-onderneming bedryf, en as sulks afsonderlik as ondernemer geregistreer is,¹⁴³ sal die afsterwe van 'n

¹³² Ingevolge 'n koop-en-verkoop-ooreenkoms onderneem die sakevennote dat die langslewendes die belang van die een wat eerste sterf, sal koop; Potgieter *Geld* 30.

¹³³ Meyerowitz 1997 *Taxpayer* 39; Arthur en Erasmus *Guideline* 108.

¹³⁴ SARS VAT 413 *Guide* 10; Wessels *Finansies en Tegniek* 22.

¹³⁵ Daar bestaan geen statutêre definisie vir 'n besigheidstrust nie.

¹³⁶ Abrie, Graham en Liebenberg *Boedelbeplanning* 40 - 41; Scott *Boedels* 21.

¹³⁷ Du Toit *Trust Law* 9 - 14.

¹³⁸ Woordoms krywing van "trust" in art 1 van die Wet op die Beheer oor Trustgoed 57 van 1988; Du Toit *Trust Law* 3 - 4; Abrie, Graham en Van der Linde *Boedelbeplanning* 89 - 90.

¹³⁹ Abrie, Graham en Van der Linde *Boedelbeplanning* 166; Anon *Stationery* 58.

¹⁴⁰ D w s die publiek is nie betrokke as inkomste-begunstigdes nie; Kruger en Scholtz *Pay less Tax* 226.

¹⁴¹ 'n "Vennootskapstrust" in Du Toit *Trust Law* 180 en 'n "vennootskaps-besigheidstrust" in Abrie, Graham en Van der Linde *Boedelbeplanning* 167 genoem.

¹⁴² Van der Westhuizen 20 September 1998 *Sake Rapport* 4; Du Toit *Trust Law* 179 - 182; Abrie, Graham en Van der Linde *Boedelbeplanning* 167; Davis 1986 *Taxpayer* 64.

¹⁴³ Art 51(1)(a) - (c).

oprigter, trustee of begunstigde geen BTW effek op die besigheidstrust, die BTW-onderneming of meegaande ondernemingsbates hê nie.

Die boedeleienaar wat, benewens sy eenmansaak, enige ander onderneming deur enige van bogenoemde vier ondernemingsvorme bedryf, kan derhalwe aanvaar dat sy afsterwe, BTW-gesproke, geen uitwerking op die ander onderneming sal hê nie.

6. AFSTERWE VAN DIE EIENAAR VAN 'N BTW-ONDERNEMING WAT NIE 'N BTW-ONDERNEMER IS NIE

Indien die boedeleienaar in sy hoedanigheid as natuurlike persoon 'n BTW-onderneming vir eie rekening bedryf, maar hy is nie geregistreer as BTW-ondernemer nie, moet, tydens boedelbeplanning, in gedagte gehou word dat drie omstandighede kan opduik, sou hy te sterwe kom.

Die eerste omstandigheid wat kan opduik, is dat die boedeleienaar ingevolge die reëls rakende verpligte registrasie op die tydstop van afsterwe veronderstel was om as BTW-ondernemer geregistreer te wees.¹⁴⁴ Dit is 'n feitevraag of die boedeleienaar ten tye van sy afsterwe veronderstel was om as BTW-ondernemer geregistreer te gewees het. Die eksekuteur moet hierdie feitevraag beantwoord deur die toepassing van die terugwerkende registrasie-toets. Vir doeleindes van dié toets eindig die twaalf maande tydperk op die laaste dag van die maand wat die boedeleienaar se afsterwe voorafgaan.¹⁴⁵ Indien die uitkoms van die toets positief is, moet die eksekuteur by die belastinggaarder aansoek doen om die registrasie van die bestorwe boedel as BTW-ondernemer.¹⁴⁶

¹⁴⁴ Sien par 3; SARS VAT 413 Guide 2; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19 - 11.

¹⁴⁵ SARS VAT 413 Guide 6; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19 - 14.

¹⁴⁶ Art 23(2); De Koker en Kruger VAT 12-3, 14-2.

Die tweede omstandigheid wat kan opduik, is dat alhoewel die boedeleenaar ingevolge die reëls rakende verpligte registrasie nie op die tydstip van afsterwe veronderstel was om as BTW-ondernemer geregistreer te gewees het nie, sy bestorwe boedel wel ingevolge sodanige reëls verplig is om as BTW-ondernemer geregistreer te wees.¹⁴⁷ Daar is twee voorvereistes vir die opduik van hierdie omstandigheid. Die eerste voorvereiste is dat die uitkoms van die terugwerkende registrasie-toets, soos toegepas in die vorige paragraaf, negatief is.¹⁴⁸ Die tweede voorvereiste is dat die boedeleenaar se BTW-onderneming deur die eksekuteur of in opdrag en onder die toesig van die eksekuteur voortgesit word.¹⁴⁹

Die BTW-wet bepaal dat enigiets wat gedoen word ter beëindiging van 'n BTW-onderneming geag word gedoen te wees in die loop of ter bevordering van so 'n onderneming.¹⁵⁰ Gevolglik kom sowel die verkoop van die BTW-onderneming en ondernemingsbates as die vererwing daarvan aan erfopvolgers neer op die voortsetting van die BTW-onderneming.

As aan beide bogenoemde voorvereistes voldoen is, moet die eksekuteur die vooruitwerkende registrasie-toets met betrekking tot die oorledene se BTW-onderneming met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op sy afsterwe, toepas.¹⁵¹ Indien die uitkoms negatief is, is die eksekuteur nie verplig om aansoek te doen om die registrasie van die bestorwe boedel as BTW-ondernemer nie. Indien die uitkoms positief is, moet die eksekuteur bepaal of die registrasiedrempel oorskry word suiwer as gevolg van die tegeldemaking en/of vererwing van die ondernemingsbates.¹⁵² Met ander

¹⁴⁷ SARS VAT 413 Guide 2; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19 - 11.

¹⁴⁸ SARS VAT 413 Guide 6.

¹⁴⁹ SARS VAT 413 Guide 7.

¹⁵⁰ Voorbehoud (i) by die woordomskeywing van "onderneming" in art 1, geles met art 53(1)(a); De Koker en Kruger VAT 3-15; Divaris 1994 *Taxgram* 6.

¹⁵¹ SARS VAT 413 Guide 6; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19 - 14.

¹⁵² Par (i) van die voorbehoud tot art 23(1); Arthur en Erasmus *Guideline* 107.

woorde, was dit nie vir die tegeldemaking en/of die vererwing van die BTW-onderneming en/of die ondernemingsbates nie, sou die registrasiedrempel nie oorskry gewees het nie. Indien die antwoord hierop negatief is, is die eksekuteur verplig om namens die bestorwe boedel aansoek om registrasie as BTW-ondernemer te doen.¹⁵³ Indien die antwoord positief is, rus daar geen sodanige verpligting op die eksekuteur nie, maar dan moet hy die vooruitwerkende registrasie-toets daarna maand vir maand herhaal.¹⁵⁴

Sou die toepassing van die vooruitwerkende registrasie-toets in die daaropvolgende maande 'n positiewe uitkoms lewer en die oorskryding van die registrasiedrempel kan nie toegeskryf word aan die tegeldemaking en/of vererwing van die BTW-onderneming en/of die ondernemingsbates nie, is die eksekuteur verplig om namens die bestorwe boedel aansoek te doen om registrasie as BTW-ondernemer.¹⁵⁵

Wanneer die eksekuteur in bogemelde omstandighede die vooruitwerkende registrasie-toets toepas, moet hy die tyd wat hy voorsien dit nog gaan neem om die boedel volledig te beredder in aanmerking neem.¹⁵⁶ Dit kan prakties soos volg verduidelik word. Gemeet op 'n maandgrondslag is die gemiddelde van die totale waarde van die belasbare lewerings, gemaak tot op hede deur die bestorwe boedel, R40 000. Die eksekuteur voorsien dat hierdie gemiddelde gehandhaaf sal word vir solank as die beredderingsproses nog voortduur. Gemeet op 'n jaargrondslag¹⁵⁷ word die registrasiedrempel dus oorskry. Die eksekuteur voorsien egter dat dit nog ses maande gaan neem om die boedel volledig te beredder. Dit beteken dat die totale waarde van die belasbare lewerings wat verwag word om in werklikheid oor die volgende jaar gemaak te word nie die

¹⁵³ SARS VAT 413 Guide 7; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19 - 14.

¹⁵⁴ Arthur en Erasmus *Guideline* 106; SARS VAT 413 Guide 7; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19 - 14; De Koker en Kruger VAT 12-2.

¹⁵⁵ SARS VAT 413 Guide 7.

¹⁵⁶ Arthur en Erasmus *Guideline* 109.

¹⁵⁷ R40 000 vermenigvuldig met 12 maande oorskry R300 000.

registrasiedrempel oorskry nie.¹⁵⁸ Die eksekuteur is derhalwe nie verplig om aansoek te doen om die bestorwe boedel se registrasie as BTW-ondernemer nie.¹⁵⁹

Die derde omstandigheid wat myns insiens kan opduik, is soos volg. Die boedeleienaar was nòg ingevolge die reëls rakende verpligte registrasie op die tydstip van sy afsterwe veronderstel was om as BTW-ondernemer geregistreer te wees nòg is sy bestorwe boedel gedurende die beredderingsproses ingevolge sodanige reëls veronderstel om geregistreer te word. Die eksekuteur besluit desnieteenstaande om aansoek te doen om die vrywillige registrasie van die bestorwe boedel, en die aansoek is suksesvol.¹⁶⁰

Bogenoemde drie omstandighede kan tot gevolg hê dat 'n ander scenario as die een (naamlik dat sy bestorwe boedel nie 'n BTW-ondernemer sal wees nie) wat die boedeleienaar in gedagte gehad het toe hy *inter vivos* en/of testamentêr beskikkings gemaak het, hom voordoen ná die boedeleienaar se afsterwe.

Wanneer nadoodse beplanning gedoen word vir die boedeleienaar wat 'n BTW-onderneming bedryf, maar nie 'n BTW-ondernemer is nie, moet gevolglik die moontlikheid dat een van hierdie drie omstandighede ná sy afsterwe kan opduik, in aanmerking geneem word. Daar sal

¹⁵⁸ R40 000 vermenigvuldig met 6 maande.

¹⁵⁹ Arthur en Erasmus *Guideline* 109.

¹⁶⁰ Vrywillige registrasie kan die bestorwe boedel help om mededingend met pryse te bly. As 'n BTW-ondernemer goedere of dienste aankoop, kan hy die inset-BTW terugeis. Só sal sy aankoopprys dus laer wees as 'n nie-geregistreerde mededinger. Die voordeel is in werklikheid veel groter as die inset-BTW op alle onregstreekse koste wat hy het (soos telefoon , water en elektrisiteit) in aanmerking geneem word. Hierteen moet die eksekuteur die nadele van hoër verkooppryse en hoër administratiewe koste opweeg.

veiligheidshalwe testamentêr 'n gebeurlikheidsplan opgestel moet word vir ingeval een van bogenoemde drie omstandighede opduik.¹⁶¹

7. AFSTERWE VAN 'N BTW-ONDERNEMER

Indien 'n BTW-ondernemer besluit om nie tydens sy lewe met sy BTW-onderneming en ondernemingsbates weg te doen deur dit aan 'n ander persoon of aan 'n ander ondernemingsvorm (hetsy waarin hy 'n belang het of nie) oor te dra nie, moet hy voorsiening maak vir wat daarmee moet gebeur, sou hy onverwags te sterwe kom.

Die BTW-ondernemer se afsterwe sal op sigself nie 'n BTW-effek hê nie, aangesien die BTW-wet bepaal dat waar, ná die afsterwe van 'n BTW-ondernemer, 'n BTW-onderneming voorheen deur hom bedryf, verder deur of namens die eksekuteur bedryf word, of enigiets gedoen word in verband met die beëindiging van die onderneming, sy bestorwe boedel, soos deur die eksekuteur verteenwoordig, geag word 'n BTW-ondernemer ten opsigte van die onderneming te wees.¹⁶² Die BTW-ondernemer en sy bestorwe boedel word gevolglik deur die BTW-wet as een en dieselfde persoon geag.¹⁶³

Tegelyk met sy aanstelling word die eksekuteur ook BTW-verteenwoordiger van die bestorwe boedel. Die BTW-wet verwys na die eksekuteur as "verteenwoordigende ondernemer".¹⁶⁴ Hy kan ook beskryf word as die verteenwoordigende BTW-pligtige van die bestorwe boedel. Ingevolge die BTW-wet sal die eksekuteur in sy persoonlike hoedanigheid aanspreeklik

¹⁶¹ Bobbert 1976 *TRW* 16 verwys hierna as "alternatiewe wyses van optrede om die doel te bereik."

¹⁶² Anderson, Dodd en Roos *Guide* 38; Clegg *Practical Guide* 94; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19 - 21; SARS *VAT 413 Guide* 16.

¹⁶³ Art 53(1)(a); Meyerowitz 1992 *Taxpayer* 168; Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-6.

¹⁶⁴ Art 46(g); Meyerowitz 2001 *Taxpayer* 233; Arthur en Erasmus *Guideline* 106, 110; Kourie *Finansies en Tegniek* 29; De Koker en Kruger *VAT* 14-3.

wees vir die betaling van boetes en rente indien die BTW-pligte met betrekking tot die BTW-onderneming in die bestorwe boedel nie nagekom word nie.¹⁶⁵

Die eksekuteur moet die plaaslike belastinggaarder van sy aanstelling as eksekuteur verwittig asook of die BTW-onderneming aktief voortgesit gaan word.¹⁶⁶

Indien die BTW-ondernemer se teenwoordigheid onontbeerlik is vir die bedryf van die BTW-onderneming, sal die eksekuteur nie die BTW-onderneming aktief kan voortsit nie.¹⁶⁷ Die betrokke onderneming sal dan ook nie deur 'n koper of erfopvolger voortgesit kan word nie. 'n Advokaatpraktyk is 'n voorbeeld hiervan.¹⁶⁸

'n BTW-onderneming wat aktief deur of namens die eksekuteur voortgesit word, sal uiteindelik as deel van die beredderingsproses¹⁶⁹ gestaak word, net om daarna in die naam van die koper of erfopvolger voortgesit te word.¹⁷⁰ Die eksekuteur moet binne 21 dae vanaf die aanvang van die staking ("die stakingsdatum") die belastinggaarder skriftelik van die staking verwittig en terselfdertyd aansoek doen om die kansellasië van die bestorwe boedel se registrasie as BTW-ondernemer.¹⁷¹ Hierna moet die eksekuteur as verteenwoordigende ondernemer nog steeds ten opsigte van elke daaropvolgende belastingtydperk BTW-opgawes tot en met die datum van kansellasië ("die kansellasiedatum"), soos deur die belastinggaarder

¹⁶⁵ Art 48(2) en (3); Arthur en Erasmus *Guideline* 110; De Koker en Kruger *VAT* 14-3.

¹⁶⁶ Art 48(7); De Koker en Kruger *VAT* 14-3; SARS *VAT 413 Guide* 13.

¹⁶⁷ Jordaan, Hamel en Roeleveld *Praktiese Benadering* 81.

¹⁶⁸ Arthur en Erasmus *Guideline* 108.

¹⁶⁹ Dié proses behels die bymekaarbring van al die oorledene se bates, die afbetaling van alle skuld en die verdeling van die netto bates volgens die oorledene se wense (indien hy 'n geldige testament gehad het) of regsgeldige formule (indien hy nie 'n geldige testament gehad het nie); Greenan *Geld* 54.

¹⁷⁰ Arthur en Erasmus *Guideline* 115; Olivier en Van den Berg *Boedelbeplanning* 134.

¹⁷¹ Art 24(3); SARS *VAT 404 Gids* 10.

goedgekeur, indien.¹⁷² Die stakingsdatum sal geld vanaf die tydstip waarop die BTW-onderneming en ondernemingsbates¹⁷³ nie meer deel van die bestorwe boedel vorm nie.¹⁷⁴ Die stakingsdatum word bereik deur die tegeldemaking van sommige of alle ondernemingsbates en/of oordrag van sommige of alle ondernemingsbates aan die erfopvolgers. Dit beteken die stakingsdatum word bereik òf wanneer al die ondernemingsbates te gelde gemaak is òf wanneer die oordrag van al die ondernemingsbates wat vererf, voltooi is. Die likwidasië- en distribusierekening¹⁷⁵ sal uiteindelik aantoon hoe met die BTW-onderneming en ondernemingsbates weggedoen is.

In die geval waar sommige of alle ondernemingsbates te gelde gemaak gaan word, moet die eksekuteur in oorleg met die erfopvolgers wat daardeur geraak word, besluit op 'n tegeldemakingsplan.¹⁷⁶ Die beredderingsproses kan verdeel word in 'n likwidasiefase¹⁷⁷ en 'n distribusiefase.¹⁷⁸ Die tegeldemaking van ondernemingsbates geskied gedurende die likwidasiefase. Die belangrikste faktore wat by die besluit oor 'n tegeldemakingsplan en spesifieke tegeldemakingsmetodes in aanmerking geneem moet word, is die boedelskuld en hoe dit vereffen gaan word, hoe die ondernemingsbates vir tegeldemakingsdoeleindes hanteer kan word, wie die erfopvolgers ten opsigte van die opbrengs is, uitdruklike testamentêre voorskrifte wat tegeldemakingsmetodes voorskryf, die

¹⁷² Art 48(8).

¹⁷³ Dit sluit bates in wat slegs gedeeltelik aangewend is in die bedryf van die BTW-onderneming om belasbare lewerings te maak.

¹⁷⁴ Art 24(2).

¹⁷⁵ Opgawe van die bates en laste van die boedel en van die verdeling van die bates onder erfopvolgers; De Waal en Schoeman-Malan *Inleiding* 233 - 234; Scott *Boedels* 40 - 41.

¹⁷⁶ Abrie *et al Bestorwe Boedels* 8.

¹⁷⁷ Die tydperk waartydens die bates en laste van die bestorwe boedel vasgestel word, bates ingevorder en (indien nodig) te gelde gemaak word, laste vereffen word en die netto bates aan erfopvolgers toegedeel word.

¹⁷⁸ Die tydperk waartydens die netto bates van die bestorwe boedel onder die erfopvolgers uitgedeel (verdeel) word.

praktiese uitvoerbaarheid van die voorgename tegeldemakingsplan en die belange en wense van die erfopvolgers.¹⁷⁹

8. TYDSTIP VAN DEREGISTRASIE AS BTW-ONDERNEMER

Indien die BTW-ondernemer voornemens is om testamentêr die uiteinde van sy BTW-onderneming en ondernemingsbates te reël, behoort hy, ter wille van ingeligte besluitneming, tydens die boedelbeplanningsproses kennis te neem van hoe en op watter tydstip deregistrasie van 'n bestorwe boedel wat 'n BTW-ondernemer is, plaasvind en watter faktore 'n invloed op die tydstip van deregistrasie mag uitoefen.

Deregistrasie van die bestorwe boedel as BTW-ondernemer vind plaas op die kansellasiedatum, welke datum na goeddunke deur die belastinggaarder vasgestel word.¹⁸⁰ Indien die BTW-onderneming deur of namens die eksekuteur voortgesit word, sal die eksekuteur eers aansoek om die bestorwe boedel se deregistrasie as BTW-ondernemer kan doen nadat die BTW-onderneming se bedrywighede vir goed gestaak is.¹⁸¹ Die BTW-wet beskou die tegeldemaking en verdeling van die BTW-onderneming en ondernemingsbates as voortsetting van die BTW-onderneming.¹⁸² Solank daar dus ondernemingsbates in die bestorwe boedel is wat nog nie te gelde gemaak is nie of nog nie aan die regmatige erfopvolgers oorgedra is nie, is die BTW-onderneming se bedrywighede nog nie gestaak nie.

In die geval van 'n algehele tegeldemaking van die BTW-onderneming en ondernemingsbates word die datum waarop die proses van tegeldemaking

¹⁷⁹ Laurie *Finansies en Tegniek* 44; De Waal en Schoeman-Malan *Inleiding* 231.

¹⁸⁰ Sien par 8.

¹⁸¹ Erasmus 1993 *De Rebus* 804.

¹⁸² Voorbehoud (i) by die woordomskriving van "onderneming" in art 1, gelees met art 53(1)(a).

regtens voltooi is, beskou as die datum waarop die BTW-onderneming se bedrywigheede vir goed gestaak is.¹⁸³ Dit sal gedurende die likwidasiefase van die beredderingsproses wees.

In die geval waar byvoorbeeld 'n enkele ondernemingsbate bestem is vir vererwing en die res vir tegeldemaking, sal die datum waarop die oordrag van sodanige enkele ondernemingsbate aan die erfopvolger regtens voltooi is, beskou word as die datum waarop die BTW-onderneming se bedrywigheede vir goed gestaak is.¹⁸⁴ Dit sal noodwendig gedurende die distribusiefase van die beredderingsproses wees.

In die geval waar byvoorbeeld geen ondernemingsbates bestem is vir vererwing nie en alles daarvan vlugtig te gelde gemaak word en die stakingsdatum gevolglik alreeds vroeg in die likwidasiefase aanbreek, sal die kansellasiedatum nie noodwendig vóór die aanbreek van die distribusiefase wees nie. Die BTW-wet bepaal dat die kansellasiedatum sal strek van die laaste dag van die belastingtydperk¹⁸⁵ waartydens die onderneming se bedrywigheede gestaak is.¹⁸⁶ Hierdie bepaling is egter onderhewig daaraan dat die belastinggaarder in die uitoefening van sy diskresie nie 'n ander kansellasiedatum goedkeur nie.¹⁸⁷ Selfs al breek die laaste dag van die belastingtydperk, waartydens die onderneming se bedrywigheede gestaak is, lank voor die aanbreek van die distribusiefase aan mag die belastinggaarder byvoorbeeld besluit dat die kansellasiedatum eers ná die distribusiefase sal wees. Nadat die eksekuteur die bereddering van die bestorwe boedel tot bevrediging van die Meester¹⁸⁸ voltooi het,

¹⁸³ SARS VAT 413 *Guide* 41; Arthur en Erasmus *Guideline* 127; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19-39.

¹⁸⁴ Erasmus 1993 *De Rebus* 803.

¹⁸⁵ Vir die meeste eenmansake strek die belastingtydperk oor twee maande; De Koker en Kruger *VAT* 17-2.

¹⁸⁶ Art 24(3).

¹⁸⁷ Art 24(3).

¹⁸⁸ Meester van die Hoë Hof.

verskaf die Meester 'n liasseerstrokke¹⁸⁹ as bewys van sy bevrediging aan die eksekuteur.¹⁹⁰ Alhoewel die eksekuteur geregtig is om binne 21 dae van die stakingsdatum aansoek te doen om die deregistasie van die bestorwe boedel as BTW-ondernemer, verwag die belastinggaarder in die praktyk dat die eksekuteur die aansoek rig eers nadat die liasseerstrokke aan hom verskaf is.¹⁹¹ Die bestorwe boedel se deregistrasie as BTW-ondernemer kan desondanks, teoreties gesproke, òf vóór òf ná *dies venit*¹⁹² plaasvind.

Dies venit is die tydstip waarop 'n legataris of erfgenaam se vorderingreg teen die eksekuteur dat sy legaat of erflating aan hom oorgedra word, afdwingbaar word.¹⁹³ Sodanige tydstip is wanneer die Meester bevestig dat die likwidasië- en distribusierekening vry van beswaar ter insae gelê het.¹⁹⁴ Nadat sodanige bevestiging deur die Meester gegee is, moet die eksekuteur onverwyld, ooreenkomstig die likwidasië- en distribusierekening, die skuldeisers betaal¹⁹⁵ en die balans van die boedelbates onder die erfopvolgers verdeel.¹⁹⁶

Dies venit word deur *dies cedit*¹⁹⁷ voorafgegaan. Die oomblik wanneer die intestate erflater sterf, val sy boedel oop. Die oomblik van oopvalling staan onder meer bekend as die oomblik van *delatio*¹⁹⁸ of *dies cedit*.¹⁹⁹ By die intestate erfreg word vorderingsregte ten opsigte van boedelgoedere dus verkry sodra die boedel oopval. Die testate erflater se boedel val nie outomaties oop op die oomblik wanneer hy sterf nie. By testate erfreg is die

¹⁸⁹ Ook 'n liasseersertifikaat genoem in SARS VAT 413 Guide 46.

¹⁹⁰ Abrie *et al Bestorwe Boedels* 8, 149.

¹⁹¹ SARS VAT 413 Guide 46; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19 - 42.

¹⁹² Dag waarop skuld opeisbaar word.

¹⁹³ *Commissioner for Inland Revenue v Estate Crewe* 1943 AD 656 692.

¹⁹⁴ Abrie *et al Bestorwe Boedels* 61.

¹⁹⁵ Niks verhinder 'n eksekuteur om skuldeisers voor die tyd te betaal nie, mits hy daarvan oortuig is dat die boedel solvent is; Abrie *et al Bestorwe Boedels* 176.

¹⁹⁶ Scott *Boedels* 41.

¹⁹⁷ Dag waarop skuld ontstaan.

¹⁹⁸ Aanklag.

¹⁹⁹ *Estate Smith v Estate Follet* 1942 AD 364 383; De Waal en Schoeman-Malan *Inleiding* 7.

bedoeling van die testateur deurslaggewend om die tydstip van oopvalling te bepaal.²⁰⁰ 'n Testateur kan *dies cedit* in geheel of gedeeltelik uitstel sodat dit nie met sy afsterwe saamval nie.²⁰¹ Deur die aanwending van opskortende voorwaardes kan die testateur byvoorbeeld bepaal dat die geheel of gedeelte van sy boedel nie oopval met sy afsterwe nie.²⁰²

As deregistrasie vóór *dies venit* plaasvind, vind dit plaas gedurende die likwidasiefase van die beredderingsproses. As deregistrasie ná *dies venit* plaasvind, vind dit plaas òf gedurende die distribusiefase van die beredderingsproses òf ná afloop van die distribusiefase.

9. DIE UITEINDE VAN BTW-ONDERNEMINGSBATES Ná DIE AFSTERWE VAN 'N BOEDELEIENAAR

As uitgangspunt by die nadoodse boedelbeplanning vir 'n BTW-ondernemer of 'n boedeleienaar wat 'n BTW-onderneming bedryf, maar nie 'n BTW-ondernemer is nie, en wat voornemens is om testamentêr oor die BTW-onderneming en ondernemingsbates te beskik, geld dat sy testament by sy huidige omstandighede moet pas en nie daardie wat hy in die toekoms voorsien nie.²⁰³ Wanneer sy testament met betrekking tot spesifiek sy BTW-onderneming beplan word, moet hy derhalwe besluit wat hy wil hê moet met die onderneming en ondernemingsbates gebeur indien hy onmiddelik ná ondertekening van die testament te sterwe sou kom. Wat hy oor vyf of tien jaar vir sy BTW-onderneming voorsien, is nie ter sake nie.²⁰⁴

Die testamentêre keuses beskikbaar aan die tersaaklike boedeleienaar om die erfopvolgingsproses met betrekking tot sy BTW-onderneming en die

²⁰⁰ Abrie *et al Bestorwe Boedels* 61; De Waal en Schoeman-Malan *Inleiding* 8.

²⁰¹ Wiechers *Testamente* 72 - 74.

²⁰² Davey *Handbook* 26

²⁰³ Bruwer *Jou Geldsake* 4.

²⁰⁴ Pelser 11 April 1999 *Sake Rapport* 4.

ondernemingsbates so glad as moontlik te laat verloop en om deur middel van die onderneming en ondernemingsbates sy afhanklikes behoorlik versorg na te laat, is in breë trekke, tweërlei van aard. Die eerste keuse is om testamentêr opdrag te gee vir die tegeldemaking van die BTW-onderneming en/of ondernemingsbates en die tweede is om die BTW-onderneming en/of ondernemingsbates aan erfopvolgers te bemaak.²⁰⁵ Die uiteinde van sowel die BTW-onderneming as die ondernemingsbates is dus dat dit òf die eiendom van 'n koper gaan word òf die eiendom van 'n erfopvolger gaan word.

Vir doeleindes van nadoodse boedelbeplanning is daar verskeie permutasies met betrekking tot die tegeldemaking en vererwing van ondernemingsbates waarvan kennis geneem kan word.

Eerstens kan al die ondernemingsbates te gelde gemaak word deur dit te verkoop. Die verkoping sal plaasvind tydens die likwidasiefase van die beredderingsproses. Drie moontlikhede is in dié verband tot die boedeleienaar se beskikking. Die eerste moontlikheid is dat die BTW-onderneming as 'n lopende saak²⁰⁶ verkoop word.²⁰⁷ Die tweede moontlikheid is dat nòg die geheel nòg 'n gedeelte van die BTW-onderneming as lopende saak verkoop word, maar dat die ondernemingsbates stuksgewys²⁰⁸ verkoop word.²⁰⁹ Die derde moontlikheid is dat 'n gedeelte (of gedeeltes) van die BTW-onderneming wat afsonderlik bedryf kan word as lopende saak (of lopende sake) en die res van die ondernemingsbates stuksgewys verkoop word.²¹⁰ Die BTW-wet klassifiseer

²⁰⁵ De Lange *Finansies en Tegniek* 78.

²⁰⁶ Wanneer 'n BTW-ondernemer of 'n gedeelte daarvan, wat afsonderlik bedryf kan word, as lopende saak gelewer word, impliseer dit dat die ondernemingsbates wat nodig is om die onderneming, of om die gedeelte afsonderlik as onderneming, te bedryf daarmee saam gelewer word.

²⁰⁷ Sien par 12.

²⁰⁸ D w s een vir een of afsonderlik.

²⁰⁹ Sien par 14.

²¹⁰ Sien par 14.

elke koper as synde òf 'n verbonde persoon òf 'n nie-verbonde persoon met betrekking tot die boedeleienaar en as 'n persoon wat òf 'n BTW-ondernemer is òf nie 'n BTW-ondernemer is nie.²¹¹

Tweedens kan die BTW-onderneming en die ondernemingsbates vererf aan testamentêr aangewese bevoorreedes (erfopvolgers).²¹² Soos in die geval waar al die ondernemingsbates te gelde gemaak word, is die eerste moontlikheid dat die BTW-onderneming as 'n lopende saak vererf. Die tweede moontlikheid is dat die ondernemingsbates stuksgewys vererf. Die derde moontlikheid is dat 'n gedeelte (of gedeeltes) van die BTW-onderneming wat afsonderlik bedryf kan word as lopende saak (of sake) en die res van die ondernemingsbates stuksgewys vererf. Die erfopvolgers word weer eens geklassifiseer as synde òf verbonde persone òf nie-verbonde persone met betrekking tot die boedeleienaar en as òf BTW-ondernemers òf nie BTW-ondernemers nie.

Derdens kan die BTW-onderneming en die ondernemingsbates gedeeltelik verkoop word en gedeeltelik vererf.²¹³ In hierdie verband is die eerste moontlikheid dat 'n gedeelte (of gedeeltes) van die BTW-onderneming wat afsonderlik bedryf kan word as lopende saak (of sake) verkoop word en die res van die ondernemingsbates stuksgewys vererf. Die tweede moontlikheid is dat 'n gedeelte (of gedeeltes) van die BTW-onderneming wat afsonderlik bedryf kan word as lopende saak (of sake) verkoop word en sommige van die oorblywende ondernemingsbates stuksgewys verkoop word en die res stuksgewys vererf. Die derde moontlikheid is dat sommige ondernemingsbates stuksgewys verkoop word en 'n gedeelte (of gedeeltes)

²¹¹ Sien par 11.

²¹² Sien par 15.

²¹³ Sien para 14 en 15.

van die BTW-onderneming wat afsonderlik bedryf kan word as lopende saak (of sake) vererf. Die vierde moontlikheid is dat sommige ondernemingsbates stuksgewys verkoop word, ander ondernemingsbates stuksgewys vererf en 'n gedeelte (of gedeeltes) van die BTW-onderneming wat afsonderlik bedryf kan word as lopende saak (sake) vererf. Die koper(s) en erfopvolgers sal weer eens, soos in die vorige twee paragrawe genoem, geklassifiseer word as synde òf verbonde persone òf nie-verbonde persone met betrekking tot die boedeleienaar en as persone wat òf BTW-ondernemers is òf nie BTW-ondernemers is nie.

Die BTW-implikasies van bogenoemde uiteindes sal aanstons²¹⁴ uiteengesit word.

10. DIE WAARDE VAN BELASBARE LEWERINGS

Uitset-BTW word verantwoord op die waarde van 'n lewering.²¹⁵ Indien die oordrag van die BTW-onderneming en/of ondernemingbates deel uitmaak van voordoodse en/of nadoodse boedelbeplanning moet, met die oog op die moontlikheid dat die boedeleienaar en/of die bestorwe boedel die uitset-BTW sal moet dra, die waarde van voorgenome lewerings vasgestel word.

Die algemene reël, ingevolge die BTW-wet, is dat die waarde van 'n belasbare lewering, indien die vergoeding vir die lewering geld is, die geldbedrag is, en indien die vergoeding nie in geld is nie, is dit die ope-markwaarde van die lewering op die tydstip van lewering.²¹⁶ Die waarde van 'n belasbare lewering sluit nie BTW in nie.²¹⁷

²¹⁴ In para 14 en 15.

²¹⁵ Sien par 3 en die gesag aangehaal by vn 61.

²¹⁶ Art 10(5); Botes 1998 *De Rebus* 58; Huxham en Haupt *Notes* 616.

²¹⁷ Art 10(2); Stack, Cronje en Hamel *Belasting* 533; Brettenny en Strauss *Studentegids* 25; Du Plessis 1991 *Stell RT* 158; De Koker en Kruger *VAT* 12-3.

"Ope-markwaarde" word in die BTW-wet omskryf as die vergoeding in geld wat die lewering van die goed gewoonlik op die ope mark sou behaal in 'n transaksie tussen vreemdelinge wat elk tot sy eie beswil beding.²¹⁸ Ope-markwaarde sluit BTW in.²¹⁹ Indien die vergoeding nie in geld is nie is die waarde van die belasbare lewering dus die ope-markwaarde van die lewering minus die bedrag BTW wat by die ope-markwaarde ingesluit is.

11. VERBONDE PERSONE

Tydens voordoodse sowel as nadoodse boedelbeplanning ten opsigte van 'n BTW-ondernemer en tydens nadoodse boedelbeplanning ten opsigte van 'n boedeleienaar wat 'n BTW-onderneming bedryf, maar nie 'n BTW-ondernemer is nie, moet in gedagte gehou word dat die BTW-aanspreeklikheidsreëls met betrekking tot die lewering van 'n BTW-onderneming en ondernemingsbates aan sogenaamde verbonde persone verskil van dié wat van toepassing is op dieselfde lewerings aan nie-verbonde persone.²²⁰ Deur hierdie verskil te ignoreer, kan die BTW-ondernemer en die bestorwe boedel wat 'n BTW-ondernemer is, verplig wees om die uitset-BTW ten opsigte van die lewering van 'n BTW-onderneming en ondernemingsbates te dra. Sodoende kan 'n kontanttekort in die boedel ter weeg gebring word.²²¹ Daar moet veiligheidshalwe voor oë gehou word wie, vir BTW-doeleindes, verbonde persone met betrekking tot die boedeleienaar en sy bestorwe boedel is.

²¹⁸ Art 3(2) lees "...synde 'n lewering wat vryelik aangebied en gemaak word tussen persone wat nie verbonde persone is nie"; Brettenny en Strauss *Studentegids* 26; Arthur en Erasmus *Guideline* 121.

²¹⁹ Art 3(1)(b); Brettenny en Strauss *Studentegids* 107; Stack, Cronje en Hamel *Belasting* 533.

²²⁰ Kruger *Finansies en Tegniek* 26; Genis 31 Mei 1998 *Sake Rapport* 4.

²²¹ Wessels *Finansies en Tegniek* 22.

Dit gaan derhalwe hier oor die aard van die verhouding tussen die boedeleienaar en die koper en/of die erfopvolger²²² van sy BTW-onderneming en ondernemingbates ná sy afsterwe.

'n "Verbonde persoon" met betrekking tot die boedeleienaar is enige familielid van hom of die boedel van die familielid (indien die familielid oorlede of insolvent is) sowel as enige trustfonds indien die familielid of die boedel van die familielid 'n begunstigde is.²²³ Die statutêre omskrywing van "famielid" word aangetref in die Inkomstebelastingwet²²⁴ waar vyf gevalle geëien word waar 'n persoon geag word 'n familielid van die boedeleienaar te wees.²²⁵

- (a) Die boedeleienaar se gade word geag 'n familielid van hom te wees.
- (b) Enigiemand wat binne die derde graad van bloedverwantskap aan die boedeleienaar verwant is, word geag 'n familielid van hom te wees. Hieronder resorteer die boedeleienaar se kind, kleinkind, agterkleinkind, ouer, grootouer, oorgrootouer, broer, suster, oom, tante, broerskind en susterskind.
- (c) Enigiemand wat binne die derde graad van bloedverwantskap aan die boedeleienaar se gade verwant is, word geag 'n familielid van hom te wees. Hieronder resorteer die boedeleienaar se gade se kind, kleinkind, agterkleinkind, ouer, grootouer, oorgrootouer, broer, suster, oom, tante, broerskind en susterskind. Voorbeelde is die boedeleienaar se skoonpa, skoonma, swaer en skoonsuster.

²²² Voortaan oordragnemer i p v koper en/of erfopvolger genoem.

²²³ Woordomskrywing van "verbonde persone" in art 1; Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-8; Pace en van der Westhuizen *Trusts* 99; De Koker en Kruger *VAT* 10-9. 58 van 1962.

²²⁵ Art 1; Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-8.

- (d) Die gade van enigiemand wat binne die derde graad van bloedverwantskap aan die boedeleenaar verwant is, word geag 'n familielid van hom te wees. Hieronder resorteer die gade van die boedeleenaar se kind, kleinkind, agterkleinkind, ouer, grootouer, oorgrootouer, broer, suster, oom, tante, broerskind en susterskind. Voorbeelde is die boedeleenaar se skoonseun, skoondogter, swaer en skoonsuster.
- (e) Die gade van enigiemand wat binne die derde graad van bloedverwantskap aan die boedeleenaar se gade verwant is, word geag 'n familielid van hom te wees. Hieronder resorteer die gade van die boedeleenaar se gade se kind, kleinkind, agterkleinkind, ouer, grootouer, oorgrootouer, broer, suster, oom, tante, broerskind en susterskind. Voorbeelde is die boedeleenaar se gade se skoonseun, skoondogter, skoonpa, skoonma, swaer en skoonsuster.

Die term "kind" sluit ook 'n wettig aangenome kind in.²²⁶ 'n Wettig aangenome kind word geag binne die eerste graad van bloedverwantskap aan sy aangenome ouer verwant te wees. Enige bloedverwant van die aangenome ouer verkeer in dieselfde verhouding tot die aangenome kind as sou die aangenome kind 'n biologiese kind van die aangenome ouer wees. Dit beteken byvoorbeeld dat die broer van die aangenome ouer geag word verwant te wees aan die aangenome kind binne die derde graad van bloedverwantskap.

Na aanleiding van bogenoemde vyf gevalle kan die volgende opmerkings ter verdere toeligting gemaak word:

²²⁶ Woordomskriving van "kind" in art 1 van die Inkomstebelastingwet.

- Die boedeleienaar se halfbroer en halfsuster is aan hom verwant binne die tweede graad van bloedverwantskap (net soos sy volbroer en volsuster) aangesien hulle 'n gemeenskaplike ouer het.
- Die boedeleienaar se stiefouer is 'n familielid van hom aangesien die stiefouer die gade van die boedeleienaar se ouer is.
- Die boedeleienaar se stiefkind is 'n familielid van hom aangesien die stiefkind die kind van die boedeleienaar se gade is.
- Die boedeleienaar se stiefbroer en stiefsuster is nie familieede van hom nie aangesien hy en hulle geen gemeenskaplike ouer het nie.
- Die boedeleienaar se pleegouer en pleegkind is nie familieede van hom nie aangesien daar geen bloedverwantskap tussen hom en hulle is nie.
- Die boedeleienaar se kind se skoonouer is nie 'n familielid van die boedeleienaar nie.
- Die boedeleienaar se kind se swaer of skoonsuster is nie 'n familielid van die boedeleienaar nie tensy sodanige persoon die skoonseun of skoondogter van die boedeleienaar is.
- Verdere persone wat nie kwalifiseer om familieede van die boedeleienaar te wees nie, is sy en sy gade se agter-agterkleinkind, grootoom, groottante, oomskind, tanteskind, kleinneef, kleinniggie en bet-oorgrootouer.

Aangesien die boedeleienaar en sy bestorwe boedel vir BTW-doeleindes geag word een en dieselfde persoon te wees, sal enige familielid (ingevolge die bespreking hierbo) van hom en enige trust waarvan enige familielid van

hom 'n begunstigde is of kan wees, ook geag word 'n verbonde persoon met betrekking tot sy bestorwe boedel te wees.²²⁷ Die woordskrywing van "verbonde persone" met betrekking tot die boedeleienaar bevat geen verwysing na 'n maatskappy of 'n BK nie. Dit beteken dat indien enige van bogenoemde familielede 'n aandeelhouer van 'n maatskappy of lid van 'n BK is, sodanige maatskappy of BK nie geag sal word 'n verbonde persoon met betrekking tot die boedeleienaar, sy insolvente boedel of sy bestorwe boedel te wees nie.²²⁸

In die geval van 'n lewering tussen verbonde persone is die waarde van die lewering die ope-markwaarde indien die lewering gedoen word teen geen vergoeding nie (wat normaalweg die geval is by erfopvolging) of teen 'n vergoeding wat minder is as die ope-markwaarde en die ontvanger (indien hy verondersteltendewys die ope-markwaarde betaal het) nie op 'n volle insetbelasting-aftrekking ten opsigte van die lewering geregtig is nie.²²⁹ (Indien die ontvanger op 'n volle insetbelasting-aftrekking geregtig is, word vir BTW-doeleindes aanvaar dat daar geen voordeel in sal wees om teen minder as die ope-markwaarde te lewer nie.)²³⁰ Hierteenoor is die waarde van 'n lewering tussen nie-verbonde persone nul indien die lewering gedoen word teen geen vergoeding.²³¹

Dit is dus opvallend dat die BTW-implikasies van lewerings aan verbonde persone wesenlik verskil van dié aan nie-verbonde persone. Indien die boedeleienaar nie hierdie verskille voor oë hou tydens die optrek van die nadoodse boedelplan nie, kan onvoorsiene kontanteise aan die bestorwe boedel gestel word.

²²⁷ Divaris 1994 *Taxgram* 6; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19 - 10; Brettenny en Strauss *Studentegids* 23.

²²⁸ Erasmus 1993 *De Rebus* 804.

²²⁹ Art 10(4); Botes 1998 *De Rebus* 58; Brettenny en Strauss *Studentegids* 26; Stack, Cronje en Hamel *Belasting* 533; Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-8. Brettenny en Strauss *Studentegids* 26.

²³⁰ Meyerowitz 1992 *Taxpayer* 169; Arthur en Erasmus *Guideline* 122; Du Plessis 1991 *Stell RT* 159.

12. BTW EN DIE VERKOOP OF VERERWING VAN 'N BTW-ONDERNEMING AS 'N LOPENDE SAAK

'n Nadoodse boedelplan kan voorskryf²³² dat 'n BTW-onderneming ongeskonde aan die nuwe eienaar gelewer word. Die BTW-wet verwys hierna as die lewering van die onderneming as 'n lopende saak. Die BTW-implikasies van so 'n lewering word statutêr²³³ gereël. Wat, in die konteks van nadoodse boedelbeplanning, in hierdie bespreking tersake is, is die verkoop of vererwing as 'n lopende saak van 'n BTW-onderneming (of 'n gedeelte daarvan wat afsonderlik bedryf kan word) wat deel uitmaak van die bates in 'n bestorwe boedel wat 'n BTW-ondernemer is.

Die BTW-wet bevat nie 'n nadruklike omskrywing van die term "lopende saak" nie, nogtans word dit effektiewelik omskryf in paragraaf (i) van die voorwaarde tot artikel 11(1)(e) as synde 'n inkomste-verdienende bedrywigheid.²³⁴ Of 'n BTW-onderneming (of 'n gedeelte daarvan wat afsonderlik bedryf kan word) in 'n spesifieke geval inderdaad as 'n lopende saak gelewer is, moet na aanleiding van die omringende feite bepaal word.²³⁵

Daar is 'n voordeel verbonde aan die verkoop of vererwing,²³⁶ as 'n lopende saak, van 'n BTW-onderneming (of 'n gedeelte daarvan wat afsonderlik bedryf kan word) wat deel uitmaak van die bates van 'n bestorwe boedel wat 'n BTW-ondernemer is, aan 'n persoon²³⁷ wat 'n BTW-ondernemer is

²³² Per die testament.

²³³ In die BTW-wet.

²³⁴ Meyerowitz 1995 *Taxpayer* 172; SARS *BTW-Praktyknota* 14 par 2.4.

²³⁵ ITC 1622 59 SATC 334; Meyerowitz 1995 *Taxpayer* 174.

²³⁶ In plaas van die frase "verkoop of vererwing" sal die woord "oordrag" voortaan gebruik word.

²³⁷ Soos omskryf in art 1 van die BTW-wet.

ten tye van oordrag²³⁸ of wie se registrasie as BTW-ondernemer deur die belastinggaarder teruggedateer is tot die datum van oordrag. Die voordeel behels dat die bestorwe boedel uitsetbelasting teen die nulkoers op die geldvergoeding vir die lewering hoef te verantwoord.²³⁹

Daar is vier praktyksvereistes waaraan die verkoop of vererwing van 'n BTW-onderneming (of 'n gedeelte daarvan wat afsonderlik bedryf kan word) moet voldoen om as die lewering van 'n lopende saak beskou te word en vir die nulkoers om gevolglik te geld, naamlik:²⁴⁰

(a) Skriftelike ooreenkoms:

Die eksekuteur (as verteenwoordigende BTW-ondernemer) en die oordragnemer moet skriftelik ooreenkom dat die onderneming (of die gedeelte daarvan wat afsonderlik bedryf kan word) as 'n lopende saak oorgedra word.

(b) Inkomste-verdienende bedrywigheid:

Die skriftelike ooreenkoms moet bepaal dat die BTW-onderneming (of die gedeelte daarvan wat afsonderlik bedryf kan word) sonder meer 'n inkomste-verdienende bedrywigheid sal wees op die datum van oordrag van eiendomsreg. Die partye se bedoeling in dié verband tydens kontraksluiting is wat tel en nie of die onderneming (of die betrokke gedeelte) inderdaad inkomste-verdienend is op die uiteindelijke datum van

²³⁸ In die geval van onroerende eiendom vind oordrag van eiendomsreg plaas wanneer die eiendom in die oordragnemer se naam geregistreer word; Anon *Home Loan* 27; Anon 1992 *Rekeningkunde* SA 53.

²³⁹ Art 11(1)(e) gelees met SA Inkomstediens se *BTW-Praktyknota* 14; Meyerowitz 1992 *Taxpayer* 169; Clegg *Practical Guide* 94; Genis *Sake Rapport* (iii) 4; Stein 1992 *B Law* 231.

²⁴⁰ SARS *BTW-Praktyknota* 14; Brettenny en Strauss *Studentegids* 17; Meyerowitz 1995 *Taxpayer* 170 - 177; Friedland *Finansies en Tegniek* 26; De Koker en Kruger *VAT* 9-13 - 9-14; Anon 2002 *Taxgram* 13; SARS *VAT 413 Guide* 29; Botes 1998 *De Rebus* 58.

oordrag van eiendomsreg nie.²⁴¹ Op voorwaarde dat dit behoorlik funksioneer²⁴² hoef 'n onderneming nie winsgewend of suksesvol te wees om inkomste-verdienend te wees nie.²⁴³ Dit moenie vir die oordragnemer nodig wees om enige aksie van stapel te stuur ten einde die onderneming in sy huidige vorm te bedryf nie.²⁴⁴

Dit is soms moeilik om te bepaal of 'n onderneming 'n inkomste-verdienende bedrywigheid is. Die oordrag van bloot 'n besigheidstruktuur sal nie aan die vereiste, dat die onderneming 'n inkomste-verdienende bedrywigheid moet wees, voldoen nie.²⁴⁵ Voorts sal die oordrag van onverhuurde kommersiële vaste eiendom nie kwalifiseer as die oordrag van 'n inkomste-verdienende bedrywigheid nie, terwyl die oordrag van 'n verhuurde kommersiële vaste eiendom met 'n besettingsyfer van meer as 50 persent wel sal kwalifiseer indien sessie en delegasie ten opsigte van die bestaande huurooreenkoms(te) by die oordrag geïnkorporeer is.²⁴⁶ Die bemaking van die vruggebruik ten opsigte van 'n bate sal kwalifiseer as die lewering van 'n inkomste-verdienende bedrywigheid indien dieselfde onderneming wat deur die erflater ten opsigte van die bate bedryf is, deur die vruggebruiker bedryf kan word.²⁴⁷

(c) Lewering van die ondernemingsbates:

Al die ondernemingsbates wat nodig is om die BTW-onderneming (of die gedeelte daarvan wat afsonderlik bedryf kan word) as lopende saak te bedryf, moet aan die oordragnemer gelewer word. Dit geld selfs as die

²⁴¹ *Milner Street Properties (Pty) Ltd v Eckstein Properties (Pty) Ltd* 64 SATC 60.

²⁴² *Anon Home Loan* 27.

²⁴³ SARS *BTW-Praktyknota* 14 par 2.4.1; Meyerowitz 1995 *Taxpayer* 173; Botes 1998 *De Rebus* 58.

²⁴⁴ *Anon Home Loan* 27.

²⁴⁵ *Anon Home Loan* 27.

²⁴⁶ Botes 1998 *De Rebus* 58; Brettenny en Strauss *Studentegids* 89; SARS *BTW-Praktyknota* 14 par 2.4.1(b).

²⁴⁷ Meyerowitz 1995 *Taxpayer* 174; SARS *BTW-Praktyknota* 14 par 2.4.1(e).

oordragnemer reeds by voorbaat oor die nodige toerusting en gereedskap beskik om die onderneming (of die gedeelte daarvan wat afsonderlik bedryf kan word) as lopende saak te bedryf.²⁴⁸ Indien van die ondernemingsbates wat nodig is om die onderneming as lopende saak te bedryf slegs gedeeltelik vir hierdie doel aangewend word, sal ten opsigte van diesulke ondernemingsbates slegs daardie gedeelte van die vergoeding (indien betaalbaar) wat verband hou met die lopende saak aan die nulkoers onderhewig wees. Die orige gedeelte sal aan die standaardkoers onderhewig wees.²⁴⁹

Soos met inkomste-verdienende bedrywigheid is dit insgelyks soms moeilik om te bepaal watter bates is nodig om die onderneming as lopende saak te bedryf. So, byvoorbeeld in die geval van 'n veeboerdery, sal die oordrag van die plaaseiendom, uitsluitend die plaastoerusting en lewende hawe nie kwalifiseer as die oordrag van 'n lopende saak nie.²⁵⁰ In die geval van 'n saaiboerdery sal die oordrag van die plaaseiendom sonder die meegaande boerdery-implemente, soos trekkers en ploë, nie die oordrag van 'n lopende saak daarstel nie.²⁵¹ Die oordrag van die plaaseiendom met die plaastoerusting, weiding, oeste en lewende hawe sal wel kwalifiseer as die oordrag van 'n lopende saak.²⁵² Die oordrag van 'n fabriek, insluitend al die vervaardigingstoerusting, maar sonder die fabrieksgebou, sal nie kwalifiseer as die oordrag van 'n lopende saak nie.²⁵³ Ten einde te voorkom dat die belastinggaarder weier dat die oordraggewer uitsetbelasting teen die nulkoers verantwoord moet òf die onderneming veiligheidshalwe romp en

²⁴⁸ Meyerowitz 1995 *Taxpayer* 173.

²⁴⁹ Meyerowitz 1998 *Taxpayer* 118.

²⁵⁰ Rossouw 1998 *De Rebus* 23; Brettenny en Strauss *Studentegids* 89.

²⁵¹ Meyerowitz 1995 *Taxpayer* 172.

²⁵² Arthur en Erasmus *Guideline* 132(G).

²⁵³ Meyerowitz 1995 *Taxpayer* 172, 175; SARS *BTW-Praktyknota 14* par 2.4.2; Anon *Home Loan* 27.

stomp²⁵⁴ oorgedra word òf 'n aanwysing vooraf van die belastinggaarder verkry word.²⁵⁵

(d) Nulkoers:

Die partye moet in die geval van 'n verkoping skriftelik ooreen kom dat die ooreengekome vergoeding vir die lewering van die onderneming BTW teen die nulkoers insluit.²⁵⁶

Die testamentêre bemaking van 'n BTW-onderneming as 'n lopende saak sal tot gevolg hê dat die onderneming langer aktief voortgesit word deur of namens die eksekuteur. Dit sal die administratiewe las van die eksekuteur as verteenwoordigende BTW-ondernemer dienooreenkomstig verswaar.

In die geval van vererwing behoort die boedeleienaar se opvolgbeplanning te verseker dat die aangewese erfopvolger die onderneming namens die eksekuteur voortsit en dat hy onderleg is in die praktiese beginsels van BTW.

Die boedeleienaar wat 'n BTW-ondernemer is ingevolge vrywillige registrasie en wat oorweeg om testamentêr instruksies te gee vir die verkoop van sy BTW-onderneming as 'n lopende saak, of wat oorweeg om dit testamentêr as 'n lopende saak te bemaak, behoort as deel van die boedelbeplanningsproses eers die totale waarde van die belasbare lewerings, gemaak in die loop of ter bevordering van die onderneming, terugwerkend vir twaalf maande sowel as vooruitwerkend vir twaalf maande, te bereken.²⁵⁷ As beide berekenings toon dat die registrasiedrempel nie oorskry word nie, bestaan die moontlikheid dat die

²⁵⁴ Die spreukwoordelike "lock, stock and barrel".

²⁵⁵ Meyerowitz 1995 *Taxpayer* 172.

²⁵⁶ Friedland *Finansies en Tegniek* 26.

²⁵⁷ Sien par 5.

oordragnemer (tensy hy tydens oordragneming alreeds 'n BTW-ondernemer is of hy tydens oordragneming alreeds 'n BTW-onderneming of twee bedryf ten opsigte waarvan hy nie verplig is om as BTW-ondernemer geregistreer te wees nie maar as gevolg van die oordragneming van die betrokke BTW-onderneming verplig sal wees om aansoek om registrasie as BTW-ondernemer te doen) aansoek om vrywillige registrasie as BTW-ondernemer sal moet doen. Dan bestaan die moontlikheid dat die belastinggaarder die koper of erfopvolger se aansoek om vrywillige registrasie mag weier. Indien dit gebeur sal die bestorwe boedel uitsetbelasting teen die standaardkoers moet verantwoord. Of BTW dan betaalbaar sal wees, sal bepaal word deur die aard van die verhouding tussen die boedeleienaar en die oordragnemer.²⁵⁸ Selfs as die boedeleienaar ingevolge die reëls aangaande verpligte registrasie 'n BTW-ondernemer is, kan dieselfde probleem ontstaan indien die totale waarde van die belasbare lewerings wat hy maak in die loop of ter bevordering van die BTW-onderneming oor die relevante twaalf maande tydperke tot benede die registrasiedrempel daal.²⁵⁹

Dit is dus duidelik dat indien die beoogde verkoop of vererwing van 'n BTW-onderneming as 'n lopende saak nie verwesenlik word nie vanweë nie-nakoming van enige van die betrokke BTW-praktykvereistes nie, kontant-eise, in die vorm van uitset-BTW, aan die bestorwe boedel gestel mag word wat miskien nie bygebring kan word sonder om boedelbates te gelde te maak nie.²⁶⁰

²⁵⁸ Sien par 14; SARS VAT 413 Guide 29.

²⁵⁹ Stein 1996 *Tax Planning* 30.

²⁶⁰ Wessels *Finansies en Tegniek* 22.

13. KLASSIFIKASIE VAN BATES

Dit is reeds²⁶¹ gemeld dat daardie bates van 'n boedeleienaar sowel as van 'n bestorwe boedel, wat 'n BTW-ondernemer is, wat nie algeheel of gedeeltelik aangewend is om belasbare lewerings in die loop of ter bevordering van 'n BTW-onderneming te maak nie, nie deur BTW geaffekteer word nie. Dit is noodsaaklik dat die boedeleienaar wat 'n BTW-onderneming bedryf, hetsy hy 'n BTW-ondernemer is of nie, sy bates in **drie groepe** indeel ten einde daardie oordragte van bates wat, teoreties gesproke, belasbare lewerings vir BTW-doeleindes daarstel te eien en hierdie indeling duidelik voor oë te hou wanneer hy besin oor hoe om oor sy BTW-onderneming en meegaande ondernemingsbates te beskik.

Die **eerste groep** is die bates wat in geheel aangewend word om belasbare lewerings te maak. Voorbeelde hiervan is die besigheidspersoneel waar die BTW-onderneming bedryf word, handelsvoorraad, kantoormeubels, skryfbehoeftes, rekenaars, kopiereg, patente, handelsmerke, handelsdebiteure, onderdele, lewende hawe, plaas-implemente, trekkers en stropers.²⁶²

Die **tweede groep** is die bates wat gedeeltelik aangewend word om belasbare lewerings te maak. Voorbeelde hiervan is 'n woonhuis vanwaar 'n BTW-onderneming bedryf word en 'n motorvoertuig wat vir huishoudelike sowel as besigheidsdoeleindes aangewend word.²⁶³

Die **derde groep** is die bates wat nie aangewend word in die loop of ter bevordering van die BTW-onderneming nie. Voorbeelde hiervan is 'n woonhuis, wat uitsluitlik vir residensiële doeleindes gebruik word,

²⁶¹ In par 1; Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-9.

²⁶² Arthur en Erasmus *Guideline* 16; Brits *Finansies en Tegniek* 23; SARS VAT 413 *Guide* 17.

²⁶³ SARS VAT 413 *Guide* 18.

huishoudelike meubels en toebehore, strandhuis en 'n motorvoertuig wat nooit vir besigheidsdoeleindes aangewend word nie.²⁶⁴ Dit word algemeen aanvaar dat die plaashuis waarin 'n boer (wat 'n BTW-ondernemer is ten opsigte van sy boerdery) woon, nóg gedeeltelik nóg in geheel aangewend word in die loop of ter bevordering van die boerdery-onderneming.²⁶⁵

Die BTW-wet klassifiseer nie om dowe neutre bates in verhouding tot hul aanwending in die bedryf van 'n BTW-onderneming nie. Daar sal hieronder²⁶⁶ aangetoon word dat, ten opsigte van sowel die verkoop as die vererwing van BTW-ondernemingsbates wat deel uitmaak van die bates van die boedeleienaar of 'n bestorwe boedel, wat 'n BTW-ondernemer is, die reëls met betrekking tot die verantwoording van uitset-BTW ten opsigte van bates wat slegs gedeeltelik aangewend is om belasbare lewerings te maak dieselfde is as dié ten opsigte van bates wat geheel en al aangewend is om belasbare lewerings te maak. Indien uitset-BTW aan die belastinggaarder verantwoordbaar is, mag ten opsigte van bates wat slegs gedeeltelik aangewend is om belasbare lewerings te maak, persentasiegewys 'n aftrekking teen die uitsetbelasting geëis word.²⁶⁷ Hierna word algemeen verwys as "toedeling".²⁶⁸

14. BTW EN DIE VERKOPING VAN ONDERNEMINGSBATES

Sinvolle voordoodse sowel as nadoodse boedelbeplanning vir 'n BTW-ondernemer en nadoodse boedelbeplanning vir 'n boedeleienaar wat 'n BTW-onderneming bedryf, maar nie 'n BTW-ondernemer is nie, vereis dat die BTW-implikasies van die verkoping van die BTW-onderneming en/of die

²⁶⁴ De Koker en Jenkinson *Commentary* 19-23; SARS VAT 413 *Guide* 18.

²⁶⁵ Arthur en Erasmus *Guideline* 116.

²⁶⁶ In para 14 en 15.

²⁶⁷ Art 17(1) gelees met art 18(4); Silver 2002 *Acta Juridica* 215, 217; Stein 1992 *B Law* 232; Meyerowitz 1998 *Taxpayer* 118.

²⁶⁸ SARS VAT 404 *Gids* 31; Kruger *Finansies en Tegniek* 22; Brettenny en Strauss *Studentegids* 32; Du Plessis 1991 *Stell RT* 169; Anon 1992 *Rekeningkunde SA* 53.

ondernemingsbates deur òf die BTW-ondernemer òf die eksekuteur van 'n bestorwe boedel wat 'n BTW-ondernemer is, voor oë gehou word.

Ondernemingsbates word nadoods te gelde gemaak deurdat dit deur of namens die eksekuteur verkoop word gedurende die likwidasiefase van die beredderingsproses.²⁶⁹ Indien daar 'n algehele verkoping van die ondernemingsbates is, sal die BTW-onderneming vir BTW-doeleindes gestaak word op die datum waarop die oordrag van eienaarskap ten opsigte van al die ondernemingsbates voltooi is.²⁷⁰ Die BTW-gevolge van die verkoop van 'n ondernemingsbate sal daarvan afhang of die koper 'n verbonde persoon of 'n nie-verbonde persoon met betrekking tot die oorlede boedeleienaar is sowel as daarvan of die koper 'n BTW-ondernemer is al dan nie.²⁷¹

Die permutasies, wat die omvang van die verkoping, die aard van die verhouding tussen die oorlede boedeleienaar en die koper en die BTW-status van die koper oplewer, is velerlei. Met die omvang van die verkoping word bedoel of die BTW-onderneming en meegaande ondernemingsbates in geheel as lopende saak verkoop word, of slegs 'n gedeelte as lopende saak verkoop word en of ondernemingsbates stuksgewys verkoop word. Vir doeleindes van doeltreffende nadoodse boedelbeplanning behoort ten minste die BTW-gevolge van die hieronder alfabeties-genommerde moontlikhede in aanmerking geneem te word. In die geval waar 'n BTW-onderneming (of gedeelte van 'n BTW-onderneming wat afsonderlik bedryf kan word) as lopende saak verkoop word aan 'n BTW-ondernemer, word, tensy anders vermeld, aangeneem dat aan al die praktyksvereistes vir die lewering van 'n lopende saak voldoen is, sodat die nulkoers geld.²⁷² Dit sluit

²⁶⁹ Sien par 7.

²⁷⁰ Art 24(2); sien par 7.

²⁷¹ Arthur en Erasmus *Guideline* 115 - 116; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19-30 - 19-31.

²⁷² Sien par 12.

byvoorbeeld die vereiste in dat die ondernemingsbates wat nodig is om die onderneming of gedeelte daarvan te bedryf, ingesluit is in die koop.

- (a) Die BTW-onderneming kan as lopende saak verkoop word aan 'n verbonde persoon wat 'n BTW-ondernemer is. Die bestorwe boedel sal uitset-BTW teen die nulkoers moet verantwoord.²⁷³ Nòg die bestorwe boedel nòg die koper sal dus enige uitset-BTW dra.
- (b) Die BTW-onderneming kan as lopende saak verkoop word aan 'n verbonde persoon wat nòg 'n BTW-ondernemer is op die datum van oordrag van eiendomsreg nòg wie se registrasie as BTW-ondernemer deur die belastinggaarder teruggedateer word tot die datum van oordrag van eiendomsreg. Die bestorwe boedel sal uitset-BTW teen die standaardkoers op die meeste van die ope-markwaarde van die onderneming en die koopsom (hierna "geldvergoeding" genoem) moet verantwoord.²⁷⁴ Teoreties gesproke sal die koper die uitset-BTW, bereken op die geldvergoeding, moet dra en die bestorwe boedel die uitset- BTW, bereken op die verskil tussen die ope-markwaarde en die geldvergoeding (indien laasgenoemde minder is as die ope-markwaarde) moet dra.
- (c) Die BTW-onderneming kan as lopende saak verkoop word aan 'n nie-verbonde persoon wat 'n BTW-ondernemer is. Die bestorwe boedel sal uitset-BTW teen die nulkoers moet verantwoord.²⁷⁵ Nòg die bestorwe boedel nòg die koper sal gevolglik enige uitset-BTW dra.
- (d) Die BTW-onderneming kan as lopende saak verkoop word aan 'n nie-

²⁷³ Abrie, Graham en Liebenberg *Boedelbeplanning* 92.

²⁷⁴ De Koker en Jenkinson *Commentary* 19-31; SARS VAT 413 *Guide* 30 - 31.

²⁷⁵ SARS VAT 413 *Guide* 29; Arthur en Erasmus *Guideline* 116.

verbonde persoon wat nòg 'n BTW-ondernemer is op die datum van oordrag van eiendomsreg nòg wie se registrasie as BTW-ondernemer deur die belastinggaarder teruggedateer word tot die datum van oordrag van eiendomsreg. Die bestorwe boedel sal uitset-BTW teen die standaardkoers op die geldvergoeding moet verantwoord.²⁷⁶ Die koper sal dus die uitset-BTW dra.

- (e) 'n Ondernemingsbate kan stuksgewys verkoop word aan 'n verbonde persoon wat 'n BTW-ondernemer is. Indien die koper van plan is om die ondernemingsbate in geheel (nie slegs gedeeltelik nie) aan te wend om belasbare lewerings te maak, sal hy geregtig wees op 'n volle insetbelasting-aftrekking ten opsigte van die lewering.²⁷⁷ In sodanige situasie, bepaal die BTW-wet, is die waarde van die lewering die geldvergoeding, selfs al is die geldvergoeding minder as die ope-markwaarde.²⁷⁸ Gevolglik sal die bestorwe boedel uitset-BTW teen die standaardkoers op die geldvergoeding moet verantwoord. Die koper sal dus die uitset-BTW dra.

Indien die koper die ondernemingsbate slegs gedeeltelik gaan aanwend om belasbare lewerings te maak of geensins gaan aanwend om belasbare lewerings te maak nie, moet die bestorwe boedel uitset-BTW teen die standaardkoers op die meeste van die ope-markwaarde van die ondernemingsbate en die geldvergoeding verantwoord.²⁷⁹ Soos in (b) hierbo sal die koper die uitset-BTW betaalbaar op die geldvergoeding dra en indien die ope-markwaarde meer is as die geldvergoeding, sal die bestorwe boedel die uitset-BTW wat betaalbaar is op die verskil, dra.

²⁷⁶ Art 7(1)(a) gelees met *BTW-Praktyknota 14* par 2.2.

²⁷⁷ Art 17(1); Stack, Cronje en Hamel *Belasting* 529.

²⁷⁸ Art 10(4) gelees met art 16(3); Abrie, Graham en Liebenberg *Boedelbeplanning* 92; De Koker en Kruger *VAT* 11-10; Huxham en Haupt *Notes* 616.

- (f) 'n Ondernemingsbate kan stuksgewys verkoop word aan 'n verbonde persoon wat nie 'n BTW-ondernemer is nie. Die bestorwe boedel sal uitsetbelasting teen die standaardkoers op die meeste van die opemarkwaarde van die ondernemingsbate en die geldvergoeding moet verantwoord.²⁸⁰ Die posisie ten opsigte van wie die uitset-BTW dra, is soos in (b).
- (g) 'n Ondernemingsbate kan stuksgewys verkoop word aan 'n nie-verbonde persoon wat 'n BTW-ondernemer is. Die bestorwe boedel sal uitset-BTW teen die standaardkoers op die geldvergoeding moet verantwoord.²⁸¹ Die koper dra die uitset-BTW.
- (h) 'n Ondernemingsbate kan stuksgewys verkoop word aan 'n nie-verbonde persoon wat nie 'n BTW-ondernemer is nie. Die bestorwe boedel sal uitset-BTW teen die standaardkoers op die geldvergoeding moet verantwoord.²⁸² Die koper dra die uitset-BTW.
- (i) 'n Boedeleienaar kan testamentêr van 'n kombinasie van bogenoemde moontlikhede gebruik maak, byvoorbeeld die verkoop van 'n gedeelte (of gedeeltes) van die BTW-onderneming wat afsonderlik bedryf kan word as lopende saak (sake) en die stuksgewyse verkoop van die res van die ondernemingsbates aan verskillende kombinasies van verbonde/nie-verbonde persone en BTW-ondernemers/nie-BTW-ondernemers. Uitset-BTW sal verantwoord moet word in ooreenstemming met die toepaslike aanspreeklikheidsreëls soos in die agt moontlikhede hierbo uiteengesit.

²⁷⁹ Art 10(4); Stack, Cronje en Hamel *Belasting* 523.

²⁸⁰ Brettenny en Strauss *Studentegids* 63, 93; Arthur en Erasmus *Guideline* 116.

²⁸¹ Abrie *et al Bestorwe Boedels* 215; Abrie, Graham en Liebenberg *Boedelbeplanning* 92; Arthur en Erasmus *Guideline* 116.

²⁸² Arthur en Erasmus *Guideline* 116; Brettenny en Strauss *Studentegids* 65 - 66, 98; Stack, Cronje en Hamel *Belasting* 533.

Op bogenoemde aanspreeklikheidsreëls is daar uitsonderings waarvan die boedeleienaar kennis behoort te neem. Die verkoop van 'n motorvoertuig (soos omskryf in die BTW-wet) wat 'n ondernemingsbate is, is 'n vrygestelde lewering, behalwe as dit handelsvoorraad was.²⁸³ Die verkoop van enigiets wat deur die ondernemer aangeskaf is vir onthaaldoeleindes sal ook 'n vrygestelde lewering daarstel, behalwe as 'n insetbelasting-aftrekking ten opsigte daarvan toegestaan was.²⁸⁴ Die lewering van woonakkommodasie deur middel van 'n verkooptransaksie is nie onderhewig aan BTW nie: Die koper moet daarop hereregte²⁸⁵ betaal.²⁸⁶

Die BTW-wet bepaal dat in die geval van die verkoop van 'n ondernemingsbate wat slegs gedeeltelik aangewend is in die loop of ter bevordering van die BTW-onderneming, geag word dat die lewering daarvan aan die koper in geheel gemaak word in die loop of ter bevordering van die betrokke onderneming.²⁸⁷ Ingevolge die BTW-wet sal die bestorwe boedel wel 'n aftrekking ooreenkomstig die mate waarin die bate vir privaatdoeleindes aangewend is, teen die uitsetbelasting wat verantwoord is, kan eis.²⁸⁸ Sodanige aftrekking word bereken deur die toepassing van die belastingbreukdeel (14/114)²⁸⁹ op die minste van die kosprys en die ope-markwaarde van die bate op die datum van verkoop en om die resultaat daarna te vermenigvuldig met die persentasie waarin die bate vir privaatdoeleindes aangewend is.²⁹⁰

Indien 'n BTW-ondernemer of 'n boedeleienaar wat 'n BTW-onderneming bedryf, maar nie 'n BTW-ondernemer is nie, gevolglik oorweeg om

²⁸³ Art 17(2)(c) gelees met art 8(14).

²⁸⁴ Brettenny en Strauss *Studentegids* 30.

²⁸⁵ Die belasting wat betaalbaar is wanneer vaste eiendom verkoop word.

²⁸⁶ Art 9(15) van die Wet op Hereregte 40 van 1949; Meyerowitz 1991 *Taxpayer* 148.

²⁸⁷ Art 8(16)(a).

²⁸⁸ Art 18(4); Anon 1992 *Rekeningkunde SA* 53.

²⁸⁹ Stack, Cronje en Hamel *Belasting* 526; Brettenny en Strauss *Studentegids* 34; Friedland *Finansies en Tegniek* 26; Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-3.

²⁹⁰ Art 16(3)(h); sien par 3; Huxham en Haupt *Notes* 614.

testamentêre aanwysings vir die tegeldemaking van die BTW-onderneming en/of ondernemingsbates te gee, moet hy dus in aanmerking neem dat die BTW-gevolge van die tegeldemaking sal afhang daarvan of die koper 'n verbonde persoon of nie met betrekking tot hom of sy bestorwe boedel is sowel as daarvan of die koper 'n BTW-ondernemer is of nie.

Die BTW-gevolge van die verkoping deur 'n BTW-ondernemer tydens sy lewe van 'n BTW-onderneming en ondernemingbates is dieselfde as wat hierbo uiteengesit is met betrekking tot die verkoping van 'n BTW-onderneming en ondernemingbates deur 'n eksekuteur van 'n bestorwe boedel wat 'n BTW-ondernemer is.

15. BTW EN DIE SKENKING OF VERERWING VAN ONDERNEMINGSBATES

Tydens die voordoodse boedelbeplanning van 'n BTW-ondernemer kan die skenking van die BTW-onderneming en/of die ondernemingsbates ter sprake kom. Eweneens kan tydens die nadoodse boedelbeplanning van 'n BTW-ondernemer en van 'n boedeleienaar wat 'n BTW-onderneming bedryf, maar nie 'n BTW-ondernemer is nie, die vererwing van die BTW-onderneming en/of die ondernemingbates ter sprake kom. Indien dit byvoorbeeld gerade geag word dat die BTW-onderneming en/of ondernemingbates vererf, behoort die BTW-implikasies daarvan eers ondersoek te word.

Waar 'n BTW-onderneming testamentêr as lopende saak bemaak word, moet seker gemaak word dat die gebou waarin die onderneming bedryf word, indien dit aan die boedeleienaar behoort, ook bemaak word. Die rede hiervoor is dat die bemaking van die onderneming nie outomaties die gebou insluit nie.²⁹¹ As kontantgeld 'n ondernemingsbate is wat vererf, sal

²⁹¹ Cloete *Jou Geldsake* 3.

geen uitsetbelasting op die lewering daarvan verantwoord hoof te word nie.²⁹²

In die geval waar die erfopvolger ten opsigte van 'n lopende saak nie 'n BTW-ondernemer is nie, kan hy, voordat die BTW-onderneming²⁹³ (of gedeelte daarvan wat afsonderlik bedryf kan word) aan hom oorgedra word, vrywilliglik aansoek doen om as BTW-ondernemer geregistreer te word. Die vereistes wat die BTW-wet stel vir die aansoek om suksesvol te wees, is soos volg.²⁹⁴ Die BTW-onderneming sal uiteindelik as lopende saak deur die bestorwe boedel gelewer word. Die erfopvolger is voornemens om die onderneming vanaf 'n bepaalde datum te bedryf. Die totale waarde van die belasbare lewerings deur die oordele boedeleienaar en/of die bestorwe boedel in die bedryf van die onderneming gemaak, het R20 000 oor 'n tydperk van twaalf maande oorskry.

As algemene reël kan gestel word dat enige oordrag deur die eksekuteur van bates wat deel gevorm het van die BTW-onderneming, onderhewig sal wees aan BTW.²⁹⁵ Dieselfde agt en verdere moontlikhede wat hierbo²⁹⁶ uiteengesit is tydens die bespreking van die BTW-implikasies van die verkoping van 'n BTW-onderneming en ondernemingsbates kan toepassing vind by die oordra van 'n BTW-onderneming en ondernemingsbates aan erfopvolgers. Die omgewende omstandighede sal egter nie altyd dieselfde wees nie vanweë die feit dat 'n verkoping met 'n geldvergoeding gepaardgaan, terwyl 'n erfopvolging, tensy daar 'n bemakingsprys betaalbaar is, nie met 'n geldvergoeding gepaardgaan nie. Tensy anders vermeld, word in die geval van die vererwing van 'n BTW- onderneming

²⁹² SARS VAT 413 Guide 28.

²⁹³ Ingesluit die ondernemingsbates wat nodig is om die onderneming te bedryf.

²⁹⁴ Art 23(3)(c).

²⁹⁵ Genis 31 Mei 1998 *Sake Rapport 4*; SARS VAT 413 Guide 19.

²⁹⁶ Sien par 14.

(of gedeelte van 'n BTW-onderneming wat afsonderlik bedryf kan word) as 'n lopende saak aan 'n BTW-ondernemer, weer eens aanvaar dat die praktyksvereistes vir die lewering van 'n lopende saak nagekom is en dat die nulkoers gevolglik geld. Dit sluit die vereiste dat die ondernemingsbates wat nodig is om die BTW-onderneming (of gedeelte daarvan) te bedryf, ingesluit is in die bemaking. Tensy anders vermeld, word aanvaar dat geen bemakingspryse betaalbaar is nie en dat die geldvergoeding dus nul is.

Vir doeleindes van doeltreffende boedelbeplanning behoort die BTW-gevolge van ten minste die volgende moontlikhede in aanmerking geneem te word:

- (a) Die BTW-onderneming vererf as 'n lopende saak aan 'n verbonde persoon wat 'n BTW-ondernemer is. Die bestorwe boedel sal uitset-BTW teen die nulkoers moet verantwoord.²⁹⁷ Nòg die bestorwe boedel nòg die erfopvolger hoef gevolglik enige uitset-BTW te dra.
- (b) Die BTW-onderneming vererf as lopende saak aan 'n verbonde persoon wat nòg 'n BTW-ondernemer is op die datum van oordrag van eiendomsreg nòg wie se registrasie as BTW-ondernemer deur die belastinggaarder teruggedateer word tot die datum van oordrag van eiendomsreg. Die bestorwe boedel sal uitset-BTW teen die standaardkoers op die ope-markwaarde van die lewering moet verantwoord.²⁹⁸ Teoreties gesproke sal die bestorwe boedel die uitset-BTW moet dra.
- (c) Die BTW-onderneming vererf as lopende saak aan 'n nie-verbonde persoon wat 'n BTW-ondernemer is. Die bestorwe boedel sal uitset-

²⁹⁷ Divaris 1994 *Taxgram* 6.

²⁹⁸ Clegg *Practical Guide* 94; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19-31.

BTW teen die nulkoers moet verantwoord.²⁹⁹ Nòg die bestorwe boedel nòg die erfopvolger sal dus uitset-BTW hoef te dra.

- (d) Die BTW-onderneming vererf as lopende saak aan 'n nie-verbonde persoon wat nie 'n BTW-ondernemer is nie. Die bestorwe boedel sal uitset-BTW teen die standaardkoers moet verantwoord op nul.³⁰⁰ Die posisie ten opsigte van die dra van uitset-BTW is dieselfde as in (c).
- (e) 'n Ondernemingsbate vererf stuksgewys aan 'n verbonde persoon wat 'n BTW-ondernemer is. Die bestorwe boedel sal uitset-BTW moet verantwoord teen die standaardkoers op die ope-markwaarde van die lewering indien die erfopvolger (indien hy die ope-markwaarde betaal het) nie op 'n volle insetbelasting-afrekkung geregtig is nie.³⁰¹ Dit beteken gevolglik dat indien die erfopvolger nie die ondernemingsbate, wat hy erf, in geheel gaan aanwend in sy BTW-onderneming om belasbare lewerings te maak nie, die bestorwe boedel uitset-BTW moet verantwoord teen die standaardkoers op die ope-markwaarde van die ondernemingsbate.³⁰² Die uitset-BTW wat verantwoord moet word aan die belastinggaarder word bereken deur die belastingbreukdeel³⁰³ te vermenigvuldig met die ope-markwaarde.³⁰⁴ Ten opsigte van plaasgrond word die Landbankwaarde nie as weerspieëling van die ope-markwaarde beskou nie.³⁰⁵ In bogenoemde omstandighede sal die toepaslike uitset-BTW gevolglik deur die bestorwe boedel gedra word.

Die BTW-wet bepaal dat waar die leweraar en ontvanger verbonde persone is, die tydstep van lewering, in die geval van goed wat verwyder

²⁹⁹ Genis 31 Mei 1998 *Sake Rapport 4*; Arthur en Erasmus *Guideline* 116.

³⁰⁰ Meyerowitz 1992 *Taxpayer* 169; SARS VAT 413 *Guide* 29.

³⁰¹ Genis 31 Mei 1998 *Sake Rapport 4*.

³⁰² Art 10(4); De Koker en Jenkinson *Commentary* 19 - 11; Arthur en Erasmus *Guideline* 116; Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-9.

³⁰³ Sien par 14 en vn 289.

³⁰⁴ Art 3; SARS VAT 413 *Guide* 31.

³⁰⁵ Arthur en Erasmus *Guideline* 121.

moet word, die tydstip is waarop dit verwyder moet word en in die geval van goed wat nie verwyder moet word nie, die tydstip is waarop dit aan die ontvanger beskikbaar gestel word.³⁰⁶ Waar die erfopvolger nie die ondernemingsbate in geheel gaan aanwend in sy BTW-onderneming om belasbare lewerings te maak nie, is die tydstip van lewering egter die kansellasiedatum^{307, 308}. Die tydstip van lewering is belangrik aangesien dit die belastingtydperk bepaal waarbinne die eksekuteur van die lewering rekenskap³⁰⁹ moet gee.³¹⁰

Indien die erfopvolger die ondernemingsbate wat hy erf in geheel gaan aanwend in sy BTW-onderneming (om belasbare lewerings te maak) is hy geregtig op 'n volle insetbelasting-aftrekking indien hy veronderstellenderwys die ope-markwaarde betaal het.³¹¹ Op voorwaarde dat die erfopvolger alreeds 'n BTW-ondernemer is vóór òf die tydstip waarop die ondernemingsbate verwyder moet word òf (indien nie verwyder moet word nie) die tydstip waarop dit aan die erfopvolger beskikbaar gestel word, mag die bestorwe boedel dan uitset-BTW verantwoord teen die standaardkoers op nul.³¹² In hiërdie omstandighede sal nóg die bestorwe boedel nóg die erfopvolger dus enige uitset-BTW hoef te dra.

Wanneer die bestorwe boedel uitset-BTW moet verantwoord teen die standaardkoers op die ope-markwaarde van die ondernemingsbate is dit dus in een opsig asof geag word dat die ondernemingsbate vir 'n bedrag gelykstaande aan die ope-markwaarde verkoop is aan die erfopvolger en in 'n ander opsig asof geag word dat die erfopvolger 'n

³⁰⁶ Art 9(2)(a)(i) en (ii); Stack, Cronje en Hamel *Belasting* 532.

³⁰⁷ Datum waarop die bestorwe boedel se registrasie as BTW-ondernemer gekanselleer word.

³⁰⁸ Arthur en Erasmus *Guideline* 122.

³⁰⁹ Die verantwoording van uitset-BTW.

³¹⁰ Art 9(2); Meyerowitz 1992 *Taxpayer* 170.

³¹¹ Pace en Van der Westhuizen *Trusts* 99.

³¹² Art 10(4); Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-9.

bemakingsprys gelykstaande aan die ope-markwaarde ten opsigte van die ondernemingsbate betaal het. Hierdie uitset-BTW word deur die bestorwe boedel gedra en kan nóg in terme van die BTW-wet nóg andersins van die erfopvolger verhaal word.³¹³ As voorsorgmaatreeël behoort daar derhalwe vroegtydig deur die boedeleienaar vir die nodige fondse ter delging van hierdie boedellas voorsiening gemaak te word. Die negatiewe uitwerking van hierdie boedellas op die kontantvloei van die bestorwe boedel kan andersyds teëgewerk word deur 'n bemakingsprys, gelykstaande aan die ope-markwaarde van die ondernemingsbate, aan die erflating te koppel.³¹⁴

- (f) 'n Ondernemingsbate vererf stuksgewys aan 'n verbonde persoon wat nie 'n BTW-ondernemer is nie. Die bestorwe boedel sal uitset-BTW teen die standaardkoers op die ope-markwaarde van die lewering moet verantwoord.³¹⁵ Die bestorwe boedel sal gevolglik die uitset-BTW dra.
- (g) 'n Ondernemingsbate vererf stuksgewys aan 'n nie-verbonde persoon wat 'n BTW-ondernemer is. Die bestorwe boedel sal uitset-BTW teen die standaardkoers moet verantwoord op nul.³¹⁶ Nóg die bestorwe boedel nóg die erfopvolger sal enige uitset-BTW hoef te dra.
- (h) 'n Ondernemingsbate vererf stuksgewys aan 'n nie-verbonde persoon wat nie 'n BTW-ondernemer is nie. Die bestorwe boedel sal uitset-BTW teen die standaardkoers moet verantwoord op nul.³¹⁷ Nóg die bestorwe boedel nóg die erfopvolger sal enige uitset-BTW hoef te dra.

³¹³ Wessels *Finansies en Tegniek* 22.

³¹⁴ Sien par 18.

³¹⁵ Meyerowitz 1992 *Taxpayer* 170; Genis 31 Mei 1998 *Sake Rapport* 4.

³¹⁶ Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-9; Abrie, Graham en Liebenberg *Boedelbeplanning* 92; Genis 31 Mei 1998 *Sake Rapport* 4.

³¹⁷ Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-9; Genis 31 Mei 1998 *Sake Rapport* 4.

- (i) 'n Boedeleienaar kan testamentêr van 'n kombinasie van bogenoemde moontlikhede gebruik maak, byvoorbeeld die vererwing van 'n gedeelte (of gedeeltes) van 'n BTW-onderneming wat afsonderlik bedryf kan word as lopende saak (sake) en die stuksgewyse vererwing van die res van die ondernemingsbates aan verskillende kombinasies van verbonde/nie-verbonde persone en BTW-ondernemers/nie-BTW-ondernemers. Uitset-BTW sal verantwoord moet word in ooreenstemming met die toepaslike reëls soos in die agt moontlikhede hierbo uiteengesit.

In die geval waar 'n erfopvolger, wat nie 'n verbonde persoon is nie, 'n bemakingsprys ten opsigte van 'n ondernemingsbate betaal, moet die bestorwe boedel uitset-BTW op die bemakingsprys verantwoord.³¹⁸ Die erfopvolger sal die uitset-BTW dra.

In die geval waar 'n erfopvolger, wat sowel 'n verbonde persoon as 'n BTW-ondernemer is, 'n bemakingsprys ten opsigte van 'n ondernemingsbate betaal en hy nie sodanige ondernemingsbate in geheel gaan aanwend om belasbare lewerings te maak nie, moet die bestorwe boedel uitset-BTW teen die standaardkoers op die meeste van die ope-markwaarde van die ondernemingsbate en die bemakingsprys verantwoord.³¹⁹ Die erfopvolger sal die uitset-BTW bereken op die bemakingsprys dra en indien die ope-markwaarde meer is as die koopsom, sal die bestorwe boedel die uitset-BTW, bereken op die verskil, dra.

In die geval waar 'n erfopvolger, wat 'n verbonde persoon is maar nie 'n BTW-ondernemer is nie, 'n bemakingsprys ten opsigte van 'n ondernemingsbate betaal, moet die bestorwe boedel uitset-BTW teen die

³¹⁸ Arthur en Erasmus *Guideline* 132(F); SARS VAT 413 *Guide* 31; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19 - 32.

³¹⁹ Art 10(4); Genis 31 Mei 1998 *Sake Rapport* 4; Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-9.

standaardkoers op die meeste van die ope-markwaarde van die ondernemingsbate en die bemakingsprys verantwoord.³²⁰ Die posisie ten opsigte van die dra van uitset-BTW is dieselfde as in die onmiddelik voorafgaande paragraaf.

Op die aanspreeklikheidsreëls soos bespreek ten opsigte van die agt³²¹ moontlikhede is daar uitsonderings waarop die boedeleienaar bedag moet wees. Hierdie uitsonderings is dieselfde as wat vroeër³²² genoem is.

Soos in die geval met die verkoop van 'n ondernemingsbate wat slegs gedeeltelik aangewend is om belasbare lewerings te maak, sal die bestorwe boedel by die vererwing van sulke bates ook geregtig wees om 'n aftrekking teen die uitset-BTW, ooreenkomstig die mate waarin die bate vir private doeleindes aangewend is, te eis.³²³

Wanneer die boedeleienaar oorweging daaraan skenk om sy BTW-onderneming en/of ondernemingsbates te laat vererf, kan vir boedelbeplanningsdoeleindes gevolglik aanvaar word dat die BTW-aanspreeklikheidsreëls by vererwing in alle wesentlike opsigte ooreenstem met dié by verkoping.

Die BTW-gevolge van die skenking deur 'n BTW-ondernemer tydens sy lewe van 'n BTW-onderneming en ondernemingbates is dieselfde as wat hierbo uiteengesit is met betrekking tot die vererwing van 'n BTW-onderneming en ondernemingbates vanuit 'n bestorwe boedel wat 'n BTW-ondernemer is.

16. BTW EN GEMEENSKAPLIKE BOEDELS

³²⁰ Arthur en Erasmus *Guideline* 123.

³²¹ (a) tot (i) hierbo.

³²² Sien par 14.

³²³ Sien par 14.

Indien 'n BTW-onderneming deel uitmaak van die bates van 'n gemeenskaplike³²⁴ boedel ontstaan die vraag watter gevolge, BTW-gesproke, gaan intree vanwee die beredding van die gemeenskaplike boedel ná die afsterwe van 'n gade.

Vir BTW-doeleindes word 'n egpaar, wat binne gemeenskap van goed getroud is, beskou as soortgelyk aan 'n vennootskap.³²⁵ Dit beteken dat die gemeenskaplike boedel as afsonderlik van die gades beskou word.³²⁶ Alhoewel slegs die man of slegs die vrou as BTW-ondernemer geregistreer is ten opsigte van die BTW-onderneming, wat hy/sy onderskeidelik in sy/haar naam³²⁷ vir eie rekening bedryf, word dit ingevolge die BTW-wet geag dat die gemeenskaplike boedel die onderneming bedryf, ofte wel dat die gemeenskaplike boedel die belasbare lewerings maak in die loop of ter bevordering van die onderneming.³²⁸

Indien beide gades afsonderlik vir eie rekening 'n BTW-onderneming bedryf, sal elkeen ingevolge die huweliksgoederebedeling die eienaar wees van 'n onverdeelde halwe aandeel van elke BTW-onderneming en die meegaande ondernemingsbates.³²⁹ Wanneer een gade te sterwe kom, beredder die eksekuteur nie slegs die eersterwende gade se onverdeelde halwe aandeel van die gemeenskaplike boedel nie, maar die gemeenskaplike boedel in geheel.³³⁰

Indien beide gades afsonderlik sy/haar BTW-onderneming bedryf en geeneen is 'n BTW-ondernemer nie, omrede die ondernemings (afsonderlik

³²⁴ Ook gesamentlike of gekombineerde boedel genoem.

³²⁵ SARS VAT 413 Guide 32; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19 - 32; sien par 5.

³²⁶ Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-6 en 8A-10.

³²⁷ Of in 'n handelsnaam.

³²⁸ Art 51(1).

³²⁹ Van Gijsen 29 April 2001 *Sake Rapport* 19; Holtzhausen 23 Augustus 1998 *Sake Rapport* 4; Scott *Boedels* 16.

³³⁰ Art 51(2) gelees met art 46(g).

beoordeel) nie die registrasiedrempel oorskry nie, moet die eksekuteur, wanneer hy die terugwerkende- en vooruitwerkende registrasietoets doen, die versamelende³³¹ totale waarde van die belasbare lewerings wat elk in die loop of ter bevordering van sy/haar onderneming maak, bereken.³³² Indien die versamelende totale waarde die registrasiedrempel oorskry, moet die eksekuteur aansoek doen om die bestorwe gemeenskaplike boedel se registrasie as BTW-ondernemer.³³³

Gestel die gemeenskaplike boedel het 'n bate in die vorm van 'n enkele BTW-onderneming en die langsliewende gade is testamentêr aangewys as enigste erfgenaam. Terwyl beide nog geleef het, was slegs een gade in sy/haar hoedanigheid as natuurlike persoon geregistreer as BTW-ondernemer. Ongeag watter gade eerste sterf, die bestorwe gemeenskaplike boedel sal daarna die BTW-ondernemer wees. Watter gade ook al oorspronklik as BTW-ondernemer geregistreer was, die vererwing van sy/haar onverdeelde halwe aandeel in die onderneming³³⁴ na die langsliewende sal 'n belasbare lewering vir BTW-doeleindes daarstel.³³⁵ Daarbenewens word die oordrag van die langsliewende se onverdeelde halwe aandeel in die BTW-onderneming na die langsliewende ook geag 'n belasbare lewering daar te stel. Die reël is dat die bestorwe gemeenskaplike boedel dan uitset-BTW moet verantwoord teen die standaardkoers op die ope-markwaarde van die onderneming in sy geheel^{336, 337}. Alhoewel die langsliewende gade dus slegs die onverdeelde halwe aandeel erf, vind, BTW-gesproke, oordrag van die BTW-onderneming in sy geheel vanaf die bestorwe gemeenskaplike boedel na die langsliewende plaas.³³⁸

³³¹ Ook kumulatiewe genoem.

³³² SARS VAT 413 *Guide* 11; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19-18.

³³³ SARS VAT 413 *Guide* 11; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19-18.

³³⁴ Dit sluit die ondernemingbates wat nodig is om die onderneming te bedryf in.

³³⁵ Genis 31 Mei 1998 *Sake Rapport* 4.

³³⁶ In stede van op die onverdeelde halwe aandeel van die eersterwende.

³³⁷ Arthur en Erasmus *Guideline* 132 - 132(A).

³³⁸ Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 8A-10.

Die langsewende gade word beskou as 'n verbonde persoon met betrekking tot die bestorwe gemeenskaplike boedel.³³⁹ Die BTW-implikasie van 'n erfregtelike oordrag vanaf die bestorwe gemeenskaplike boedel na die langsewende gade is gevolglik dat, tensy die langsewende gade 'n BTW-ondernemer is en die BTW-onderneming³⁴⁰ as lopende saak oorgedra word of die ondernemingsbates (indien dit stuksgewys oorgedra word) in geheel aangewend gaan word in die loop of ter bevordering van 'n BTW-onderneming (ten opsigte waarvan die langsewende gade 'n BTW-ondernemer is) van die langsewende gade, die bestorwe gemeenskaplike boedel uitset-BTW teen die standaardkoers moet verantwoord op die ope-markwaarde van die BTW-onderneming en/of ondernemingsbates.³⁴¹

Uit die bespreking hierbo blyk dat die bereddering van 'n BTW-onderneming wat deel uitmaak van 'n bestorwe gemeenskaplike boedel derhalwe in sommige opsigte ongewone reghandling het. Kennis hiervan is noodsaaklik vir doelmatige boedelbeplanning.

17. BTW EN BOEDELSAMESMELTING

Boedelsamesmelting, verwoord in 'n testament, word dikwels as beplanningswerktuig aangewend. As sodanig maak dit deel uit van nadoodse boedelbeplanning. Wanneer 'n BTW-onderneming, of 'n gedeelte daarvan, testamentêr betrek word by boedelsamesmelting moet rekening gehou word met die BTW-implikasies wat boedelsamesmelting vir die onderskeie boedels sal meebring.

³³⁹ De Koker en Kruger *VAT 10-9*; Divaris 1994 *Taxgram 6*; Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning 8A-10*.

³⁴⁰ Sien vn 330.

³⁴¹ Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning 8A-10*.

Wanneer testamentêre boedelsamesmelting as beplanningsinstrument gebruik word, word gewoonlik van artikel 37 van die Boedelwet³⁴² gebruik gemaak.

Normaalweg het gades³⁴³ een van twee basiese motiverings vir testamentêre boedelsamesmelting. Hulle meen òf dat dit 'n beter resultaat tot gevolg sal hê as wat die geval sou wees waar hul mekaar oor en weer as alleen-erfgename aanwys en die langlewende die goed dan ná sy/haar dood weer aan die kinders bemaak òf hulle wil daardeur 'n werklike verkleining van die langlewende se boedel bewerkstellig.³⁴⁴ In eersgenoemde geval is die rede meestal om ter wille van die kinders die langlewende te verhinder om sy/haar onverdeelde halwe aandeel van die gemeenskaplike³⁴⁵ boedel (of die hele gemeenskaplike boedel) aan 'n volgende eggenoot na te laat.³⁴⁶

Die aanvoorwerk vir testamentêre boedelsamesmelting behels dat twee (of meer) persone hulle afsonderlike³⁴⁷ boedels (of gedeeltes van hul afsonderlike boedels) ingevolge 'n gesamentlike testament saamsmelt³⁴⁸ en dan in sodanige gesamentlike testament oor die aldus saamgesmelte³⁴⁹ boedel beskik.³⁵⁰ Wat egter dikwels uit die oog verloor word, is dat die gades se sterftes normaalweg radikaal verskil wat die finansiële gevolge betref.³⁵¹

³⁴² 66 van 1965.

³⁴³ Persone wat nie met mekaar getroud is nie kan ook hulle boedels saamsmelt.

³⁴⁴ Derksen 1980 *MB* 1.

³⁴⁵ In die geval van gades wat binne gemeenskap van goed getroud is.

³⁴⁶ Cilliers 1984 *De Rebus* 504; *Davey Handbook* 31.

³⁴⁷ Dit sluit in die onverdeelde halwe aandeel van die gemeenskaplike boedel van gades wat binne gemeenskap van goed getroud is.

³⁴⁸ Verenig of ineensmelt.

³⁴⁹ Verenigde of ineengesmelte.

³⁵⁰ 'n Gesamentlike testament is 'n enkele dokument waarin meerdere persone oor hulle boedels beskik; *Davey Handbook* 43 - 44, 47; *Wiechers Testamente* 82 - 83; *Genis* 5 Julie 1998 *Sake Rapport* 4.

³⁵¹ Cloete *Jou Geldsake* 5. Dit is beter as die twee sterfgevälle apart in die testament hanteer word en die bemakings en bepalings by elke sterfgeval toepaslik aangepas word.

Wanneer 'n egpaar binne gemeenskap van goed trou, vind 'n ander soort boedelsamesmelting plaas. Vóór die troue het elke gade sy/haar eie boedel gehad en ná die troue is daar een gemeenskaplike boedel. Elkeen is regtens die eienaar van 'n onverdeelde halwe aandeel van die gemeenskaplike boedel. 'n Gade wat binne gemeenskap van goed getroud is se "boedel" bestaan dus regskundig uit 'n onverdeelde halwe aandeel van die gemeenskaplike boedel.³⁵²

Die voltooiing van testamentêre boedelsamesmelting behels dat die langsliewende party die testamentêre bepalings betreffende boedelsamesmelting skriftelik aanvaar (goedkeur).³⁵³ Die boedels wat sodoende saamsmelt, is dus die eersterwende se bestorwe boedel en die langsliewende se lewende boedel.

'n Egpaar wat binne gemeenskap van goed getroud is, kan hul boedels³⁵⁴ testamentêr saamsmelt. Vir BTW-doeleindes sal die onverdeelde halwe aandele van elke gade desondanks ná voltooiing van boedelsamesmelting bly voortbestaan. Ten opsigte van huwelike binne gemeenskap van goed sal testamentêre boedelsamesmelting dus nie 'n verandering in die BTW-aanspreeklikheid normaalweg van krag op gemeenskaplike boedels meebring nie en sal die BTW-gevolge derhalwe dieselfde wees as wat hierbo³⁵⁵ uiteengesit is ten opsigte van gemeenskaplike boedels.

As die boedeleienaar se BTW-onderneming (hetsy hy ten opsigte daarvan 'n BTW-ondernemer is of nie) alreeds ingevolge 'n gesamentlike testament betrek is by boedelsamesmelting, of as hy oorweging daaraan skenk om sy

³⁵² Sien par 16.

³⁵³ Arthur en Erasmus *Guideline* 132; Abrie, Graham en Liebenberg *Boedelbeplanning* 24; Genis 5 Julie 1998 *Sake Rapport* 4.

³⁵⁴ Dit wil sê elkeen se onverdeelde halwe aandeel van die gemeenskaplike boedel.

³⁵⁵ Sien par 16.

BTW-onderneming by testamentêre boedelsamesmelting te betrek, moet hy vir doeleindes van sinvolle boedelbeplanning vertrouwd gemaak word met die BTW-gevolge wat as gevolg van adiasie³⁵⁶ sal intree.

In die bespreking hierna word dit geag dat die boedelsamesmelting plaasvind tussen boedels (of gedeeltes van boedels) van BTW-ondernemers wat buite gemeenskap van goed met mekaar getroud is en waar die langsewende geadieer het. Aangesien BTW slegs BTW-ondernemings en gepaardgaande ondernemingsbates affekteer, impliseer dit noodwendig dat die boedelsamesmelting ten minste BTW-ondernemings en die gepaardgaande ondernemingsbates insluit.

Wanneer die BTW-gevolge bepaal word, word die boedels (of gedeeltes van boedels), wat saamgesmelt het, steeds apart van mekaar bejeën. Gesien uit 'n BTW-oogpunt het boedelsamesmelting dus tot gevolg dat, afsonderlik van mekaar, sowel die boedel³⁵⁷ van die eersterwende as die boedel van die langsewende, belasbare lewerings maak tydens die vererwing van die saamgesmelte bates. In teenstelling met die gemeenskaplike boedel van gades wat binne gemeenskap van goedere getroud was³⁵⁸ word die belasbare lewerings dus nie geag gemaak te word deur 'n enkele saamgesmelte boedel nie.

In die praktyk gee die langsewende party nie die geheel of gedeelte van sy/haar BTW-onderneming en meegaande ondernemingsbates prys nie tensy hy/sy in ruil daarvoor 'n beperkte reg ten opsigte van die BTW-ondernemings en ondernemingsbates in die saamgesmelte boedel kry nie.

³⁵⁶ Adiasie beteken die skriftelike aanvaarding van die boedelsamesmelting deur die langsewende party.

³⁵⁷ Of sodanige gedeelte van die boedel wat by boedelsamesmelting betrek is.

³⁵⁸ Sien par 16.

Die beperkte reg is normaalweg in die vorm van 'n vruggebruik of 'n gevestigde reg op trust-inkomste³⁵⁹ of 'n *fideicommissum*.³⁶⁰

Gestel die langsewende gade kry 'n vruggebruik oor die BTW-ondernemings in die saamgesmelte boedel en die egpaar se seun kry die blote eiendomsreg. Om die BTW-gevolge te bepaal word die lewerings, wat deur elk van die bestorwe boedel en die langsewende se boedel gemaak word, apart beoordeel. Die lewering van die vruggebruik ten opsigte van die BTW-onderneming wat aan die langsewende behoort het, sal geen BTW-gevolge hê nie. Die rede hiervoor is dat dit as 'n lewering deur die langsewende aan homself/haarself beskou word en dat dit as sulks nie 'n lewering in die loop of ter bevordering van die BTW-onderneming is nie.³⁶¹

Die BTW-gevolge van die lewering van die vruggebruik en die blote eiendomsreg ten opsigte van die BTW-onderneming wat 'n bate in die bestorwe boedel van die eersterwende is, word hieronder³⁶² bespreek.

Die lewering van die blote eiendomsreg ten opsigte van die langsewende se BTW-onderneming word beskou as synde gedoen in die loop of ter bevordering van sodanige onderneming. Die BTW-gevolge is dieselfde as in die geval van 'n bestorwe boedel wat 'n BTW-ondernemer is en die blote eiendomsreg ten opsigte van die BTW-onderneming aan die oorledene se seun vererf.³⁶³

Uit die bespreking van die BTW-gevolge van boedelsamesmelting by gades wat buite gemeenskap van goed getroud is, blyk dit duidelik dat daar geen oor en weer BTW-beïnvloeding van die bestorwe boedel en die

³⁵⁹ Indien die BTW-onderneming en/of ondernemingbates betrek by boedelsamesmelting aan 'n testamentêre trust bemaak is.

³⁶⁰ Van der Merwe *Praktyk* 237.

³⁶¹ Meyerowitz 1997 *Taxpayer* 39; Arthur en Erasmus *Guideline* 132(A).

³⁶² In par 18.

³⁶³ Sien par 18.

langslewendende se boedel tydens vererwing van die saamgesmelte bates is nie. In die algemeen is die BTW-gevolge van die vererwing van die BTW-onderneming en ondernemingsbates wat die eersterwende tot die boedelsamesmelting bygedra het ooreenkomstig die beginsels hierbo³⁶⁴ bespreek.

18. BTW EN ERFOPVOLGING VIR DIE BOER

Daar is tradisioneel sekere werktuie wat die boer, wat 'n BTW-ondernemer ten opsigte van sy boerdery is, kan aanwend ter bereiking van sy doelwitte om die erfopvolgingsproses so glad moontlik te laat verloop en afhanklikes behoorlik versorg na te laat. Die BTW-effek van die aanwending van sodanige werktuie moet bepaal word ten einde te beoordeel of, en indien wel hoe, dit die lewensvatbaarheid van die bestorwe boedelplan beïnvloed. Die vruggebruik is volgens gewoonte een van die belangrikste werktuie wat die boer ter bereiking van bogenoemde doelwitte kan aanwend. Dit kan as volg prakties toegelig word. Veronderstel die boer is buite gemeenskap van goed getroud en sy testament bepaal dat die boerdery³⁶⁵ aan sy seun bemaak word, onderhewig aan 'n vruggebruik ten gunste van sy vrou. Die restant³⁶⁶ van die boedel is aan sy dogter bemaak.

Ná die boer se afsterwe afsterwe vind, ten opsigte van die boerdery, die lewering van 'n vruggebruik³⁶⁷ aan die vrou en die lewering van 'n blote eiendomsreg aan die seun plaas. Vruggebruik in hierdie konteks is die reg om die boerdery te bedryf en die inkomste daaruit te ontvang terwyl die boerdery eintlik aan die seun behoort.³⁶⁸ Die onderbou,³⁶⁹ wat nodig is om

³⁶⁴ In par 15.

³⁶⁵ Wat byvoorbeeld bestaan uit die plaasgrond, lewende hawe, voertuie, gereedskap en boerdery-implemente.

³⁶⁶ Oorblywende gedeelte.

³⁶⁷ Sien vn 54; Davey *Handbook* 27.

³⁶⁸ Vruggebruik kan dus 'n nuttige metode daarstel om afhanklikes behoorlik versorg na te laat.

³⁶⁹ Die plaasgrond, lewende hawe, voertuie, gereedskap en boerdery-implemente.

die boerdery voort te sit, word dus aan die vrou gelewer. Indien die reg om die boerdery te bedryf en inkomste daaruit te ontvang aktief uitgeoefen word, sal die vruggebruik 'n inkomste-verdienende bedrywigheid daarstel.

Op die veronderstelling dat die boer se vrou òf alreeds tydens sy afsterwe 'n BTW-ondernemer was (ten opsigte van 'n ander BTW-onderneming) òf andersins dat sy as BTW-ondernemer ten opsigte van die boerdery geregistreer is vóór die vruggebruik aan haar gelewer word òf dat haar registrasie as BTW-ondernemer teruggedateer word deur die belastinggaarder tot die datum waarop die vruggebruik aan haar gelewer is, en dat sy en die eksekuteur skriftelik ooreenkom dat die boerdery as lopende saak oorgedra word en 'n inkomste-verdienende bedrywigheid sal wees ten tyde van die oordrag, sal aan al die praktyksvereistes vir die lewering van die vruggebruik om as die lewering van 'n lopende saak beskou te word, voldoen word.³⁷⁰ Indien dit gebeur sal die bestorwe boedel, ten opsigte van die lewering van die vruggebruik, uitset-BTW teen die nulkoers moet verantwoord.³⁷¹

Die seun is nie in staat om met behulp van die blote eiendomsreg die boerdery voort te sit nie. Opsigself kan die "uitoefening" van die blote eiendomsreg ook nie 'n inkomste-verdienende bedrywigheid daarstel nie.³⁷² In dié opsig sal die lewering van die blote eiendomsreg dus nie aan een van die vereistes³⁷³ vir die lewering van 'n lopende saak voldoen nie. Die BTW-gevolg hiervan is dat die bestorwe boedel uitset-BTW teen die standaardkoers op die ope-markwaarde van die blote-eiendomsreg moet verantwoord.³⁷⁴ Die bestorwe boedel sal slegs die betaling, uit eie sak,³⁷⁵

³⁷⁰ SARS *BTW-Praktyknota 14* gelees met art 23(4); Wessels *Finansies en Tegnies 22*; Abrie, Graham en Liebenberg *Boedelbeplanning 92*.

³⁷¹ Divaris 1994 *Taxgram 6*; Erasmus 1993 *De Rebus 804*; Genis 5 Julie 1998 *Sake Rapport 4*; Genis 15 Augustus 1999 *Sake Rapport 4*.

³⁷² Divaris 1994 *Taxgram 7*; SARS *VAT 413 Guide 35*.

³⁷³ Art 11(1)(e)(i)(aa) gelees met par 2.4.1 van *BTW-Praktyknota 14*.

³⁷⁴ Art 10(4)(c); Genis 31 Mei 1998 *Sake Rapport 4*.

³⁷⁵ Wessels *Finansies en Tegnies 25*; sien die bespreking onder (e) in par 15.

van uitset-BTW op die lewering van die blote eiendomsreg kan vryspring indien die seun 'n BTW-ondernemer is en hy in die loop of ter bevordering van sy BTW-onderneming die blote eiendomsreg ten volle (nie slegs gedeeltelik nie) aanwend om belasbare lewerings te maak.³⁷⁶ In sodanige geval sal, op die veronderstelling dat die seun, indien hy die ope-markwaarde vir die blote eiendomsreg betaal het, op 'n volle insetbelasting-aftrekking geregtig sou wees, die bestorwe boedel uitset-BTW teen die standaardkoers op nul³⁷⁷ hoef te verantwoord.

Indien die seun wel 'n BTW-ondernemer is, maar hy die blote eiendomsreg òf gedeeltelik òf glad nie in die loop of ter bevordering van sy BTW-onderneming gaan aanwend om belasbare lewerings te maak nie, sal hy uiteraard (sou hy die ope-markwaarde vir die blote eiendomsreg betaal het) nie op 'n volle insetbelasting-aftrekking geregtig wees nie. Gevolglik sal die bestorwe boedel uitset-BTW moet verantwoord teen die standaardkoers op die ope-markwaarde van die blote eiendomsreg.³⁷⁸

Die ope-markwaarde van die blote eiendomsreg word ooreenkomstig artikel 3 van die BTW-wet bepaal. Artikel 3(2) omskryf "ope-markwaarde" as die vergoeding in geld wat die lewering van die goed gewoonlik op die ope-mark sou haal tussen persone wat nie verbonde persone³⁷⁹ is nie. Divaris haal 'n plaaslike ontvanger van inkomste aan wat in hierdie verband aan hom geskryf het, "It is generally accepted that where a usufruct over a property is granted or transferred, the market value of the remaining bare *dominium* is resultantly reduced to nil." Hierop sê Divaris, "This form of valuation is no doubt meant to be adopted only in the context of the Value Added Tax and would not apply to other taxes or duties."³⁸⁰ Huidiglik is die

³⁷⁶ Art 10(4)(c); Genis 31 Mei 1998 *Sake Rapport* 4.

³⁷⁷ Die blote eiendomsreg is gelewer sonder vergoeding.

³⁷⁸ Art 10(4)(c); Divaris 1994 *Taxgram* 7; Genis 15 Augustus 1998 *Sake Rapport* 4; SARS *BTW-Praktyknota* 14 par 2.4.1(e).

³⁷⁹ Sien par 11.

³⁸⁰ Divaris 1994 *Taxgram* 7.

belastinggaarder se invalshoek tot die bepaling van die ope-markwaarde van die blote eiendomsreg gebaseer op artikel 3(4) van die BTW-wet. Dié artikel bepaal dat indien nie bepaal kan word wat die vergoeding in geld is wat die goed gewoonlik op die ope mark sou haal tussen persone wat nie verbonde persone is nie, die waarde van die goed bepaal moet word ooreenkomstig 'n metode deur die Kommissaris³⁸¹ goedgekeur.³⁸² In 'n inligtingstuk³⁸³ word die metode vervat in artikel 62(1)(c) van die Inkomstebelastingwet³⁸⁴ goedgekeur. Hiervolgens word die jaarlikse waarde van die vruggebruik op die eiendom, gekapitaliseer teen 12% oor die lewensverwagting van die vruggebruiker, afgetrek van die billike markwaarde van die volle eiendomsreg op die eiendom.³⁸⁵ Vir boerderygrond kan die landbankwaardes gebruik word.³⁸⁶ Daar sal derhalwe binne die bestorwe boedel vir die uitset-BTW, wat ten opsigte van die lewering van die blote eiendomsreg aan die belastinggaarder oorbetaal moet word, voorsiening gemaak moet word.

Indien daar nie voorsiening vir die uitset-BTW, wat verantwoord moet word, gemaak is nie, kan die bestorwe boedel probleme met likwiditeit³⁸⁷ ondervind. Veronderstel die boerdery se markwaarde is R5 miljoen en die gade van die boer is 70 jaar oud ten tyde van die boer se afsterwe. Dan sal die waarde van die vruggebruik altesame R3 621 642 beloop. Die blootwaarde³⁸⁸ waarop uitset-BTW bereken gaan word, is R1 378 358, wat

³⁸¹ Van Binnelandse Inkomste.

³⁸² Die relevant gedeelte van art 3(4) lees, "Waar die ope markwaarde ... nie ... vasgestel kan word nie, word die ope markwaarde vasgestel volgens 'n deur die Kommissaris goedgekeurde metode wat 'n genoegsame objektiewe benadering van die vergoeding in geld wat verkry kan word vir daardie lewering van bedoelde goed of dienste voorsien."

³⁸³ SARS VAT 413 Guide 35.

³⁸⁴ 58 van 1962.

³⁸⁵ Stack, Cronje en Hamel *Belasting* 517; Abrie *et al Boedels* 208; SARS VAT 413 Guide 36.

³⁸⁶ SARS VAT 413 Guide 35; Abrie *et al Boedels* 208; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19 - 34.

³⁸⁷ Sien vn 37.

³⁸⁸ Ope-markwaarde van die blote eiendomsreg.

meebring dat die restant van die boedel, wat aan die dogter nagelaat is, R192 970 (synde die bedrag wat as uitset-BTW verantwoord moet word) sal moet prysgee wanneer die BTW betaalbaar deur of terugbetaalbaar aan die bestorwe boedel ten opsigte van die toepaslike belastingtydperk bereken word.³⁸⁹ Indien daar nie genoegsame kontant in die bestorwe boedel is nie, kan dit tot gevolg hê dat ander³⁹⁰ boedelbates verkoop moet word om die betrokke uitset-BTW, betaalbaar deur die bestorwe boedel, by te bring.³⁹¹

As die gade leef tot 80 of 90 jaar kry die seun eers volle eiendomsreg wanneer hy self al (na)by aftree-ouderdom is. Wanneer die boer se vrou te sterwe kom, "vererf" die vruggebruik na die seun. Dan kan hy die blote eiendomsreg, in kombinasie met die vruggebruik, "aanwend" om belasbare lewerings te maak. Die "vererwing" van die vruggebruik na die seun word nie vir BTW-doeleindes as 'n belasbare lewering beskou nie. Veronderstel die seun is hierna 'n BTW-ondernemer ten opsigte van die boerdery. As 'n reël kan 'n BTW-ondernemer slegs 'n aftrekking ten opsigte van inset-BTW (hetsy werklik of denkbeeldig) eis as hyself die uitgawe aangegaan het in die loop of ter bevordering van sy BTW-onderneming. Alhoewel die seun geen uitgawe ten opsigte van die verkryging van die blote eiendomsreg aangegaan het nie, is hy ingevolge die BTW-wet wel op hierdie stadium³⁹² geregtig op 'n insetbelasting-aftrekking ten opsigte van die destydse verkryging van die blote eiendomsreg deur hom.³⁹³ Sodoende kan hy die uitset-BTW van R192 970 wat destyds tot nadeel van die dogter (as restante erfgenaam) verantwoord is, verhaal. Met hierdie uiteindelijke verhaling van uitset-BTW in gedagte kan die boer testamentêr opdrag gee dat die seun 'n bedrag gelykstaande aan die uitset-BTW òf aan die bestorwe boedel òf aan die restante erfgenaam betaal.³⁹⁴ Dié

³⁸⁹ Gous *Sake Rapport* 4; Cloete *Jou Geldsake* 3.

³⁹⁰ D w s nie-boerderybates.

³⁹¹ Davey *Handbook* 10, 64; Bruwer *Jou Geldsake* 4; Genis 31 Mei 1998 *Sake Rapport* 4.

³⁹² Die stadium waar hy volle eiendomsreg het.

³⁹³ Art 18(4)(b) gelees met art 16(3); Gous 30 Mei 1999 *Sake Rapport* 6.

³⁹⁴ Gous 30 Mei 1999 *Sake Rapport* 6; Cloete *Jou Geldsake* 3.

bemakingsprys³⁹⁵ het tot gevolg dat die uitset-BTW onregstreeks van die seun gevorder word. Die probleem met hierdie opsie is dat indien die seun nie die bemakingsprys kan betaal nie, bates van die bestorwe boedel moontlik verkoop sal moet word om die uitset-BTW te delg.³⁹⁶ Hierdie probleem kan ondervang word deur die seun vroegtydig bewus te maak van hierdie finansiële verpligting sodat hy die geleentheid kan hê om die nodige fondse bymekaar te maak.³⁹⁷

'n Wyse waarop moontlik verhoed kan word dat uitset-BTW verantwoord moet word deur die bestorwe boedel ten opsigte van die lewering van die blote eiendomsreg aan die seun, is om 'n mate van gebruik van die boerdery aan die seun te verleen. Byvoorbeeld deur die melkery op die plaas aan die seun te bemaak, vry van die vruggebruik.³⁹⁸ Indien die seun 'n BTW-ondernemer is ten opsigte van die melkery is dit nogtans onwaarskynlik dat hy die blote eiendomsreg (wat dan geld ten opsigte van die res van die boerdery) in geheel gaan aanwend om belasbare lewerings te maak in die loop of ter bevordering van die melkery.

Die probleem met bogenoemde erfopvolging is dat die seun se hande effektief vasgebind word vanweë sy onvermoë om die boerdery vir eie rekening te bedryf solank die vruggebruik hom ontnem word.³⁹⁹ 'n Moontlike oplossing is om die boerdery as 'n lopende saak aan die seun te bemaak.⁴⁰⁰ Dit laat weer die vraag of daar voldoende bates in die restant is om die gade behoorlik versorg na te laat. Om dié problem te ondervang kan die boer spesifieke bemakings (legate) aan die gade en dogter doen en die

³⁹⁵ Ofte wel bemaaksom. Die seun moet die bedrag betaal as hy die plaas wil erf.

³⁹⁶ Scott *Boedels* 8; Anon *Finansies en Tegniek* 54; De Lange *Finansies en Tegniek* 78; De Villiers *Finansies en Tegniek* 26; Abrie *et al Bestorwe Boedels* 167.

³⁹⁷ Of deur bv 'n spaarpolis met ingeboude groei (vir inflasie-doeleindes) uit te neem; Scott *Boedels* 9; Van Gijsen 29 Oktober 2000 *Sake Rapport* 20.

³⁹⁸ Genis 15 Augustus 1999 *Sake Rapport* 4.

³⁹⁹ Van Gijsen 15 Julie 2001 *Sake Rapport* 23.

⁴⁰⁰ Gous 30 Mei 1999 *Sake Rapport* 6.

restant (wat die boerdery insluit) na die seun laat vererf.⁴⁰¹ In plaas van spesifieke bemakings aan sy gade kan die boer deur polisse poog om haar behoorlik versorg na te laat of andersins testamentêr te bepaal dat die seun 'n jaargeld aan sy ma en 'n spesifieke bemaakbedrag (wat teen 'n vaste koers groei of gekoppel is aan 'n persentasie van die waardasie van die boerdery) aan die dogter moet betaal.⁴⁰² Sodoende sal die boerdery as 'n lopende saak na die seun oorgedra word en BTW vermy word. Hierdie opvolgbeplanning veronderstel dat die seun afhanklik is van die boerdery-inkomste en sowel bereid as bekwaam is om die boerdery te bedryf.⁴⁰³

In die geval waar die boer binne gemeenskap van goed getroud is, is die boerdery 'n bate van die gemeenskaplike boedel. Alhoewel dit die boer persoonlik is wat as BTW-ondernemer geregistreer is, word dit vir BTW-doeleindes geag dat die boerdery deur die gemeenskaplike boedel bedryf word en kan hy testamentêr slegs oor sy onverdeelde halwe aandeel van die boerdery beskik.⁴⁰⁴ Tradisioneel word dan van boedelsamesmelting gebruik gemaak om 'n sinvolle en doelmatige vererwing te bewerkstellig.⁴⁰⁵

Boedelsamesmelting het tot gevolg dat die boer en sy gade se onverdeelde halwe aandele in die boerdery saamgesmelt word sodat die boerdery reeds by die eersterwende se dood as 'n saamgevoegde eenheid kan vererf, eerder as die moontlikheid later van verdeelde eienaarskap. Ten einde skenkingsbelasting te vermy, vererf die boerdery dan in geheel aan die seun onderworpe aan 'n vruggebruik oor die hele, of sê die helfte daarvan,

⁴⁰¹ Gous 30 Mei 1999 *Sake Rapport* 6.

⁴⁰² Badenhorst *Finansies en Tegniek* 39; De Villiers *Finansies en Tegniek* 26; Wiechers *Testamente* 80 -81.

⁴⁰³ Anon *Finansies en Tegniek* 54; De Villiers *Finansies en Tegniek* 26.

⁴⁰⁴ Sien par 16.

⁴⁰⁵ Sien par 17.

ten gunste van die langlewende. Die BTW-implikasies van boedelsamesmelting is alreeds⁴⁰⁶ bespreek.

Ander, in die praktyk minder gewilde, werktuie wat die boer kan aanwend om die uiteindelijke erfopvolgingsproses so glad moontlik te laat verloop en afhanklikes behoorlik versorg na te laat, is *fideicommissum*, *usus*, *habitatio*, weidingsregte en bemakings aan testamentêre trusts. Alles wat met beperkte regte⁴⁰⁷ bereik kan word, kan met 'n trust bewerkstellig word en boonop met meer voordelige gevolge, byvoorbeeld ten opsigte van inkomstebelasting.⁴⁰⁸

Vir die boer wat oorweging daaraan skenk om een of meer van hierdie werktuie ter uitvoering van sy bestorwe boedelplan aan te wend, is die BTW-gevolge wat dit vir sy bestorwe boedel as BTW-ondernemer gaan inhou iets waarvan hy homself deeglik moet vergewis. Die situasie wat hom in die praktyk voordoen, is dat die boer die bemaking van sy BTW-onderneming en/of ondernemingsbates aan 'n bepaalde erfopvolger onderhewig stel aan, byvoorbeeld 'n *fideicommissum*,⁴⁰⁹ *usus*, *habitatio* of weidingsregte ten gunste van 'n ander begunstigde.

Die BTW-gevolge van die vererwing van een of meer van 'n fidusiêre belang, gebruiksreg, bewoningsreg of weidingsreg ten opsigte van 'n BTW-onderneming of -ondernemingsbate wat deel uitmaak van die bates in 'n bestorwe boedel wat 'n BTW-ondernemer is, is ooreenkomstig die beginsels alreeds⁴¹⁰ bespreek.

⁴⁰⁶ In par 17.

⁴⁰⁷ Vruggebruik, *fideicommissum* (fidusiêre belang), *usus*, *habitatio*, weidingsregte en jaargelde.

⁴⁰⁸ Van der Merwe *Praktyk* 262.

⁴⁰⁹ Davey *Handbook* 27 - 29.

⁴¹⁰ Sien par 15.

Waar uitset-BTW op erfgoed dus deur 'n bestorwe boedel, in plaas van die betrokke regstreekse erfopvolger, betaalbaar sal wees, moet die boedeleienaar poog om maatreëls in te stel waardeur sodanige erfopvolger onregstreeks die las ten opsigte van die uitset-BTW moet dra.⁴¹¹

Dit staan soos 'n paal bo water dat 'n sorgvuldig beplande bestorwe boedel, in besonder sover dit die BTW-aanspreeklikheid as gevolg van vererwing van 'n BTW-onderneming en ondernemingsbates betref, die waardevolste nalatenskap vir 'n boer se gesin of afhanklikes is.⁴¹²

Gedagtig aan die werktuie wat die boer, hetsy hy 'n BTW-ondernemer is of nie,⁴¹³ tradisioneel aanwend in nadoodse boedelbeplanning, sal BTW 'n wolk wees wat voortdurend oor sy boedelplanne hang.

19. BTW EN EKSEKUTEURSFOOIE

Ten opsigte van eksekuteursfooie ontstaan die vraag of die bestorwe boedel, as BTW-ondernemer, op 'n insetbelastingkrediet ten opsigte van inset-BTW betaal op eksekuteursdienste geregtig is.

As die eksekuteur 'n BTW-ondernemer is en sy eksekuteurspligte verrig het in die loop of ter bevordering van sy onderneming, moet hy uitset-BTW verantwoord teen die standaardkoers op sy vergoeding.⁴¹⁴ Dieselfde beginsel geld as die eksekuteur se werkgewer 'n BTW-ondernemer is en hy sy eksekuteurspligte verrig het in die loop of ter bevordering van sy werkgewer se onderneming.⁴¹⁵ As die eksekuteur wel 'n BTW-ondernemer is, maar nie sy eksekuteurspligte verrig het in die loop of ter bevordering

⁴¹¹ Cloete *Jou Geldsake* 3.

⁴¹² Bruwer *Jou Geldsake* 4.

⁴¹³ Omrede die belasbare lewerings wat hy maak nie die registrasiedrempel oorskry nie.

⁴¹⁴ Art 7; SARS VAT 413 *Guide* 47.

⁴¹⁵ Clegg *Practical Guide* 94; De Koker en Jenkinson *Commentary* 19-43.

van sy BTW-onderneming nie, sal hy geen uitset-BTW hoof te verantwoord op sy vergoeding nie.⁴¹⁶

Die vraag ontstaan of die bestorwe boedel wat 'n BTW-ondernemer is 'n voordeel het bo die bestorwe boedel wat nie 'n BTW-ondernemer is nie in dié sin dat dit 'n insetbelasting-aftrekking kan eis ten opsigte van die BTW wat die eksekuteur op sy dienste gehef het. Die antwoord is dat die bestorwe boedel, wat 'n BTW-ondernemer is, wel tot 'n mate 'n insetbelasting-aftrekking kan eis ten opsigte van die BTW wat die eksekuteur op sy dienste gehef het.

Die reël in hierdie verband kan soos volg opgesom word: Waar dienste aan 'n BTW-ondernemer gelewer word ten einde hom in staat te stel om goedere of dienste in die loop of ter bevordering van die bedryf van sy BTW-onderneming te lewer, sal die BTW gehef op die lewering van die dienste aan hom kwalifiseer (hetsy ten volle of gedeeltelik) as 'n insetbelasting-aftrekking.⁴¹⁷ Die dienste wat die eksekuteur aan die bestorwe boedel gelewer het, het die bestorwe boedel onder andere in staat gestel om die BTW-onderneming en die ondernemingsbates gedurende die beredderingsproses aan die koper(s) en/of erfopvolger(s) te lewer.

Sodanige insetbelasting-aftrekking word geëis teen die uitset-BTW wat die bestorwe boedel moet verantwoord op die tegeldemaking en/of vererwing van 'n BTW-onderneming en/of ondernemingsbates. Die insetbelasting-aftrekking word egter beperk tot die mate wat die BTW gehef deur die eksekuteur verband hou met die tegeldemaking en/of vererwing van 'n BTW-onderneming en/of ondernemingsbates gedurende die

⁴¹⁶ Art 7; De Koker en Kruger VAT 3-8.

⁴¹⁷ Arthur en Erasmus *Guideline* 113; SARS VAT 413 *Guide* 48.

beredderingsproses.⁴¹⁸ Om te bepaal watter persentasie van die BTW gehef deur die eksekuteur as insetbelasting-aftrekking geëis kan word, word die totale waarde van die BTW-onderneming(s) en ondernemingsbates gedeel deur die totale waarde van al die bates in die bestorwe boedel en die antwoord vermenigvuldig met 100.⁴¹⁹

20. VOORSIENING VIR DIE BESTORWE BOEDEL SE BTW-AANSPREEKLIKHEID

'n Gebrek aan kontant in 'n bestorwe boedel kan 'n vertraging in die bereddering daarvan meebring. Die boedeleienaar moet daarteen waak dat een of meer van die belangrikste (hetsy in terme van geldwaarde, sentiment of andersins) bates in sy bestorwe boedel noodgedwonge te gelde gemaak moet word ten einde sy bestorwe boedel in staat te stel om sy BTW-aanspreeklikheid as gevolg van die tegeldemaking of vererwing van 'n BTW-onderneming en/of ondernemingsbates na te kom. Daar moet dus veiligheidshalwe bepaal word watter (indien enige) BTW-aanspreeklikheid die boedeleienaar se nadoodse beplanning tot gevolg sal hê, indien hy te sterwe sou kom.⁴²⁰

As die BTW-ondernemer of die boedeleienaar wat 'n BTW-onderneming bedryf, maar nie 'n BTW-ondernemer is nie, se testamentêre plan om die erfopvolgingsproses so glad moontlik te laat verloop en afhanklikes behoorlik versorg na te laat, tot gevolg sal hê dat uitset-BTW voortspruitend uit die tegeldemaking of vererwing van die BTW-onderneming(s) en BTW-ondernemingsbates deur die bestorwe boedel in plaas van die regstreekse oordragnemer gedra moet word, moet besin word oor waar die kontant daarvoor vandaan sal kom.⁴²¹ Versuim om dit te doen kan tot gevolg hê dat

⁴¹⁸ Art 17; SARS VAT 413 *Guide* 48.

⁴¹⁹ Arthur en Erasmus *Guideline* 114.

⁴²⁰ De Villiers 1981 *MB* 43 - 44.

⁴²¹ Wessels *Finansies en Tegniek* 22.

die boedeleienaar se boedelbeplanning tot 'n mindere of meerdere mate skipbreuk kan ly.

Daar is verskeie moontlikhede, wat die boedeleienaar kan volg, byvoorbeeld:

- (a) Daar word nie testamentêr of andersins vir die uitset-BTW, wat nie deur die oordragnemer gedra word nie, begroot nie. Dit sal tot gevolg hê dat die uitset-BTW uit die restant van die bestorwe boedel gedelg word. Aangesien die restante erfgename se erfposies ooreenkomstig die omvang van die uitset-BTW verklein word, vereffen hulle onregstreeks die uitset-BTW. As die restant nie oor voldoende kontant beskik nie sal die uitsetbelasting in effek 'n kontanttekort veroorsaak. Dit kan op sy beurt die verkoop van kernbates of waardevolle bates teen laer as hulle markwaarde tot gevolg hê.⁴²² Sommige erfopvolgers kan dan moontlik nie die volle voordeel, wat die boedeleienaar vir hul in die vooruitsig gestel het, ontvang nie.
- (b) Daar kan testamentêr opdrag gegee word dat die erfopvolger(s) van die BTW-onderneming en/of ondernemingsbates ten opsigte waarvan uitset-BTW deur die bestorwe boedel in plaas van die oordragnemer gedra sal moet word, 'n bemakingsprys gelykstaande aan die uitset-BTW aan die bestorwe boedel betaal.⁴²³ Sodoende word die uitset-BTW-las na die erfopvolger(s) verskuif. As sodanige erfopvolger 'n BTW-ondernemer is en die ondernemingsbate(s) in geheel in sy BTW-onderneming aangewend gaan word om belasbare lewerings te maak, sal hy 'n insetbelasting-aftrekking gelykstaande aan die bemakingsprys kan eis. Sodoende sal hy die bemakingsprys verhaal.⁴²⁴

⁴²² De Villiers 1981 *MB* 44; Gous 30 Mei 1999 *Sake Rapport* 6; Abrie, Graham en Liebenberg *Boedelbeplanning* 60.

⁴²³ Gous 30 Mei 1999 *Sake Rapport* 6; Cloete *Jou Geldsake* 3.

⁴²⁴ Art 18(4)(b) gelees met art 16(3); Gous 30 Mei 1999 *Sake Rapport* 6.

- (c) Daar kan testamentêr bates vir tegeldemaking geormerk word ten einde die bestorwe boedel se aanspreeklikheid vir uitset-BTW af te los. Daar moet egter gelet word op bates (hetsy persoonlike bates of BTW-ondernemingsbates) wat, weens hulle aard, heelwat in waarde kan verminder bloot as gevolg van die boedeleienaar se afsterwe.
- (d) Daar kan lewensversekering⁴²⁵ uitgeneem word, wat genoegsaam aan die bestorwe boedel sal uitbetaal om die negatiewe uitwerking van die uitset-BTW op die restant te neutraliseer.⁴²⁶ Lewensversekering kan beskou word as 'n lening.⁴²⁷ Die premie, wat betaal word, kan as rente op die lening beskou word. Gemeet aan die versekerde bedrag, sal die premie veel laer wees as die rente op enige ander lening wat by 'n finansiële instelling verkry word. Boonop hoef die lening nie terugbetaal te word nie, maar word dit met die dood van die boedeleienaar uitgewis. Geld wat op lewensversekering betaal word, is geld in die water, en is bloot daarop gerig om die risiko vir diegene wat van die boedeleienaar afhanklik is, te verminder.⁴²⁸ Die boedeleienaar moet die moontlikheid dat die versekeraar die eis om die een of ander rede mag repudieer in aanmerking neem.⁴²⁹ Die opbrengs van 'n versekeringspolis sal, vir boedelbelastingdoeleindes, die belasbare bedrag van die bestorwe boedel verhoog en kan sodoende aanleiding daartoe gee dat boedelbelasting op die bestorwe boedel gehef word of andersins die boedelbelasting, wat alreeds gehef word, verhoog.

⁴²⁵ Ook lewensdekking genoem.

⁴²⁶ Bruwer *Jou Geldsake* 4; Van Gijsen 18 Maart 2001 *Sake Rapport* 21; Abrie, Graham en Liebenberg *Boedelbeplanning* 65.

⁴²⁷ Laurie *Finansies en Tegniek* 44.

⁴²⁸ De Lange *Finansies en Tegniek* 47.

⁴²⁹ Rutherford *Finansies en Tegniek* 59.

(e) Daar kan alreeds tydens die boedeleienaar se lewe bepaalde roerende bates in kontant of in bates van 'n meer likiede aard⁴³⁰ omskep word.⁴³¹

Die boedeleienaar moet die groeipotensiaal in geldwaarde van die bates ten opsigte waarvan die bestorwe boedel 'n aanspreeklikheid vir uitset-BTW sal oploop in aanmerking neem aangesien dit die omvang van die uitset-BTW, wat verantwoord sal moet word, kan verhoog.⁴³²

21. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die doel van hierdie studie was om die belang van BTW vir boedelbeplanning te bepaal. BTW is van belang vir voordoodse boedelbeplanning indien die boedeleienaar 'n BTW-ondernemer is en vir nadoodse boedelbeplanning indien die bestorwe boedel 'n BTW-ondernemer gaan wees of moontlik gaan wees. Indien die boedeleienaar ten tye van sy afsterwe in sy hoedanigheid as natuurlike persoon 'n BTW-ondernemer is, sal sy bestorwe boedel ook 'n BTW-ondernemer wees.⁴³³

Indien die boedeleienaar ten tye van sy afsterwe in sy hoedanigheid as natuurlike persoon vir eie rekening 'n onderneming bedryf wat belasbare lewerings (soos omskryf in die BTW-wet) maak, maar hy is nogtans nie 'n BTW-ondernemer nie, bestaan die moontlikheid dat sy bestorwe boedel 'n BTW-ondernemer sal wees. Hiermee word bedoel dat sy bestorwe boedel ingevolge die bepalinge van die BTW-wet moontlik as BTW-ondernemer geregistreer sal moet word.⁴³⁴

As die bestorwe boedel nie 'n BTW-ondernemer is nie, is die enigste belang

⁴³⁰ Bv genoteerde aandele.

⁴³¹ De Villiers 1981 *MB* 44.

⁴³² De Villiers 1981 *MB* 42.

⁴³³ Sien par 7.

⁴³⁴ Sien par 6.

wat BTW vir die bestorwe boedel het die BTW wat deur die eksekuteur (indien hy die beredding in die loop of ter bevordering van sy onderneming ten opsigte waarvan hy 'n BTW-ondernemer is, doen) gehef word.⁴³⁵

Tydens die beredding van 'n bestorwe boedel, wat 'n BTW-ondernemer is, word slegs daardie bates wat in geheel of gedeeltelik aangewend is in die loop of ter bevordering van die BTW-onderneming(s) deur die BTW-wet geraak.⁴³⁶

Sowel die BTW-ondernemer as die boedeleienaar wat vir eie rekening 'n BTW-onderneming bedryf, maar nie 'n BTW-ondernemer ten opsigte daarvan is nie, moet vir doeleindes van sinvolle nadoodse boedelbeplanning vasstel hoe die BTW-aanspreeklikheid van sy bestorwe boedel die haalbaarheid van doelwitte, gestel ingevolge die bestorwe boedelplan, negatief mag beïnvloed.⁴³⁷

BTW-gevolge vir 'n bestorwe boedel, wat 'n BTW-ondernemer is, is te wyte aan die feit dat die BTW-onderneming en ondernemingsbates gedurende die bereddingsproses te gelde gemaak word (deur dit te verkoop) en/of verdeel word (aan erfopvolgers oorgedra word). Sowel die tegeldemaking (likwidasië) as die verdeling (uitdeling of distribusie) van sodanige bates word geag gedoen te word in die loop of ter bevordering van die BTW-onderneming en stel gevolglik belasbare lewerings vir BTW-doeleindes daar. Op hierdie belasbare lewerings moet daar uitset-BTW deur die eksekuteur as verteenwoordigende BTW-ondernemer verantwoord word.

⁴³⁵ Sien par 19.

⁴³⁶ Sien para 13 - 15.

⁴³⁷ Sien para 6 en 7.

BTW-aanspreeklikheid vir die bestorwe boedel behels dus die verpligting om uitset-BTW te hef en aan die belastinggaarder oor te betaal. Uitset-BTW in hierdie konteks is die BTW wat die eksekuteur hef (en gelyktydig of daarna vorder) op die lewering van die BTW-onderneming en/of ondernemingsbates aan die koper(s) en/of erfopvolger(s). Uitset-BTW word gehef teen 'n koers van 14% (standaardkoers) of 0% (nulkoers) op die waarde van die lewering.⁴³⁸

Slegs die heffing van uitset-BTW teen die standaardkoers lewer BTW-aanspreeklikheid op. Solank die uitset-BTW ten volle gevorder word van die regstreekse oordragnemer (koper, begiftigde of erfopvolger) spruit daar, geld-gesproke, geen negatiewe implikasies vir die lewende of bestorwe boedel voort nie. Wanneer die uitset-BTW egter slegs gedeeltelik of glad nie gevorder word van die oordragnemer nie, word onderskeidelik die res van die uitset-BTW of al die uitset-BTW "gevorder" van die lewende of die bestorwe boedel. Met "gevorder" word bedoel dat die betrokke boedel dan uit eie sak die res of al die uitset-BTW moet dra. Die betrokke boedel kan nie hierdie uitset-BTW van die oordragnemer verhaal nie. Hierdie "vordering" van uitset-BTW van die bestorwe boedel kan enersyds 'n kontanttekort in die bestorwe boedel veroorsaak en andersyds die boedeleienaar se planne, om sy afhanklikes behoorlik versorg na te laat, verydel. Indien 'n lewering sodanige geldlas op die bestorwe boedel in plaas van die regstreekse oordragnemer sal plaas, moet die moontlikheid ondersoek word om die las onregstreeks na die oordragnemer te skuif. Indien 'n skuiwing nie moontlik is nie of daarteen besluit word, sal besin moet word oor die daarstelling van 'n gebeurlikheidsplan ten einde die ongewenste tegeldemaking van boedelbates ten einde die uitset-BTW te betaal, te voorkom.⁴³⁹

⁴³⁸ Sien para 7, 9 en 10.

⁴³⁹ Sien para 14, 15, 18 en 20.

Vir doeleindes van nadoodse beplanning moet, ten opsigte van die boedeleienaar wie se bestorwe boedel 'n BTW-ondernemer sal wees of moontlik sal wees, bepaal word watter testamentêre lewerings en wanneer testamentêre lewerings van BTW-ondernemings en ondernemingsbates aan oordragnemers (kopers en erfopvolgers) 'n gedeeltelike of algehele vordering van uitset-BTW van die bestorwe boedel in plaas van die oordragnemer sal veroorsaak. Die faktore wat hierin 'n rol speel is:

- die omvang van die verkoping of erfopvolging;
- die omvang van die vergoeding (indien enige) betaalbaar deur die oordragnemer vir die BTW-onderneming en/of ondernemingsbates;
- die aard van die verhouding tussen die boedeleienaar (bestorwe boedel) en die oordragnemer en
- die BTW-status van die oordragnemer.⁴⁴⁰

Buiten enkele uitsonderings sal enige BTW-onderneming of ondernemingsbate wat na 'n verbonde persoon vererf en wat nie in geheel aangewend gaan word in 'n BTW-onderneming om belasbare lewerings te maak nie, tot gevolg hê dat die bestorwe boedel die uitset-BTW, bereken op die verskil tussen die ope-markwaarde en die bemakingsprys (indien betaal en minder is as die ope-markwaarde) van sodanige BTW-onderneming of ondernemingsbate, sal moet dra. Die BTW-implikasies sal dieselfde wees indien die BTW-onderneming of ondernemingsbate aan 'n verbonde persoon geskenk word.

Ook buiten enkele uitsonderings sal enige BTW-onderneming of ondernemingsbate wat aan 'n verbonde persoon verkoop word deur òf die BTW-ondernemer òf deur of namens die eksekuteur van 'n bestorwe boedel wat 'n BTW-ondernemer is, tot gevolg hê dat die BTW-ondernemer of bestorwe boedel uitset-BTW, bereken op die verskil tussen die ope-

⁴⁴⁰ Sien para 9, 11 - 17.

markwaarde en die geldvergoeding (indien minder as die ope-markwaarde), sal moet dra.

Die boedeleienaar se boedelbeplanningsprioriteite is bepalend ten opsigte van die benadering wat deur hom gevolg moet word met betrekking tot sy lewende en bestorwe boedel se werklike of potensiële aanspreeklikheid vir uitset-BTW op die lewering van 'n BTW-onderneming en/of ondernemingsbates. 'n Boedeleienaar se doelwitte ten opsigte van voordoodse en nadoodse boedelbeplanning is nie altyd onderling versoenbaar en wedersyds haalbaar nie. Duidelikheidshalwe moet die boedeleienaar sy doelwitte prioriteitsgewys (voorrangsgewys) rangskik. Hoe hoër die vermyding van die bestorwe boedel se aanspreeklikheid vir die betaling van uitset-BTW op die vererwing of tegeldemaking van ondernemingsbates op die lys van prioriteite is, hoe belangriker sal dit wees om die beplanning aktief daarvolgens aan te pas. Hierdie doelwit moet dan oorweeg word in onderlinge verband met ander doelwitte, soos byvoorbeeld:

- om bestendigheid in die voortbestaan, groei en bestuur van die BTW-onderneming te verseker;
- om onnodige uiteenvalling van die bestorwe boedel te voorkom;
- om voorsiening te maak vir die ordelike verdeling van die bates in die bestorwe boedel;
- om twis en wedywering tussen erfopvolgers uit te skakel en
- om die bereddering van die bestorwe boedel te vergemaklik.

Belastingvermyding is nie alles nie. Die doelmatigheid van 'n boedelplan behoort nie opgeoffer of onder verdenking gebring te word bloot om die bestorwe boedel van 'n las ten opsigte van uitset-BTW te vrywaar nie.

Indien die bestorwe boedel uitset-BTW moet verantwoord teen die nulkoers of teen die standaardkoers op nul (indien die lewering sonder teenprestasie geskied) of teen die standaardkoers op die geldvergoeding betaal of teen die standaardkoers op die ekwivalent in geld van die teenprestasie gelewer, sal die lewering van die BTW-onderneming en/of ondernemingsbates geen druk op die kontantvloei in die bestorwe boedel plaas nie.

Die bereddering van 'n bestorwe boedel wat nie 'n BTW-ondernemer is nie, is minder administrasie-intensief as een wat 'n BTW-ondernemer is. In laasgenoemde geval is die eksekuteur as verteenwoordigende BTW-ondernemer addisioneel belas met die nakoming van al die verpligtinge deur die BTW-wet opgelê. Nogtans behoort die bereddering van 'n bestorwe boedel wat 'n BTW-ondernemer is nie langer te neem as dié van 'n bestorwe boedel wat nie 'n BTW-ondernemer is nie.

BIBLIOGRAFIE

BOEKE

A

Abrie et al *Bestorwe Boedels*

Abrie et al *Bestorwe Boedels* 5de uitgawe (ProPlus Lynnwoodrif 2003)

Abrie, Graham en Liebenberg *Boedelbeplanning*

Abrie W, Graham CR en Liebenberg HD *Trusts, Testamente en Belasting by Boedelbeplanning* (ProPlus Lynnwoodrif 1997)

Abrie, Graham en Van der Linde *Boedelbeplanning*

Abrie W, Graham CR en Van der Linde A *Boedel- en Finansiële Beplanning* 5de uitgawe (ProPlus Lynnwoodrif 2003)

Abrie, Graham en Van der Spuy *Boedels*

Abrie W, Graham CR en van der Spuy P de W *Boedels: Beplanning en Beredding Volume 3: Boedel- en Finansiële Beplanning* 4de uitgawe (ProPlus Lynnwoodrif 2000)

Anderson, Dodd en Roos *Guide*

Anderson AM, Dodd A en Roos MC *Everyone's Guide to South African Law* (Zebra Kaapstad 2003)

Arthur en Erasmus *Guideline*

Arthur PRN en Erasmus DN *VAT for Lawyers: A Guideline* 9de bywerking (Vereniging van Prokureursordes van die RSA Pretoria 2000)

B**Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning***

Beneke C, Davis DM en Jooste RD *Estate Planning* 14de bywerking
(Butterworths Durban 2002)

Brettenny en Strauss *Studentegids*

Brettenny A en Strauss J 'n *Studentegids tot die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde* 2002 uitgawe (Butterworths Durban 2002)

C**Cameron et al *Personal Finance***

Cameron B et al *Personal Finance: the Scrapbook Series* (Worth Dainfern 2000)

Cameron en Heystek *Retirement*

Cameron B en Heystek M *Retirement: The Amazing and Scary Truth*
(Worth Dainfern 1999)

Clegg *Practical Guide*

Clegg DJM *The Ernst and Young Practical Guide to Value-Added Tax*
(Butterworths Durban 1995)

D**Davey *Handbook***

Davey AH *The LUASA Handbook of Estate Planning* 1ste uitgawe
(LUASA 1995)

De Koker en Jenkinson *Commentary*

De Koker AP en Jenkinson A *Value Added Tax: Commentary* 20ste
bywerking (Butterworths Durban 2000)

De Koker en Kruger VAT

De Koker A en Kruger D *Value-Added Tax in South Africa: Commentary* 1ste uitgawe (Butterworths Durban 2002)

De Waal en Schoeman-Malan Inleiding

De Waal MJ en Schoeman-Malan MC *Inleiding tot die Erfreg* 3de uitgawe (Juta Kaapstad 2003)

Du Toit Trust Law

Du Toit F *South African Trust Law: Principles and Practice* (Butterworths Durban 2002)

H**Huxham en Haupt Notes**

Huxham K en Haupt P *Notes on South African Income Tax 2003* uitgawe (H en H Publikasies Roggebaai 2003)

J**Jordaan, Hamel en Roeleveld Praktiese Benadering**

Jordaan AH, Hamel EH en Roeleveld JJ *'n Praktiese Benadering tot BTW* (Digma Pretoria 1991)

K**Kruger en Scholtz Pay less Tax**

Kruger D en Scholtz A *Deloitte and Touche: Pay less Tax 2002-2003* 15de uitgawe (Butterworths Durban 2002)

O**Olivier en Van den Berg Boedelbeplanning**

Olivier PA en Van den Berg GPJ *Praktiese Boedelbeplanning* 1e uitgawe (Juta Kaapstad 1991)

P**Pace en Van der Westhuizen *Trusts***

Pace RP en van der Westhuizen WM *Wills and Trusts: Part B* 6de bywerking (Butterworths Durban 2002)

S**SARS VAT 404 *Gids***

Suid-Afrikaanse Inkomstediens SARS VAT 404: *BTW Gids vir Ondernemers* (April 2000)

SARS VAT 413 *Guide*

Suid-Afrikaanse Inkomstediens SARS VAT 413: *VAT Guide: Deceased Estates* (November 1997)

Scott *Boedels*

Scott J *Boedels en Testamente* (Maskew Miller Longman Kaapstad 2003)

Smuts en Smuts *Woordeboek*

Smuts J en Smuts IJ *Woordeboek van Regs- en Handelsterme* (Nasou Kaapstad 1992)

Stack, Cronje en Hamel *Belasting*

Stack EM, Cronje M en Hamel EH *Die Belasting van Individue en Maatskappye: 2003 uitgawe* 16de uitgawe (Butterworths Durban 2002)

V**Van der Merwe *Praktyk***

Van der Merwe FE *Notariële Praktyk* 2de uitgawe (Butterworths Durban 2000)

Van Rensburg (red) *Ondernemingsbestuur*

Van Rensburg LRJ (red) *Ondernemingsbestuur: 'n Inleiding* (JL van Schaik Pretoria 1997)

W

Wiechers *Testamente*

Wiechers NJ *Testamente: 'n Kortbegrip* (Juta Kaapstad 1988)

ARTIKELS

Anon *Finansies en Tegniek*

Anoniem "Beplan só vir opvolging in familiesaak" *Finansies en Tegniek* (2 Oktober 1992) 54

Anon 25 April 1999 *Sake Rapport*

Anoniem "Dit is hoe 'n 'saketestament' werk" *Sake Rapport, Bylae tot Rapport* (25 April 1999) 4

Anon 1992 *Rekeningkunde SA*

Anoniem "Land and buildings - some unusual points" Februarie 1992 *Rekeningkunde SA* 52 - 53

Anon *Stationery SA*

Anoniem "The importance of knowing what type of business entity your debtor is" *Stationery and Office Products SA* (November/Desember 2003) 58

Anon 2002 *Taxgram*

Anoniem "VAT and the sale of a business as a going concern" Julie 2002 *Taxgram* 12 - 14

Anon Home Loan

Anoniem "Zero-rated VAT" *Home Loan* (Mei/Junie 2001) 27

Badenhorst Finansies en Tegniek

Badenhorst P "Beplan só vir jou erfgename" *Finansies en Tegniek* (9 Augustus 1991) 39

Bobbert 1976 TRW

Bobbert MCJ "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 1 - 29

Botes 1998 De Rebus

Botes M "Value-added tax implications of fixed property sales" Maart 1998 *De Rebus* 57 - 59

Botha Geld

Botha B "Nee dankie, sê die erfgenaam" *Geld, Bylae tot Rapport* (29 Junie 2003) 22

Brits Finansies en Tegniek

Brits M "Handelaars onverskillig met BTW" *Finansies en Tegniek* (8 Maart 1996) 23

Bruwer Jou Geldsake

Bruwer P "Boer, wees wys - beplan jou boedel betyds", *Jou Geldsake, Bylae tot Beeld* (25 November 1999) 4

Cilliers 1984 De Rebus

Cilliers C "Massing of estates: estate duty and donations tax" Oktober 1984 *De Rebus* 482, 504

Cloete Jou Geldsake

Cloete De V "Met dié tegnieke kan belasting op boedel baie verlaag word" *Jou Geldsake, Bylae tot Beeld* (14 Junie 2001) 5

Cloete De V "Tegnieke om op belasting te bespaar" *Jou Geldsake, Bylae tot Beeld* (28 Junie 2001) 3

Davis 1991 Annual Survey

Davis DM "The law of taxation" 1991 *Annual Survey of South African Law* 567 - 568

Davis 1986 Taxpayer

Davis DM "Trading trust: its validity and use in South Africa" 1986 *The Taxpayer* 63 - 70

De Lange Finansies en Tegniek

De Lange "Begin vroeg met boedelbeplanning" *Finansies en Tegniek* (18 Junie 1993) 47

De Lange L "Moenie jou naastes laat ly nie" *Finansies en Tegniek* (3 November 1995) 78

Derksen 1980 MB

Derksen AG "Die risiko's verbonde aan boedelsamesmelting" 1980 *Moderne Besigheidsreg* 1 - 5

De Villiers 1981 MB

De Villiers SWL "The approach to estate planning" 1981 *Moderne Besigheidsreg* 41 - 51

De Villiers Finansies en Tegniek

De Villiers T "Beplan erfopvolging deeglik" *Finansies en Tegniek* (31 Mei 1991) 28

Divaris 1994 Taxgram

Divaris C "Vat and deceased estates" Junie 1994 *Taxgram* 6 - 7

Du Plessis 1991 Stell RT

Du Plessis F "Belasting op toegevoegde waarde - 'n oorsig" 1991 *Stellenbosch Regstydskrif* 151 - 179

Du Toit Finansies en Tegniek

Du Toit C "BTW: Wetgewer se bedoeling belangrik" *Finansies en Tegniek* (20 Oktober 1995) 29

Erasmus 1993 De Rebus

Erasmus D "VAT and deceased estates: an update" 1993 *De Rebus* 803 - 804

Friedland Finansies en Tegniek

Friedland R "Verkoop jy? Vermy BTW-landmyn" *Finansies en Tegniek* (29 Oktober 1999) 26

Genis 27 Junie 1999 Sake Rapport

Genis E "Eenmansaak of BK" *Sake Rapport, Bylae tot Rapport* (27 Junie 1999) 4

Genis 5 Julie 1998 Sake Rapport

Genis E "Erflaters moet let op slaggate by samesmelting van boedels" *Sake Rapport, Bylae tot Rapport* (5 Julie 1998) 4

Genis 15 Augustus 1999 Sake Rapport

Genis E "Vruggebruik het dié belastingimplikasies" *Sake Rapport, Bylae tot Rapport* (15 Augustus 1999) 4

Genis 31 Mei 1998 Sake Rapport

Genis E "Wees versigtig vir BTW by boedels" *Sake Rapport, Bylae tot Rapport* (31 Mei 1998) 4

Gous 30 Mei 1999 Sake Rapport

Gous F "Testament kan boer help BTW spaar" *Sake Rapport, Bylae tot Rapport* (30 Mei 1999) 6

Greenan Geld

Greenan H "Spring gou met jou testament" *Geld, Bylae tot Rapport* (23 Februarie 2003) 54

Holtzhausen 23 Augustus 1998 Sake Rapport

Holtzhausen F "Egpaar moet nou al besluit wie onderneming gaan erf" *Sake Rapport, Bylae tot Rapport* (23 Augustus 1998) 4

Holtzhausen 31 Januarie 1999 Sake Rapport

Holtzhausen F "Trusts en boedel se beplanning" *Sake Rapport, Bylae tot Rapport* (31 Januarie 1999) 4

Kourie Finansies en Tegniek

Kourie M "Só werk die BTW-toets" *Finansies en Tegniek* (10 Mei 1996) 29

Kruger Finansies en Tegniek

Kruger D "BTW bly ingewikkeld" *Finansies en Tegniek* (31 Oktober 1997) 26

Kruger D "Hou BTW-geld langer" *Finansies en Tegniek* (12 Desember 1997) 22

Laubscher 6 September 1999 *Sake Rapport*

Laubscher A "Dié kwessies belangrik as boedel beplan word" *Sake Rapport, Bylae tot Rapport* (6 September 1999) 5

Laurie *Finansies en Tegniek*

Laurie H "Moenie boedelbeplanning agterweë laat" *Finansies en Tegniek* (1 November 1991) 44

Laurie H "Hou aan kapitaal bou" *Finansies en Tegniek* (26 Januarie 1996) 55

Lester *Finansies en Tegniek*

Lester M "Misvattinge oor BTW" *Finansies en Tegniek* (5 Julie 1991) 20

Meyerowitz 1991 *Taxpayer*

Meyerowitz D "VAT: Fixed property, acquisitions and disposals" 1991 *The Taxpayer* 143 -148

Meyerowitz 1992 *Taxpayer*

Meyerowitz D "VAT considerations" 1992 *The Taxpayer* 168 -170

Meyerowitz 1995 *Taxpayer*

Meyerowitz D "VAT Practice Note 14: Going concerns" 1995 *The Taxpayer* 170 -177

Meyerowitz 1997 *Taxpayer*

Meyerowitz D "A partnership problem in respect of immovable property" 1997 *The Taxpayer* 38 -39

Meyerowitz 1998 Taxpayer

Meyerowitz D "Value-Added Tax " 1998 *The Taxpayer* 116 - 119

Meyerowitz 2001 Taxpayer

Meyerowitz D "Representative vendors" 2001 *The Taxpayer* 233 - 234

Naudé 17 Junie 2001 Sake Rapport

Naudé M "Die dood gee komplekse belastingspul af" *Sake Rapport, Bylae tot Rapport* (17 Junie 2001) 19

Pelser 11 April 1999 Sake Rapport

Pelser C "Boedelbeplanning moet aan vereistes voldoen" *Sake Rapport, Bylae tot Rapport* (11 April 1999) 4

Potgieter Geld

Potgieter G "Entrepreneur beskerm jou saak" *Geld, Bylae tot Rapport* (30 November 2003) 30 - 31

Roodt Ins Times and Inv

Roodt V "Value-Added Tax and small business" *Insurance Times and Investments* (Oktober/November 2003) 23

Rossouw 1998 De Rebus

Rossouw R "Not all property is 'second-hand goods'" Mei 1998 *De Rebus* 23

Rutherford Finansies en Tegniek

Rutherford C "Boedels vir vennote" *Finansies en Tegniek* (11 November 1994) 59

Silver 2002 *Acta Juridica*

Silver M "The direct and immediate purpose test for Value Added Tax"
2002 *Acta Juridica* 208 -219

Stein 1992 *B Law*

Stein M "How VAT works - I" 1992 *Businessman's Law* 131-134

Stein M "How VAT works - II" 1992 *Businessman's Law* 229 - 232

Stein 1996 *Tax Planning*

Stein M "Leaving the VAT fold" 1996 *Tax Planning* 30 - 32

Van der Westhuisen 20 September 1998 *Sake Rapport*

Van der Westhuisen W "Trust as 'n sakevorm bied goeie beskerming"
Sake Rapport, Bylae tot Rapport (20 September 1998) 4

Van Gijsen 29 Oktober 2000 *Sake Rapport*

Van Gijsen "Boere moet vroeg beplan vir oudag" *Sake Rapport, Bylae tot Rapport* (29 Oktober 2000) 20

Van Gijsen 18 Maart 2001 *Sake Rapport*

Van Gijsen N "15 goeie redes vir lewenspolis" *Sake Rapport, Bylae tot Rapport* (18 Maart 2001) 21

Van Gijsen 29 April 2001 *Sake Rapport*

Van Gijsen N "Huweliksoort bepaal geldsake ná jy skei" *Sake Rapport, Bylae tot Rapport* (29 April 2001) 19

Van Gijsen 24 November 2002 *Sake Rapport*

Van Gijsen N "Is eie naam of BK beter vir sake?" *Geld Rapport, Bylae tot Rapport* (24 November 2002) 7

Van Gijsen 15 Julie 2001 *Sake Rapport*

Van Gijsen N "'n Boer móét 'n plan maak, 'n belastingplan" *Sake Rapport, Bylae tot Rapport* (15 Julie 2001) 23

Van Wyk *Finansies en Tegniek*

Van Wyk B "Gee erfgeld liever self uit" *Finansies en Tegniek* (18 Augustus 1995) 24

Viljoen *Geld*

Viljoen G "Is vruggebruik die oplossing?" *Geld, Bylae tot Rapport* (31 Augustus 2003) 35

Volschenk *Finansies en Tegniek*

Volschenk C "Agt weke oor tot BTW-dag" *Finansies en Tegniek* (2 Augustus 1991) 47

SAKEREGISTER

Commissioner for Inland Revenue v Estate Crewe 1943 AD 656

Die Trustees van die Santinia Trust v Beukes en 'n Ander 65 SATC 177

Estate Smith v Estate Follet 1942 AD 364

ITC 1622 59 SATC 334

Metcash Trading Ltd v Commissioner, South African Revenue Service 2001 (1) SA 1109 (KH)

Milner Street Properties (Pty) Ltd v Eckstein Properties (Pty) Ltd 64 SATC 60

Singh v Commissioner, South African Revenue Service 2002 (3) SA 94 (D)

WETGEWING

Boedelwet 66 van 1965

Inkomstebelastingwet 52 van 1962

*Suid-Afrikaanse Inkomstediens SARS BTW-Praktyknota 14 20 Januarie
1995*

Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde 89 van 1991

Wet op Hereregte 40 van 1949